

Nasionaal, transnasionaal of globaal?  
Identiteitsproblematiek in S.J. Naudé se *Die derde spoel*

HJJ Kok



[orcid.org/0000-0001-9669-119X](https://orcid.org/0000-0001-9669-119X)

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad Magister Artium in Afrikaans en Nederlands aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof MP Human

Medestudieleier: Dr JL Linde

Gradeplegtigheid: Augustus 2023

Studentenommer: 24093246

“Ek sweer dit af, daardie Republiek van Stof.”

- *Die derde spoel* (S.J. Naudé, 2017:48)

## BEDANKINGS

Die Here vir die geleentheid en krag om te kon studeer.

Prof. Thys Human, my studieleier, vir sy leiding, insig en die geduld wat hy gehad het. Dankie vir die mooi manier waarop Prof my gerusgestel het as ek paniekerig wou raak.

My ma en pa. My ma dat sy my aangemoedig het om te lees toe ek 'n kind was. My pa, wat in 2009 oorlede is, dat hy my geleer het om nooit tou op te gooi nie.

My susters, Johannie en Nelet, vir hul belangstelling in my studie. Johannie, dat jy die Engelse vertaling van die opsomming geproeflees het. Nelet, vir al jou baie hulp met verskeie tegniese aspekte.

My vriende en kollegas – veral Abraham, Daniel en Hardus – vir hul belangstelling in my studie.

My werkgever, Media24, vir 'n studiebeurs.

Die navorsingseenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks in die Skool vir Tale op die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus vir finansiële ondersteuning.

## OPSOMMING

In S.J. Naudé se debuutroman, *Die derde spoel*, word daar belangrike vrae gevra oor identiteit en wat dit beteken om te behoort. Die rol van nasiestate en die invloed daarvan kom pertinent aan bod. Die roman vertel die verhaal van die Etienne Nieuwenhuis wat Suid-Afrika verlaat om hom elders in die wêreld – hoewel nie permanent nie – te vestig. Hy kan as ontnuger beskryf word, siende dat hy nie geneë is met die patriagale stelsel in sy geboorteland nie. Hy beskou onder andere sy pa as verteenwoordigend van die stelsel – en dit wat daar van jong Afrikanermans soos hyself in Suid-Afrika verwag word.

In hierdie magisterstudie word daar ondersoek ingestel in welke mate die karakter Etienne daarin slaag om afstand te doen van sy Suid-Afrikanerskap en of dit inderdaad moontlik is om dit te doen. In die gebeure in die roman is dit duidelik dat hy homself nie as 'n Suid-Afrikaner beskou nie. Om die waarheid te sê wanneer hy gevra word vanwaar hy afkomstig is, sê hy by geleentheid dat hy van Finland is. Daar word ook ondersoek ingestel of Etienne 'n ander nasionaliteit in die plek van sy Suid-Afrikanerskap aanneem. Daar word gekyk na die invloed van Etienne se verlede – en invloed van mense met wie hy te doen kry – op sy identiteit. Verder word daar aangetoon dat Etienne se Suid-Afrikaanse wortels so diep is en so 'n groot invloed op sy identiteit het, dat hy nie daarvan slaag om as't ware afstand te doen van sy Suid-Afrikanerskap nie.

Dan word daar gekyk na hoe die tipe identiteit lyk wat Etienne het wanneer hy oorsee woon. Dit kan as 'n transnasionale identiteit beskou word – 'n identiteit wat nie beperk word en aan bande gelê word deur 'n persoon se herkoms of land van geboorte nie. Wanneer Etienne se ma sterf – nadat sy pa tevore oorlede is – maak Etienne dit duidelik dat hy nie weer na Suid-Afrika sal terugkeer nie. Daar word in hierdie studie aangetoon dat Etienne se ouers as 'n band tussen hom en sy geboorteland beskou kan word. Hoewel Etienne waarskynlik nie weer sy voete in Suid-Afrika sal sit nie, is dit nie vir hom moontlik om heeltemal afstand te doen van sy Suid-Afrikaanse identiteit nie. Dit hoewel die identiteit wat Etienne oorsee het, verskil van die een wat hy in Suid-Afrika gehad het.

**Sleutelwoorde:** identiteit, individuele en kollektiewe identiteit, nasionale identiteit, burgerskap, migrasie, immigrasie, emigrasie, queer migrasie, transnasionisme

## ABSTRACT

In S.J. Naudé's debut novel, *The Third Reel* (in Afrikaans published as *Die derde spoel*), important questions are asked about identity and what it means to belong. The role of nation states and the influence of that these are pertinently highlighted. This novel tells the story of Etienne Nieuwenhuis who left South Africa to live elsewhere – although not permanent – in the world. He can be seen as disappointed since he is not satisfied with the patriarchal system in his country of birth. He sees his father, among other, as representative of the system – and what is expected from young Afrikaner men like himself in South Africa.

In this master's study I investigate if it is possible for the character Etienne to distance himself from his South African citizenship, and if it is at all possible for him to do that. In the novel it is evident that he does not regard himself as a South African. When for instance he is asked where he is from, he indicates that he is from Finland. There is also an investigation into whether Etienne would replace his nationality with that of another country. This study also looked at the influence of Etienne's past on his identity, and the influence of those whom he gets into contact with, on his identity. Furthermore, it investigates and shows that Etienne's South African roots are so deep and have such a huge and profound influence on his identity, that it is not possible for him to distance himself from his South African identity.

The type of identity that Etienne is having when he is living overseas also gets under the spotlight in this study. That identity can be seen as a transnational identity – an identity that is not limited by origin and where a person is born. Etienne makes it clear when his mom died – after his dad had already died – that he will not return to South Africa. In this study it is evident that Etienne's parents could be seen as a bridge between him and his country of birth. However, despite the fact that Etienne might never return to South Africa, it is not possible for him to completely distance himself from his South African identity. This although the identity that Etienne is having when he is living overseas, is not the same as that which he had in South Africa.

**Key words:** identity, individual and collective identity, national identity, citizenship, migration, emigration, immigration, queer migration, transnationalism

# INHOUDSOPGAWE

<b>HOOFSTUK 1</b>	<b>1</b>
1.1. Inleiding	1
1.2. Probleemstelling en navorsingsvrae	5
1.3. Navorsingsdoelstellings	6
1.4. Navorsingsmetodologie	7
1.5. Basiese vertrekpunte	7
1.6. Vooruitskouing	9
<b>HOOFSTUK 2</b>	<b>11</b>
<b>TEORETIESE BEGRONDING</b>	
2.1. Inleiding	11
2.2. Identiteit	11
2.2.1. Individuele en kollektiewe (sosiale) identiteit	12
2.2.2. Situasionele identiteit	14
2.2.3. Nasionale identiteit	15
2.2.3.1. Nasieskap en nasiebou	17
2.2.3.2. Burgerskap	18
2.3. Identiteit en ruimtelike verplasing	20
2.3.1. Migrasie	21
2.3.1.1. Emigrasie	22
2.3.1.2. Immigrasie	22
2.3.1.3. Queer migrasie	24
2.3.2. Transnasionalisme	27
2.4. Samevatting	32

<b>HOOFSTUK 3</b>	34
<b>S.J. NAUDÉ SE PROSA-OEUVRE</b>	
3.1. Inleiding	34
3.2. S.J. (Fanie) Naudé	34
3.3. Alfabet van die voëls (2011)	36
3.4. Die derde spoel (2017)	39
3.4.1. Verhaalopsomming	39
3.4.2. Resepsie	41
3.5. Dol heuning (2021)	42
3.6. Vooruitskouing	43
<b>HOOFSTUK 4</b>	44
<b>DIE DERDE SPOEL</b>	
4.1. Inleiding	44
4.2. Etienne as asielsoeker	44
4.2.1. Die redes waarom Etienne Suid-Afrika verlaat	45
4.2.2. Die wyse waarop Etienne sy identiteit aanvanklik in Londen uitleef	49
4.2.2.1. Frank	51
4.2.2.2. Aodhan	52
4.2.2.3. Axel	52
4.3. Etienne se speurtog(te)	58
4.4. Suid-Afrika deur die splete	65
4.5. Onbreekbare verbintenisse	72
4.6. Samevatting	74
<b>HOOFSTUK 5</b>	76
<b>SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS</b>	76
<b>VERWYSINGSLYS</b>	83

# HOOFSTUK 1

## 1.1. Inleiding

S.J. (Fanie) Naudé se debuutroman, *Die derde spoel*, wat in 2017 deur Umuzi uitgegee en in 2019 deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met die Hertzogprys vir Prosa bekroon is, word deur die volgende paragraaf ingelei:

Toe Etienne wakker word, is 'n wêreldkaart op hom afgedruk. Dan beweeg en verbrokkel die kontinente: die skaduwees, blyk dit, van spinnerakke wat in die oggendson roer. Bokant hom lei 'n leer na 'n platform en groot bronsklokke wat tussen balke hang. Langs hom lê 'n bonkige lyf, hare oor die kussing verstrooi. Die laken is afgeskop, een knie opgetrek. Frank die Nieu-Seelander. Vyf-en-twintig, drie jaar ouer as hyself. (Naudé: 2017:11)

Nie alleen word die leser in dié paragraaf bekendgestel aan die twee-en-twintigjarige hoofkarakter (Etienne Nieuwenhuis) en sy vyf-en-twintigjarige bedmaat nie, maar ook aan talle ander aspekte wat 'n deurslaggewende rol in die res van die roman speel. Etienne se “wakker word” moet nie net letterlik nie, maar ook metafories verstaan word as 'n tipe ontwaking as gevolg van 'n nuwe ruimte, 'n nuwe lewenstyl en nuwe (liggaamlike) ervarings. Frank se nasionaliteit word doelbewus gespesifiseer, hoewel die beskrywing “die Nieu-Seelander” impliseer dat hulle hulself gewis nie op daardie oomblik in Nieu-Seeland bevind nie. Op grond van verwysings na die “platform” bokant die bed en “groot bronsklokke wat tussen balke hang” vermoed 'n mens dat die ruimte die kloktoring van 'n kerk of katedraal kan wees; heel waarskynlik iewers in Europa.

Ten spyte van die relatiewe immobiliteit van die twee mans – die hoofkarakter het pas wakker geword en staar na die ruimte bokant hom; Frank is nog aan die slaap met sy lang hare oor die kussing, die laken afgeskop en sy een knie opgetrek – is daar allerlei suggesties van beweging in dié paragraaf. Dit blyk veral uit die gebruik van werkwoorde soos “beweeg”, “verbrokkel” en “roer”, maar ook uit die implisiete “bewegings” wat deur dié toneel geïmpliseer word, naamlik die oorsteek van kontinent-, lands-, ervarings- en selfs liggaamsgrense.

Deur middel van die gebruik van “wêreldkaart” en “Nieu-Seelander” word die nasionale teenoor die internasionale en die globale opgestel. Die beeld wat die roerende

spinnerakke veroorsaak, naamlik 'n afdruk van 'n wêreldkaart op die hoofkarakter se gesig, is tegelyk profeties én misleidend. In die eerste plek wil die hoofkarakter, Etienne, 'n gebore Suid-Afrikaner soos dit later blyk, graag 'n wêreldreisiger wees wat nasionale grense na willekeur oorsteek. Hy wil dus – metafories gesproke – deur 'n identiteit van wêreldburgerskap gemerk word. En dit is inderdaad ook iets wat oënskynlik gebeur wanneer hy in die res van roman van land tot land, en van kontinent tot kontinent, reis. In die tweede plek blyk die wêreldkaart egter net skadu's te wees wat deur 'n ligte roering in die lug “in beweging” gebring word en uiteindelik heeltemal “verbrokkel”. Moontlik is dit 'n suggestie dat nosies van nasionaliteit, globaliteit en selfs transnasionaaliteit altyd vloeiend is en aan die beweeg bly, met grense wat eerder voorlopig en tydelik as permanent en durend is.

In sy resensie-artikel oor die roman, maak Barnard-Naudé (2017) die volgende opmerkings oor die hoofkarakter van die roman:

Etienne (...) is 'n 22-jarige gay Pretorianer wat in April 1986 wakker word in die bed van 'n vreemdeling in Londen. Gou blyk dit dat Etienne uit Suid-Afrika gevlug het met die hulp van die Committee on South African War Resistance (COSAWR). (...) Etienne se verzet is veel meer as blote dienspligontduiking weens gewetensbeswaar. Dit is 'n opstand teen die patriargie, teen gesag as sodanig – en teen sy eie fascistiese vader in die besonder. (...) Wanneer Etienne na Londen vlug (...), vlug hy dus nie net van 'n verlede of 'n geskiedenis nie, maar inderdaad van die 'volwassene'-toekoms wat in Suid-Afrika vir hom beplan is.

In dié aanhaling stel Barnard-Naudé (2017) sekere “oorkoopelende temas” ten opsigte van die roman aan bod, naamlik vervreemding, migrasie en identiteit. Smith (2018:202) verwys pertinent na Etienne se (soms openlike) verzet teen 'n “verdrukkende patriargale bestel waarvan sy politikus-pa die versinnebeelding is”.

Vanuit die staanspoor wil dit voorkom asof Etienne ongeneë daarmee is om sy identiteit as Afrikaanssprekende, wit Suid-Afrikaner openlik uit te leef. Hy wend allerlei pogings aan om sy nasionaliteit te verdoesel, sy Afrikaanse aksent weg te steek en gemaklik in te pas by die kosmopolitiese gemeenskap waarin hy homself oorsee bevind. In plaas daarvan om sy identiteit op een of ander wyse aan 'n nasiestaat te verbind, lyk dit eerder asof Etienne vir hom 'n identiteit anderkant nasionale grense (dus heel letterlik

transnasionaal<sup>1</sup>) probeer konstrueer<sup>2</sup>, ten spyte van Rosenau (2004:49) se bewering dat min mense hulself as “burgers van die wêreld” sien, maar veel eerder identifiseer met ’n bepaalde geografiese plek: ’n land, ’n stad of ’n gemeenskap. Etienne se van, Nieuwenhuis, kan metafories geïnterpreteer word as ’n versugting by dié karakter om vir hom ’n nuwe tuiste (letterlik en figuurlik ’n “nuwe huis”) buite die grense van Suid-Afrika te vind.

In die lig hiervan is dit veelseggend dat Etienne hom nie permanent in Londen vestig nie. Ofskoon hy hom hier as gay subjek op maniere kan uitleef wat straks ondenkbaar sou wees in sy geboortestad, Pretoria, is die Londen van die tagtigerjare alles behalwe ’n teenpool van die konserwatiewe Pretoria van sy jeug. Dit is immers gedurende die bewindstydperk van Margaret Thatcher as Britse Eerste Minister (1979-1990). Dieselfde geld tot ’n sekere mate ook vir Oos-Duitsland waar Etienne hom later vestig in ’n poging om die drie spoele van die film *Berliner Chronik*, maar uiteindelik ook sy enigmaties-ontwykende minnaar, Axel, te vind.

As karakter is Etienne ’n fiktiewe voorloper én verteenwoordiger van Afrikaanssprekendes wat hulle veral vanaf die negentigerjare van die vorige eeu in groot getalle in die buiteland gaan vestig het. Tog beklee hy ook ’n unieke, liminale posisie. Aan die een kant wil dit voorkom asof hy die Suid-Afrika van die tagtigerjare as ’n politieke uitgewekene verlaat (hoofsaaklik om diensplig te ontduik), hoewel hy nie aktief by enige versetbeweging in die buiteland aansluit óf beplan om ná die politieke oorgang na Suid-Afrika terug te keer nie. Aan die ander kant arriveer hy nie in ’n ander tuisland met die uitsluitlike doel om te assimileer nie. As queer migrant beleef hy eerder, wat Manalansan (2003:13) noem, “continued though transformed engagement” met die nasiestaat en magsregimes wat tot op daardie punt reeds ’n bepalende rol in sy lewe gespeel het. Die tradisionele model waarvolgens queer migrasie beskou word as die noodwendige

---

<sup>1</sup> *Transnasionalsisme* verwys gewoonlik na die wyduiteenlopende, voortgesette bande en verhoudings wat migrante in stand hou tussen hul samelewing van oorsprong en die samelewing waarin hulle hul vestig (Basch *et al.*, 1994:6). Die begrip is gepopulariseer deur drie Amerikaanse antropoloë – Nina Glick-Schiller, Linda Basch en Christina Szanton-Blanc – in ’n artikel met die titel “Transnationalism” A New Analytical Framework for Understanding Migration”, (Glick-Schiller *et al.*, 1992), wat in hul 1994-boek getiteld *Nations Unbound* opgeneem is.

<sup>2</sup> In hierdie opsig verskil Etienne byvoorbeeld lynreg van ’n karakter soos Tertius de Klerk in Maya Fowler se *Patagonië* (2018) wat van Suid-Afrika na Argentinië uitwyk, maar steeds sy Afrikanerskap – en dus sy band met Afrikaans – doelbewus probeer instandhou.

beweging vanaf “onderdrukking” na “bevryding” word dus in Etienne se geval bevraagteken en geïmagineer.

Van dié ironie is Naudé self deeglik bewus, soos blyk uit die volgende opmerking wat hy tydens ’n onderhoud (2017) maak:

Etienne bevind hom *tussen* verskeie onderdrukkende politieke bestelle. Hy het apartheid-era-Suid-Afrika verlaat en bevind hom, soos genoem, aanvanklik in Thatcher se konserwatiewe Brittanje en dan in Oos-Duitsland (...) [in] die tyd van die Koue Oorlog en plofbare geopolitiek (eie kursivering – MK).

In *Die derde spoel* word daar aan die hand van die ervarings van veral die hoofkarakter, Etienne, besin oor wat dit behels om ’n identiteit *anderkant* nasionale grense te probeer konstrueer en in stand te hou. Terselfdertyd is daar by Etienne telkens twyfel oor die moontlikheid van ’n algeheel onverbonde identiteit; ’n identiteit wat heeltemal los van nasionale identiteit staan. Daar is by hom eerder ’n voortdurende spanning tussen gedagtes oor ’n identiteit ingeperk deur nasionale (of lands-)grense en ’n identiteit wat oor of verder as hierdie grense strek. Of anders gestel, ’n transnasionale identiteit.

In sy boek *A Transnational Poetics* (2009) omskryf Ramazani ’n transnasionale identiteit as ’n identiteit wat nasionale grense op die een of ander wyse oorskry en oorskry, en dus duidelik onderskei kan word van ’n nasionale identiteit wat deur die grense van nasionaliteite bepaal word:

My use of ‘transnational’ is meant to highlight flows and affiliations not among static national entities, as is sometimes suggested by ‘international’, but across the border of nation-states, regions, and cultures. (Ramazani, 2009:181)

Volgens Ramazani kan die konstruksie van so ’n transnasionale identiteit ’n rol speel in die vestiging van ’n nuwe soort grensoorskrydende burgerskap (en identiteit), waarin vrae ten opsigte van integrasie, assimilasie en akkulturasie in die vestiging-samelewing met voortgesette bande en (moontlike) interaksies met die samelewing van oorsprong gekombineer word. ’n Tipe identiteit wat duidelike verbande toon met wat Braidotti reeds in 1994 ’n “nomadiese subjektiwiteit” en Ramazani (2009) ’n “burgerskap/identiteit van die tussenruimte” genoem het.

Met inagneming van Ramazani se standpunte, stel Louise Viljoen (2017) drie vrae ten opsigte van die Afrikaanse letterkunde in haar artikel getiteld "'n Postkoloniale Umweltkas': die vraag na 'n transnasionale poëtika in Afrikaans aan die hand van Marlene van Niekerk se *Kaar*":

- (i) Is daar by Afrikaanse skrywers – en diegene wat hulle werk bestudeer – sprake van 'n skrywerspoëtika waarin nasionale grense oorskry word ten gunste van die opgaan in 'n transnasionale domein?
- (ii) Is daar dalk die versweë suggestie dat die nasionale 'n mate van engheid en inperking verteenwoordig terwyl die transnasionale in hulle werk op groter verbeeldingrykheid en verruiming dui?
- (iii) Is Afrikaanse skrywers, en die karakters in hulle romans, burgers van 'n transnasionale, selfs postnasionale verbeeldingswêreld?

Wat die werk van S.J. Naudé betref, blyk dit duidelik dat karakters nasionale grense oorskry en in 'n transnasionale domein opgaan, maar óók (veral in die geval van die verhale in sy bundel *Alfabet van die voëls*) weer na die oorspronklike nasiestaat terugkeer om hulle lewe daar voort te sit. Tweedens wil dit voorkom dat hoewel die nasionale inderdaad 'n mate van engheid en inperking verteenwoordig (soos duidelik uit Etienne se ervarings afgelei kan word), die transnasionale nie noodwendig (of uitsluitlik) op groter verbeeldingrykheid en verruiming dui nie, maar juis ook bepaalde uitdagings belig. Laastens demonstreer Naudé se werk dat burgerskap van 'n transnasionale (selfs *postnasionale*) verbeeldingswêreld nie naastenby so eenvoudig is soos wat die formulering van Viljoen se derde vraag suggereer nie.

## 1.2. Probleemstelling en navorsingsvrae

In die lig van bogenoemde opmerkings word daar in hierdie verhandeling ondersoek ingestel na die unieke aard van, en die uitdagings verbonde aan, die hoofkarakter, Etienne Nieuwenhuis, se identiteitsbelewenis as kosmopolitiese<sup>3</sup> subjek. Volgens

---

<sup>3</sup> In 'n artikel "Perspektiewe op die kosmopolitisme en transnasionale in S.J. Naudé se *Alfabet van die voëls*" beskryf Louise Viljoen (2014) die hoofkarakter in "'n Meester uit Duitsland" as 'n kosmopolitiese subjek, aangesien hy hom verbonde voel aan 'n gemeenskap *anderkant* eerder as *tussen* nasiestate. Omrede daar opvallende ooreenkomste tussen die hoofkarakter in "'n Meester uit Duitsland" en *Die derde spoel* aangedui kan word, sou 'n mens waarskynlik ook na Etienne as "kosmopolitiese subjek" kon verwys.

Spencer (2011:4) is kosmopolitiese subjektiwiteit (i) 'n ingesteldheid wat gepaardgaan met 'n besondere sensitiwiteit vir dit wat buite jou onmiddellike milieu lê en 'n verhoogde sin van morele en politieke verantwoordelikheid ten opsigte van individue of groepe buite jou plaaslike of nasionale gemeenskap, maar ook (ii) 'n sisteem van transnasionale verhoudings omdat dit – anders as die begrip “internasionaal” – 'n vorm van gemeenskap *anderkant* eerder as *tussen* nasiestate in die vooruitsig stel.

Meer spesifiek word daar in dié studie gefokus op hoe die hoofkarakter, Etienne, se identiteitsbelewenis in Europa verskil van die Afrikaneridentiteit waarop hy sy rug oënskynlik doelgerig keer, deur antwoorde op die volgende vrae te oorweeg: Neem Etienne werklik 'n nuwe identiteit aan? Doen hy inderdaad heeltemal afstand van sy Suid-Afrikaanse en Afrikaneridentiteit (nasionale en kulturele identiteit)? Staan die nuwe identiteit(e) wat hy konstrueer los van sy verlede? Is dit, dus, in alle opsigte onverbonde en grensoorskrydend?

Met bogenoemde oorwegings in ag genome, word dié studie deur die volgende navorsingsvrae onderlê:

1. Hoe konstrueer en bemiddel 'n karakter soos Etienne sy uiteenlopende (vloeibare) identiteite in die roman?
2. Is dit vir hom as karakter moontlik om verskillende landsgrense (soos dié tussen Suid-Afrika, Engeland, Oos-Duitsland en selfs Argentinië) oor te steek sonder om hom aan enige (enkele) nasionale identiteit te verbind?
3. Indien wel, hoe lyk so 'n identiteit *anderkant*, eerder as *tussen*, nasiestate in Etienne se geval?
4. Watter uitdagings en eise stel 'n transnasionale identiteit aan Etienne?
5. Slaag Etienne oplaas wel daarin om sy Suid-Afrikaanse identiteit heeltemal van hom af te werp? Waarom (nie)?

### **1.3. Navorsingsdoelstellings**

Hierdie studie word onderneem met die volgende navorsingsdoelstellings voor oog:

1. 'n Ondersoek na die wyse waarop die romanhoofkarakter, Etienne, as kosmopolitiese subjek uiteenlopende identiteite konstrueer en bemiddel.

2. 'n Kritiese refleksie oor die moontlikheid (al dan nie) vir Etienne as karakter om verskillende landsgrense oor te steek sonder om hom aan enige (enkele) nasionale identiteit te verbind.
3. 'n Besinning oor die aard en gevolge van 'n identiteit *anderkant*, eerder as *tussen*, bepaalde nasiestate.
4. 'n Bespreking van die uitdagings en eise wat 'n *transnasionale* identiteit aan 'n karakter soos Etienne stel.
5. 'n Kritiese besinning oor die mate waartoe Etienne oplaas daarin slaag om sy Suid-Afrikaanse en Afrikaneridentiteit af te lê ten behoeve van 'n identiteit onverbonde aan 'n bepaalde nasiestaat.

#### **1.4. Navorsingsmetodologie**

Ten einde bogenoemde navorsingsvrae te beantwoord en die navorsingsdoelstellings te verwesenlik, word 'n kwalitatiewe studie onderneem. Ná omskrywing van – en gefokusde besinning oor – die belangrikste teoretiese begrippe wat hierdie verhandeling ten grondslag lê, soos *identiteit(skonstruksie)*, *identiteitsbelewenis*, *globalisme*, *kosmopolitisme*, *nasionalisme*, *transnasionalisme* en *(queer) migrasie*, volg 'n kort resepsiestudie van die roman en 'n aanduiding van die wyse waarop *Die derde spoel* op tematiese vlak by Naudé se debuutbundel, *Alfabet van die voëls* (2011), en die daaropvolgende kortverhaalbundel, *Dol heuning* (2021), aansluit.

Daarna word die wyses waarop die karakter Etienne Nieuwenhuis se identiteitskonstruksie en -belewenis as kosmopolitiese subjek uitgebeeld word aan die hand van toepaslike voorbeelde uit die roman *Die derde spoel* ondersoek. Daar word spesifiek gefokus op die spanning wat Etienne ervaar ten opsigte van sy begeerte om as transnasionale subjek die bande van 'n nasionale identiteit af te skud, enersyds, en sy onvermoë om 'n transnasionale identiteit aan te neem wat nie op die een of ander wyse deur sy nasionale identiteit gekleur word nie, andersyds.

#### **1.5. Basiese vertrekpunte**

Dié studie oor Etienne Nieuwenhuis se transnasionale identiteitskonstruksie en -belewenis word onderlê deur die aanname dat *identiteit* nie 'n vaste (essensiële) gegewe is wat bloot uitdrukking in taal vind nie, maar eerder 'n “produk-in-proses” van 'n talige

diskoers wat telkens herkonstrueer kan (en behoort te) word. Identiteit is dus vloeibaar en kan van konteks tot konteks verskil. In hierdie verband beweer Ewing (2004:121): “People can be observed to project multiple, inconsistent self-representations that are context-dependent and may shift rapidly.” Hierdie self-representasies omskryf hy as “reifications of experience, reflexive efforts to articulate and objectify the fluidity of subjective experience.” (*ibid.*)

Dit is juis die invloed wat geografiese verplasing (in die vorm van byvoorbeeld migrasie) op ’n karakter se konstruksie en -belewenis van “multiple, cross-cutting identities” (Ewing, *ibid.*) het, wat in dié studie onder die soeklig geplaas word.

Hall (2001:26) se opvatting dat ’n besinning oor identiteit altyd ’n besinning oor narratiewe representasie is, word as vertrekpunt aanvaar. Of soos hy dit self stel:

“They (questions about identity) are always exercises in selective memory and they almost always involve silencing of something in order to allow something else to speak (...) Identity is always a question of producing in the future an account of the past. That is to say it is always about narrative.”

Wat die implikasies hiervan is, sit hy soos volg uiteen:

Practices of representation always implicate the positions from which we speak or write the positions of enunciation. What recent theories of enunciation suggest is that, though we speak, so to say ‘in our own name,’ of ourselves and from our own experience, nevertheless who speaks, and the subject who is spoken of, are never identical, never exactly in the same place. Perhaps instead of thinking of identity as an already accomplished fact, which the new cultural practices then represent, we should think, instead, of identity as a ‘production’ which is never complete, always in process, and always constituted within, not outside, representation. (Hall, 2003:234)

Hall se uitgangspunte word onderstreep deur Braziel en Mannur (2003:3) en Nnaemeka (2007) wat daarop wys dat identiteit, plek, geheue (herinneringe) en geskiedenis onlosmaaklik met mekaar verbind is.

Voorts word daar in dié studie doelbewus in gesprek getree met die volgende uitgangspunte wat Levitt, DeWind en Vertovec (2003:565-575) in die *International Migration Review* ten opsigte van transnasionale migrasie huldig:

- Transnasionale migrante beleef veelvlakkige sosiale verbintenisse wat in ag geneem behoort te word wanneer afleidings oor hul ervarings en belewenisse gemaak word.
- Die tradisionele aanname dat transnasionale migrasie noodwendig 'n bevrydende invloed op migrante het, behoort herondersoek te word.
- Die rol wat aspekte soos gender en seksualiteit ten opsigte van ruimtelike verplasing (in die algemeen) en transnasionale migrasie in die besonder speel, behoort meer kritiese aandag te ontvang (vergelyk in hierdie verband ook Binnie, 2004 en Gorman-Murray, 2007; 2009).
- Nie alle migrante is tot dieselfde mate betrokke by transnasionalistiese praktyke nie.
- Transnasionale migrasie stel uitdagings aan die woordeskat (en terminologie) waarmee die verskynsel ondersoek en bespreek word.
- Die objektiewe én subjektiewe dimensies van transnasionale migrasie benodig meer ondersoek.

## 1.6. Vooruitskouing

In die volgende hoofstuk word die toepaslikheid van bestaande teoretiese vertrekpunte ten opsigte van identiteitskonstruksie en -belewenis krities ondersoek. In die lig van die navorsingsvrae en -doelstellings wat hierbo verwoord is, word spesifieke aandag gegee aan aspekte soos individuele en kollektiewe identiteit, nasionale identiteit, burgerskap, migrasie (emigrasie, immigrasie en sogenaamde “queer migrasie”), globalisering en transnasiona­lisme.

In die derde hoofstuk word daar oorsigtelik na die skryfwerk van S.J. Naudé, en meer spesifiek die resepsie van sy eerste drie prosawerke – *Alfabet van die voëls*, *Die derde spoel* en *Dol heuning* – verwys. Die skakels en/of ooreenkomste wat dié tekste ten opsigte van identiteitsbelewenis en -konstruksie vertoon, word doelbewus onder die vergrootglas geplaas.

Ná die kort verhaalopsomming in hoofstuk 3 word daar in hoofstuk 4 uitgebreid besin oor Etienne se identiteitsbelewenis as kosmopolitiese subjek, en meer spesifiek oor die spanning wat hy ervaar tussen sy begeerte om sy nasionale identiteit (as Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner) soos stof van sy skoene te skud en sy groeiende onsekerheid oor die moontlikheid van 'n identiteitsbelewenis wat glad nie deur

nasionaliteit, nasieskap, die nasiestaat en/of landsgrense beïnvloed word nie. Aandag word ook gegee aan die identiteitsproblematiek wat Etienne vanweë sy innerlike stryd (veral as sogenaamde gay migrant) beleef.

In die vyfde hoofstuk word die belangrikste afleidings en gevolgtrekkings ten opsigte van die studie uiteengesit. Daar word pertinent besin oor die mate waartoe die geformuleerde navorsingsvrae hierbo in die ontleding en bespreking van die roman beantwoord is.

Die studie word afgesluit met 'n opgawe van die bronne waarna daar in die studie verwys is.

## HOOFSTUK 2

### TEORETIESE BEGRONDING

#### 2.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word die belangrikste teoretiese konsepte wat in die daaropvolgende hoofstuk met Etienne se identiteitskonstruksie en -belewenis in verband gebring word, onder die vergrootglas geplaas. Die bedoeling is nie om 'n volledige (teoretiese) oorsig oor al dié konsepte te gee nie, maar eerder klem te lê op daardie aspekte wat sinvol lig kan werp op Etienne se identiteitsproblematiek in *Die derde spoel*, wat immers die fokus van dié verhandeling vorm.

#### 2.2. Identiteit

Fokkema en Steenmeijer (2003) beweer dat die konsep *identiteit* vanweë verskynsels soos toenemende migrasie en globalisering op losse skroewe staan, en dat die konsep al hoe meer verwys na kategorieë van *burgerskap* en *behoort* wat nie deur die grondgebied van 'n enkele nasiestaat begrens word nie. Volgens hulle is dit belangrik dat identiteit in die hedendaagse literatuur op nuwe maniere gekonseptualiseer word, juis omdat daar al hoe minder sprake van 'n vaste verankering in nasie, geloof, kultuur of taal is. Wat die Suid-Afrikaanse konteks betref, meen Viljoen (2009:100) dat die veranderende maatskaplike omstandighede soos dié van postapartheid Suid-Afrika en die druk van globalisering, mense in 'n sekere sin dwing om hulle persoonlike en groepsidentiteit voortdurend te heronderhandel. Tydens hierdie heronderhandeling van identiteit, speel (nuwe beskouings ten opsigte van) *plek* volgens Fokkema en Steenmeijer steeds 'n deurslaggewende rol:

Locatie is echter wel belangrijk voor de betekenis van identiteit, niet zozeer in de vorm van geboortegrond of vaste verblijfplaats, als wel in die van oversteekplaats, een grensgebied waarin identiteit altijd in beweging is en (even) betekenis krijgt tussen het "eigene" en "de ander" of "het andere" (Fokkema en Steenmeijer, 2003:19)

Met die oog op 'n nuwe konseptualisering van identiteit is dit dus van wesenlike belang om aspekte soos vloeibaarheid, meervlakkigheid en grensoorskreiding in ag te neem.

### **2.2.1. Individuele en kollektiewe (sosiale) identiteit**

Hoewel die begrippe “identiteit” en “subjektiwiteit” dikwels as sinonieme gebruik word, tref Visagie (2004:11) in sy proefskrif “Manlike subjektiwiteit in die Afrikaanse prosa vanaf 1980 tot 2000”, in navolging van Barker (2000), 'n onderskeid tussen die twee begrippe en motiveer hy sy voorkeur vir die begrip “subjektiwiteit” soos volg: “Die subjek word dus in hierdie studie (Visagie s'n) benader as die basisstruktuur wat die moontlikheid bied vir die verdere konstruksie van identiteite.”

Sodoende eggo hy Barker (2000:165) se beskouing dat “subjektiwiteit” verwys na die prosesse waardeur 'n persoon gekonstitueer word. Die “subjek” is vir hom 'n omvattende konsep wat aan minstens twee tipes prosesse uitdrukking gee, naamlik prosesse wat verband hou met die self binne 'n sosiale konteks én prosesse wat betrokke is by die persoonlike self. Dit is wanneer Barker tussen hierdie twee prosesse wil onderskei dat hy hom tot die konsep van “identiteit” wend. Barker gebruik die begrip “selfidentiteit” om te verwys na die voorstellings wat mense van hulself het, terwyl die verwagtinge en opinies van ander vir die mens se “sosiale identiteit” verantwoordelik is. Visagie (2004:11) wys daarop dat 'n ondersoek na subjektiwiteit sentreer om die vraag “Wat is 'n mens?” Hierteenoor word 'n ondersoek na identiteit deur 'n baie meer spesifieke vraag gerig, naamlik “Hoe sien ons onself en hoe kyk ander mense na ons?”.

In hierdie studie word daar van die veronderstelling uitgegaan dat identiteit 'n konstruksie, eerder as iets onbuigsaam, selfgenoegsaam of permanent, is. De Fina (2011:264) het gelyk wanneer sy beweer dat identiteit nie iets is wat jy “het” nie, maar eerder iets wat jy “doen” of “opvoer” tydens jou interaksie met die wêreld en mense rondom jou. Identiteit is dus iets wat voortdurend verander, gekonstrueer en gerekonstrueer kan word in verhouding “to the ways in which we are represented or addressed in the cultural systems that surround us” (Hall & Du Gay, 1996). Binne die eietydse konteks is daar 'n veelvuldigheid van subjekposisies en moontlike identiteite wat aan 'n individu toegeskryf (of deur die individu toegeëien) kan word en wat na gelang van sy/haar situering en ervaring kan verander.

Ofskoon navorsers op verskillende maniere daarna verwys, word daar oor die algemeen onderskeid tussen persoonlike (individuele of self-) identiteit en sosiale (kollektiewe of groeps-) identiteit getref. Hierdie konsepte moet nie as teenoorgesteldes beskou word nie, maar eerder as konsepte wat mekaar wedersyds (kan) beïnvloed.

De Fina (2011:268-269) omskryf *persoonlike identiteit* as die konstruk (beeld van onself) wat ons, op grond van ons morele en fisiologiese karaktereenskappe, aan ander voorhou, terwyl *sosiale identiteit* na meer omvattende kategorieë verwys waartoe mense op grond van hulle ras, gender, geloofsoortuigings en politieke beskouings behoort. Sosiale identiteit is dus 'n kollektiewe identiteit wat onderlê word deur 'n persoon se verbintenis tot, en affiniteit vir, 'n bepaalde groep of gemeenskap. In hierdie verband wys Ashmore *et al.* (2004) daarop dat "kollektiewe identiteit" die volgende individu-vlak elemente omvat: *selfkategorisering*, *evaluering* (positiewe of negatiewe houdings), *belangrikheid* (die belang van groeplidmaatskap in die individu se algehele selfkonsep), *gehegtheid* (emosionele betrokkenheid by die groep), *gedragsbetrokkenheid* (handelinge wat die kollektiewe identiteitskategorie impliseer) en *inhoud en betekenis* (ideologie en narratief).

Volgens Taylor (2015:2) is *persoonlike identiteit* 'n konstruksie wat na gelang van 'n persoon se interaksionele, situasionele, sosio-historiese en kulturele konteks(te) kan verander. Persoonlike identiteit is gevolglik veelvlakkig en vloeiend. *Sosiale identiteite*, daarenteen, verwys – volgens hom – na daardie identiteite wat kollektief en ekstern is en aan 'n persoon toegeskryf word op grond van sy oortuigings en gedrag. Aangesien alle mense egter sosiale subjekte is, is identiteit in 'n sekere sin altyd sosiaal van aard en word subjektiwiteit bykans altyd sosiaal gekonstrueer.

'n Soortgelyke mening word deur Hall en Du Gay (1996) gehuldig, wat identiteit beskryf as 'n gestruktureerde representasie wat die gevolg van menslike interaksie is. Al ons unieke karaktereenskappe soos drome, stem, praatstyl en gedragspatrone speel 'n rol in die omskrywing van die self, maar hierdie self moet altyd binne 'n bepaalde historiese konteks met die eksterne wêreld van godsdiens, ekonomie, werk, familie en gemeenskap in interaksie tree (vergelyk ook Van der Waldt, 2018:9). Identiteit kan dus nie in isolasie gekonstrueer word nie.

Scott (2015:2) wys daarop dat persoonlike identiteit iets is wat wesentlik deur groepsidentiteit beïnvloed word, en omgekeerd: “Ek vind uit wie ek is deur te bepaal wat ek nie is nie. Om te verstaan saam met wie ek hoort en saam met wie nie.” Dié gedagte eggo Bauman (2004) se bewering dat persoonlike identiteit onlosmaaklik verband hou met die vraag “Waar (en by wie) hoort ek?”:

One thinks of identity whenever one is not sure of where one belongs, that is, one is not sure how to place oneself among the evident variety of behavioural styles and patterns, and how to make sure that people around would accept this placement as right and proper, so that both sides would know how to go on in each other's presence.

Wanneer ek my identiteit in verhouding tot ander sien, besluit ek met watter lidmaatskapkategorieë ek my kan of wil versoen, en watter nie. Dit beteken egter nie dat ek onder alle omstandighede kan bepaal tot watter identiteit ander my gaan reken nie. In sommige gevalle word h bepaalde groepsidentiteit aan iemand toegeskryf, met die gevolg dat daar ook sekere verwagtings en voorveronderstellings op grond hiervan aan daardie persoon gestel word.

### **2.2.2. Situasionele identiteit**

Benewens persoonlike en sosiale identiteit, identifiseer De Fina (2011:269) ook *situasionele identiteit*. Situasionele identiteit behels dat 'n individu meer as een identiteit het en sy/haar weg daartussen kan navigeer na gelang van die situasie. Dié tipe identiteit word beïnvloed deur die rolle wat 'n persoon in 'n bepaalde situasie of konteks bekleed, soos byvoorbeeld dié van onderwyser/leerder of dokter/pasiënt. Scott (2015:86) gebruik die benaming “veelvuldige identiteite” om te verwys na die verskillende rolle wat 'n persoon in verskillende kontekste kan beklee: “Deur 'n proses van seleksie bepaal ons om op te tree na gelang van wat die toepaslikste is tot die eise van die situasie.”

Volgens Lategan (2014:272) is een van die vereistes vir iemand om veelvuldige identiteite te ontwikkel dat so iemand bereid moet wees om 'n “identiteitsreis” te onderneem:

Die beginpunt hiervan [veelvoudige identiteite] is die bestaande identiteit van die individu om van hier af die drade van die netwerk te volg. Hierdie netwerk vertak aanhoudend, maar terselfdertyd verbind dit en op die ou end word die enkeling ingebed in die volle web van die lewe waarin uiteindelik alles met alles saamhang.

Die “reis” waarna Lategan verwys, hou in dat die individu se bestaande identiteit as vertrekpunt gebruik word om ander moontlike identiteite te ondersoek, te onderhandel en te ontdek. Ten einde moontlikhede vir ander identiteite raak te sien en te ondersoek, moet die individu bereid wees om hom bloot te stel aan ander maniere van doen en ander denkwyses. Dat hierdie blootstelling ’n verandering van geografiese situering impliseer, spreek vanself.

Situasionele identiteit impliseer die oorsteek van grense, soos wanneer iemand besluit om homself in ’n ander land te gaan vestig. Die grense waarna verwys word, hoef nie noodwendig fisiek van aard te wees, soos byvoorbeeld tussen een land en ’n ander, nie. Dit kan ook verwys na die agterlaat van bestaande norme of gewoontes van die individu binne dieselfde geografiese ruimte.

In die roman *Die derde spoel* wil dit voorkom of Etienne die veelvuldige identiteite wat hy aanneem gebruik om oor die weg te kom. Dit lyk dus of die identiteite mekaar aanvul, juis omdat hy dit inspan na gelang van die situasie. Op die oog af lyk dit – minstens uit Etienne se oogpunt – na ’n gunstige situasie. Dit is immers duidelik dat veelvuldige identiteite hom in staat stel om aanpasbaar te wees in verskeie situasies en met verskillende tipe mense oor die weg te kan kom.

Guibernau (2013:16) wys daarop dat identiteit verander (kan) word deur “interaksies”. Dit kan insluit die interaksie tussen verskillende gemeenskappe in ’n land, sowel as interaksie oor landsgrense heen. Die verandering van identiteit weens interaksie oor landsgrense, is veral relevant tot hierdie studie, aangesien die karakter Etienne in *Die derde spoel* Suid-Afrika verlaat, hom in Europa vestig en dit ’n invloed op sy identiteit het.

### **2.2.3. Nasionale identiteit**

Nasionale identiteit is ’n tipe groepsidentiteit wat met nasionale grense en die idee van nasiestate verband hou. Guibernau (2013:43) wys daarop dat nasionale identiteit meestal

die resultaat van “’n gedeelde kultuur en geskiedenis” is en die gebondenheid aan ’n “spesifieke grondgebied” behels. Volgens Larsen (1997:285) het nasiestate (of “nasionale landskappe” soos hy daarna verwys), met hul beduidende invloed op nasionale identiteit, rofweg tussen die Franse Rewolusie en die Kongres van Wene tot stand gekom. Hierdie “nasionale landskappe” gee, aldus Larsen (1997:286-287), op die volgende wyses tot ’n nasionale identiteit aanleiding:

1. it gives *unity* to people and place;
2. it provides people with a common *origin*
3. it naturalizes the unity and the origin

In aanvulling hiertoe verrig die “nasionale landskap” ook verskillende ideologiese funksies:

[I]t tends to present [...] the actual state of affairs, called a unity, as the outcome of a linear and almost purposive process, a historical destiny, and not as a complicated and partly unforeseeable process of fragmentation and breaking up, partly due to circumstantial human and nonhuman interventions (Larsen, 1997:286-287).

Nasionale identiteit is nie ’n aangebore eienskap nie, maar iets wat sosiaal gekonstrueer word (Anderson, 1991:133). Nasionale identiteitsmerkers is dus daardie kenmerke/eienskappe wat gebruik word om ’n persoon se nasionale identiteit aan te dui en sluit, onder meer, ’n gemeenskaplike taal of dialek, nasionale kleredrag, nasionale simbole, ens. in (McCrone & Beckhofer, 2015). Hierdie merkers is vloeibaar en wissel van kultuur tot kultuur, en kan selfs met die verloop van tyd binne ’n enkele kultuur verander (Richard *et al.*, 2017:33-55).

In sy essay getiteld “Cultural identity and diaspora” (2006:43) tref Hall ’n onderskeid tussen twee identiteitskategorieë. Die eerste kategorie waarna hy verwys, is geskoei op ’n kollektiewe, nasionale bewussyn. Dié kategorie word voorgehou as ’n essensialistiese konstruksie wat berus op ’n eenheid wat deur ’n gemeenskaplike historiese ervaring en gedeelde kulturele kodes in stand gehou word: “[A] sort of collective ‘one true self’, hiding inside many other, more superficially or artificially imposed ‘selves’” (Hall, 2003:234). Dié gedeelde kodes dien as parameters waarbinne identiteit gekonstrueer word. Dit sluit aspekte soos taal, godsdiens, ras, seksualiteit en politieke oortuiginge in.

Die tweede kategorie waarna Hall verwys, erken dat “‘what we really are’ is based not only on points of similarity, but also on ‘critical points of deep and significant difference and on separate histories of rupture and discontinuity” (Hall, 2003:236). Volgens hierdie definisie is nasionale identiteit (Hall gebruik die term “kulturele identiteit”) nie ’n vasgestelde oorsprong waarheen teruggekeer kan word of iets transendenteel binne elkeen van ons nie, maar “the unstable points of identification or suture, which are made, within the discourses of history and culture” (Hall, 2003:237). Dit is dus ’n identiteitskategorie gekenmerk deur transformasie, heterogeniteit, vloeibaarheid en ambivalensie:

Cultural identity [...] is a matter of “becoming” as well as of “being”. It belongs to the future as much as to the past. It is not something which already exists, transcending place, time, history and culture. Cultural identities come from somewhere, have histories. But, like everything which is historical, they undergo constant transformation. (Hall, 2006:435)

Nasionale (of kulturele) identiteit is dus nie ’n essensie nie, maar ’n posisionering, wat Hall tot die gevolgtrekking laat kom dat daar altyd sprake van “a politics of identity” en “a politics of position” is.

### **2.2.3.1. Nasieskap en nasiebou**

Konsepte soos *nasiebou* en *nasieskap* hou onlosmaaklik met nasionale identiteit verband. Nasiebou is ’n proses van behoort. Dit behels sowel ’n herdefiniëring van gebied as kollektiewe en individuele identiteit, wat uiteindelik amalgameer tot ’n spesifieke nasionale identiteit (Larsen, 1997:285). Volgens Bornman (2018) is nasiebou ’n idealistiese proses van sosiale transformasie waardeur onderontwikkelde, arm en bekrompe groepe in ’n moderne staat byeengebring word; “’n Staat wat gekenmerk word deur vrede, gelyke geleenthede en ekonomiese geleenthede”. Nasiebou gaan dus oor die samevoeging van verskillende groepe om een groot groep te vorm, waarin almal uiteindelik op gelyke voet staan.

Ten einde nasieskap te bereik is dit belangrik dat al die lede – of ten minste die meerderheid lede – dit wat as bakens van nasionale identiteit beskou word, aanvaar. Sou daar byvoorbeeld etniese groepe wees wat nie “inkoop” op die voorwaardes of vereistes van nasieskap nie, kan dit die sukses daarvan belemmer. Een van dié voorwaardes is dat

daar iets moet wees wat die betrokke groepe mense, waarskynlik van verskillende etnisiteite, saambind en wat hulle in gemeen het.

Bornman (2018) redeneer dat “die kern van konseptualiserings van nasiebou” die vorming van “’n oorkoepelende nasionale identiteit wat parogiale, etniese en kulturele en rasse-identiteit vervang” is:

Derhalwe word nasionale identifisering – as vorm van sosiale identifisering – beskou as sou dit ’n gevoel van samehorigheid en lojaliteit aan die nasie wat deur nasiebou geskep is, weerspieël. ’n Nasionale identiteit word voorts deur die bevordering en gebruik van nasionale simbole versterk.

Een van die maniere om ’n gevoel van samehorigheid te skep en sodoende nasieskap te bevorder, is die aanwending van nasionale simbole. Volgens Serekoane en Petersen (2020) is dit van wesenlike belang dat daar voortdurend gekyk en gedink moet word oor die relevansie en toepaslikheid van simbole wat as identiteitsmerkers vir nasieskap beskou word.

Nasionale identiteit, en daarom ook nasieskap en nasiebou, is in sommige opsigte iets kunsmatig wat deur die regering van die dag bepaal en in stand gehou word. Dit wil dus voorkom asof ’n regering as’t ware aan inwoners moet voorskryf watter simbole en geskiedenis as merkers van nasionale identiteit beskou behoort te word. Pogings om ’n nasionale identiteit te skep kan dikwels ook misluk, byvoorbeeld wanneer minderhede voel dat hulle uitgesluit word. Dit kan selfs gebeur dat minderhede ’n groter premie op hul etniese identiteit as hul nasieskap plaas.

### **2.2.3.2. Burgerskap**

Burgerskap verwys na die verhouding van die individu tot die staat waarin hy/sy woonagtig of gebore is.

Volgens die konvensionele beskouing word burgerskap tipies in verband met die staat gebring, waarvolgens die verhouding tussen die staat en die individu in klassieke liberale terme beskou is. So ’n beskouing sluit gewoonlik sekere elemente in, soos die regte en verantwoordelikhede van beide die staat en die individu. Maar dit word saamgevoeg in die breër en basiese idee van lidmaatskap of behoort aan

'n spesifieke politieke gemeenskap, wat terselfdertyd beskou word as 'n nasie.  
(Clarke *et al.*, 2014:10)

Dit is in der waarheid dus 'n tweeledige verhouding, aangesien daar sekere regte en verantwoordelikhede aan sowel die individu as die staat toegeskryf word. Daar sal in alle waarskynlikheid gevolge wees indien een van die partye nie hul pligte en verantwoordelikhede nakom nie.

Pegis (2017:4) argumenteer dat burgerskap daarvoor gaan om te behoort en dat daar in die behoeftes van die individu wat voel hy/sy behoort, voldoen word. Dit beteken dat burgerskap verwant is aan identiteit:

Burgerskap beteken om deel te wees van 'n gemeenskap. 'n Gemeenskap is 'n plek waar mense leef, werk en speel. Om 'n burger te wees is soos om deel van 'n familie te wees. Jou familie voldoen in jou behoeftes deur te verseker dat jy genoeg het om te eet. Jou gemeenskap voldoen in jou behoeftes deur paaie reg te maak en nuwe skole te bou.

Gevolglik het burgerskap ook 'n invloed op 'n individu se identiteit, in die mate waartoe die behoort aan 'n bepaalde groep ook deel uitmaak van die karaktereenskappe wat eie aan 'n betrokke persoon beskou word. Aangesien identiteit iets vloeibaar is, beteken dit uit die aard van die saak dat burgerskap ook veranderlik is. Daar word al vir jare regoor die wêreld vrae gevra oor wie burgers is, wie behoort en wie nie. Cesarani en Fulbrook (1996:1) vra belangrike vrae, nie net oor wie 'n burger is nie, maar ook wie geregtig is om homself/haarself as deel van 'n nasionale gemeenskap te beskou – en wie byvoorbeeld daarvan uitgesluit word:

In elke gemeenskap is daar 'n algemene gevoel van wie behoort en wie nie. Gemeenskappe regoor die wêreld het konsepte ontwikkel vir die 'self' en die 'ander' sowel as 'beskaaf' en 'barbaars'; diegene wat behoort en diegene wat nie. Identiteite word bepaal op die basis van moontlike eienskappe soos die mite van gedeelde afkoms, die oordrag van bloed, die bindende krag van stamtradisie en persoonlike en geloof as historiese as van die bekendste. Met die opkoms van nasiestate in die laat 18de tot die laat 20ste eeu het daar nuwe elemente van definisie begin ontstaan. Idees van burgerskap gevorm volgens die idee van die reg om in 'n land van geboorte te bly, eerder as gevolg van afkoms het begin posvat.

In aanvulling hiertoe noem Cesarani en Fulbrook (1996) byvoorbeeld dat een van die bepalers van identiteit 'n gedeelde herkoms is. Ook dat iets soos tradisie 'n belangrike rol speel in die vorming van identiteit. Dit staaf die redenasie dat 'n individu se identiteit grootliks deur die gemeenskap gevorm word waarin hy hom bevind. Ook wys dit dat 'n individu nie so 'n groot seggenskap het in die vorming van sy identiteit nie.

Indien 'n gedeelde herkoms as bepalend tot die behoort aan 'n gemeenskap is, skep dit 'n dilemma. Iemand kan byvoorbeeld 'n paar jaar reeds in 'n ander land bly en alles in sy vermoë doen om sy nuwe land se gewoontes en kultuur aan te neem, sonder dat hy aanvaar word deur die gemeenskap. Dit kan byvoorbeeld tot konflik lei, omdat so iemand dalk kan voel dat hy belasting in sy nuwe land betaal en moeite doen om homself te laat integreer.

### **2.3. Identiteit en ruimtelike verplasing**

Ná die Sharpeville-bloedbad van 1960 het duisende Suid-Afrikaners, veral geskoolde wit, bruin en Indiërburgers, na lande soos die Verenigde Koninkryk, Kanada en Australië geëmigreer. In die dekade ná die 1976 Soweto-opstande het duisende swart Suid-Afrikaners in selfopgelegde ballingskap gegaan en by versetbewegings in Oos-Europa, die voormalige Sowjet-Unie en verskillende Afrikalande aangesluit. Ook groot getalle wit Suid-Afrikaners het Suid-Afrika gedurende dié tyd verlaat vanweë politieke redes, om verpligte militêre diensplig te ontduik of uit vrees vir die groeiende verset teen die noodtoestand in die apartheidsstaat (Jacobs, 2016:237).

Creswell wys reeds in 1997 daarop dat mobiliteit een van die wesenskenmerke van die tydgenootlike letterkunde is en dat dit in die toekoms waarskynlik al hoe belangriker gaan word. Karakters in fiksionele tekste is, volgens Creswell (1997:16), toenemend nomade, migrante, ballinge, reisigers en ontdekkers wat 'n wêreld bewoon waarin niks meer seker en gevestig is nie.

Volgens Foster (2008:58) kan die begrip *migranteliteratuur* beskou word as 'n tipe sambreelterm vir verskillende subjekposisies wat met ruimtelike verplasing verband hou: onder meer immigranteliteratuur, emigranteliteratuur, diasporaliteratuur, *expat*literatuur,

vlugtelingliteratuur, gaswerkersliteratuur, allochtone-literatuur, vreemdelingliteratuur en literatuur deur buitelanders.

### **2.3.1. Migrasie**

*Migrasie* verwys na die beweging van mense van een plek na 'n ander met die voorneme om hulle permanent, of ten minste langdurig, in die nuwe plek te vestig. Dié beweging vind dikwels oor lang afstande en van een land na 'n ander plaas, maar interne migrasie is ook moontlik; trouens, dit is wêreldwyd waarskynlik die grootste tipe migrasie. Nomadiese bewegings word normaalweg nie as migrasie beskou nie, aangesien daar geen bedoeling is om permanent in die nuwe plek te bly nie en omdat die beweging gewoonlik seisoengebonde is. Die tydelike beweging van mense met die oog op toerisme, pelgrimstogte en pendel, word ook nie as migrasie beskou nie, omdat daar ook by hulle nie die bedoeling is om hulle permanent in die nuwe plek te vestig nie. Op grond van die rede waarom mense hulle van een plek na 'n ander verhuis, kan daar onderskei word tussen migrante, vlugteling en asielsoekers<sup>4</sup>.

Volgens Ritchey (1976:364) verwys migrasie na die verandering van verplyfplek as gevolg van die beweging tussen gemeenskappe, wat gevolglik die oorsteek van grense – soos dorps- en landsgrense – behels. Safran (1991:94) voer aan dat migrasie ook op metaforiese vlak verstaan moet word en dat dit dus nie beperk is tot die parogiale begrensing van identiteitsmerkers soos ras, geslag, gender en kultuur nie. Benewens

---

<sup>4</sup> Die begrippe *migranteliteratuur*, *ballingskapliteratuur* en *diasporaliteratuur* word in sommige gevalle uitruilbaar gebruik. In hierdie verhandeling word *migrasie* van *ballingskap* en *diaspora* onderskei deurdat eersgenoemde begrip 'n meestal gewillige vorm van ruimtelike verplasing impliseer, terwyl laasgenoemde twee begrippe eerder op onwillige, of onafwendbare, ruimtelike verplasing sinspeel. 'n Ander manier om die verband tussen die begrippe *diaspora* en *migrasie* te beskou, is om dit te interpreteer teen die agtergrond van die fases waarin Cohen (2008) diaspora-studies indeel, naamlik: 1. In die 1960/'70's is die Diaspora (met 'n hoofletter en in die enkelvoud) verstaan in terme van die wêreldwye verstrooiing van die Jode. 2. In die 1980's het die aandag verskuif na 'n meer metaforiese opvatting van die begrip ten einde te verwys na die uiteenlopende ervarings van migrante, uitgewekenes, asielsoekers en vlugteling. 3. Vanaf die middel-1990's het sosiaal-konstruksioniste begin beweer dat identiteit baie meer kompleks geraak het in 'n wêreld gekenmerk deur postmodernisme, met die gevolg dat identiteit gedentraliseer en gederekonstrueer is. 4. In die huidige era val die klem veral op die deterritorialisering van identiteit, sonder dat idees ten opsigte van tuiskoms, tuisland en tuiswees afstand te doen.

geografiese grense behels migrasie dus ook die oorsteek van kulturele, talige en psigologiese grense.

### **2.3.1.1. Emigrasie**

Die begrip *emigrasie* is nou verwant aan migrasie en verwys na iemand wat sy/haar eie land verlaat en sigself, om die een of ander rede, elders in die wêreld gaan vestig. Hierdie redes kan byvoorbeeld oorlog, verdrukking, beter werksgeleenthede, h hereniging met familieledede, en heelwat ander wees. Kule *et al.* (2006:1) wys byvoorbeeld daarop dat een van die belangrikste kenmerke van die oorgangsperiode gedurende die 1990's in Sentraal en Oos-Europa die grense is wat oopgemaak het. Dit het die moontlikheid vir burgers van kommunistiese lande geskep om na die Weste te beweeg om daar te woon en te werk.

### **2.3.1.2. Immigrasie**

Die term *immigrasie* is verwant aan migrasie en emigrasie. Voordat iemand 'n immigrant kan wees, moet hy/sy eers emigreer. Die term *immigrant* kan omskryf word as iemand wat in 'n vreemde land inkom met die voorneme om daardie land sy nuwe en permanente tuiste te maak. In die konteks van hierdie studie is dit interessant om daarop te let dat dit nooit die karakter Etienne in *Die derde spoel* se voorneme is om 'n immigrant te wees nie. Daar is geen aanduiding dat hy hom permanent daar wil vestig of aansoek wil doen vir burgerskap nie.

Scheffer (2019:2) wys daarop dat dit "eintlik eers die tweede generasie (van immigrante) is wat werklik daarin slaags om hulself te vestig en in hul nuwe tuisland te integreer". Die voor-die-handliggendste rede daarvoor is dat die tweede generasie van immigrante gewoonlik in die nuwe land gebore word, en van kindsbeen af grootword met en binne die nuwe kultuur, norme en maniere van doen. Die spesifieke identiteit word dus van kindsbeen af by hulle vasgelê.

Wanneer h persoon emigreer word hy/sy noodwendig aan 'n gemeenskap met 'n ander kultuur, waardes en tradisies blootgestel. Dié blootstelling/interaksie kan tot een van die volgende uitkomstige aanleiding gee:

- Die persoon kan gedeeltelik of ten volle deel word van die nuwe gemeenskap. Dit staan as integrasie bekend. In die konteks van hierdie studie kan integrasie omskryf word na gelang van die manier waarop iemand daarin slaag om by die nuwe gemeenskap waarin hy homself/haarself bevind, aan te pas. En of sy/haar bestaande kultuur vervang word met die nuwe land se kultuur. Friedman (2004:82) sê dat immigrante “geïntegreer raak in hul nuwe gemeenskappe en by ’n ander nasionale-projek as hul eie”. Om te integreer beteken dat afstand gedoen moet word van dit wat was en dat daar in die plek daarvan iets nuut aangeneem moet word. Dit beteken dat ’n nuwe identiteit aangeneem word.
- Die persoon mag graag by die nuwe gemeenskap en maniere van doen wil inpas, maar dit of nie regkry nie (miskien vanweë ander kulturele en religieuse opvattinge of die onvermoë om die taal te praat), of nie deur die lede van die nuwe gemeenskap aanvaar word nie. Of sy/haar teenwoordigheid in die nuwe gemeenskap kan met agterdog bejeën word. Daar kan selfs pogings aangewend word om inkomelinge te verhoed om te integreer, aangesien daar gevrees word dat (groot getalle) inkomelinge ’n bedreiging vir die plaaslike kultuur, identiteit en manier van doen, kan inhou. Een van die gevolge hiervan is dat die migrant ’n gevoel van buitelanderskap en vervreemding kan ervaar. Vir Hanemann Lystad (1972:90) is buitelanderskap iets wat “wydverspreid in die moderne lewe voorkom”.

Buitelanderskap word beskou as ’n teken van persoonlike ontevredenheid met sekere strukturele elemente van die gemeenskap. Dit hou veral verband met die politieke en ekonomiese element.

Bisschoff (1992:50) skryf buitelanderskap toe aan die toenemende afname in sinvolle en volgehoue kommunikasie tussen mense:

Een van die opvallendste kenmerke van die buitelandster is dat hy nêrens tuis behoort nie. Hy vorm nie deel van enige groep of familie nie. Wanneer hy wel daarin opgeneem word, is dit feitlik altyd onwillig, en is dit ook net tydelik van aard.

- Die persoon kan doelbewus kies om nie deel te word van die nuwe gemeenskap waarin hy/sy sigself bevind nie. Dit kan natuurlik ook gebeur dat immigrante in die nuwe land by groepe van sy/haar eie etniese afkoms aansluit en sodoende hul eie

bestaande kultuur handhaaf. Esman (2009:143) redeneer dat sommige gemeenskappe in ander lande waar hulle immigrante is, kan verkies om hul “eie kollektiewe identiteit te behou”. Dit kan egter beteken dat dié groep – nie noodwendig as gevolg van hul weiering om volledig in die gemeenskap opgeneem te word nie – as ondergeskik aan die land se burgers beskou kan word. Dit kan veral gebeur in ’n land wat ’n homogene bevolking het. Juis omdat daar in so ’n land – waar een kultuur en identiteit aan die orde van die dag is – onverdraagsaamheid kan wees teenoor die wat anders is. Daar kan ook ’n gevoel onder die plaaslike bevolking bestaan dat sulke inkomelinge (dit wil sê die wat nie wil integreer nie) die nuwe land waarin hulle bly bloot vir eie gewin gebruik – soos byvoorbeeld vir beter werksgeleentheid.

### **2.3.1.3. Queer migrasie**

In heelwat migrasiestudies word die tuisland van migrante as betekenisvolle plek van oorsprong, of plek waarvandaan daar vertrek word, beskou. Die suggestie is dat migrante se verhouding met hulle tuisland sentraal staan in die konstruksie van hulle identiteit. In sy artikel “The Diasporic Imaginary” stel Axel (2002:426) voor dat dit dalk meer produktief kan wees om die tuisland nie te sien as iets is wat tot migrasie aanleiding gee nie, maar die migrasie eerder te beskou as iets is wat ’n tipe tuisland produseer of tot gevolg het. Anders gestel: migrante verlaat nie altyd hulle tuisland ten einde hulle elders te gaan vestig nie; soms gee die migrasie juis aanleiding tot ’n tipe tuiskoms op ’n ander plek in die wêreld.

In *Die derde spoel* is daar weinig (indien enige) tekens dat Etienne se verhuising van Pretoria na Londen vir hom ’n traumatiese afskeidname van sy “tuisland” impliseer of dat hy sy herinneringe aan Suid-Afrika as ’n tipe hunkering na sy vaderland met hom saamdra nie. Intendeel, hy kan byvoorbeeld nie wag om die stof van Voortrekkerhoogte van sy voete te skud en in Europa ’n tipe “hergeboorte” te beleef nie. Dit word spoedig duidelik dat hy na Engeland vertrek, nie in die eerste plek om diensplig in Suid-Afrika te ontduik of om hom by een of ander versetbeweging teen die Suid-Afrikaanse regering aan te sluit nie, maar veel eerder om te ontvlug aan die verstikkende chauvinistiese

Afrikanernasionalisme en heteronormatiewiteit<sup>5</sup> waarvan sy pa 'n duidelike verteenwoordiger is.

Dit wil voorkom asof Etienne eerder op soek is na 'n "tuisland" en 'n gemeenskap waarin hy sy seksuele voorkeure en genderidentiteit sonder vrees of skaamte kan uitleef. Etienne is 'n migrant op soek na 'n meer geskikte "tuisland" en probeer dus doelbewus om hom geografies en emosioneel sover moontlik van Suid-Afrika te verwyder. Op dié wyse bevestig Etienne se gedrag in *Die derde spoel* dus Manalansan (2006:225) se argument dat seksualiteit en meer spesifiek seksuele identiteite, praktyke en begeertes, dikwels deurslaggewende redes vir migrasie is. Ook Carillo (2004:58) is die mening toegedaan dat seksuele voorkeure die direkte of indirekte rede vir internasionale beweging en hervestiging kan wees: "[T]ransnational movements enable queer practices, identities, and subjectivities".

Migrasie op grond van 'n genderidentiteit en/of seksuele voorkeure wat nie heteronormatief gesanksioneer is nie<sup>6</sup>, word dikwels onder die noemer "queer<sup>7</sup> migrasie" ("queer diaspora")<sup>8</sup> tuisgebring. In *Impossible Desires: Queer Diasporas and South Asian Public Cultures* gebruik Gopinath (2005) die konsep *queer diaspora* om te verwys na die maniere waarop manifestasies en betekenis van seksuele begeerte, subjektiwiteit en seksuele praktyke verskuif en transformeer binne die konteks van diasporiese beweging, migrasie en verhuising: "Thus for me, the concept of queer diaspora provides a way to think about diasporic movement and dwelling outside of fixed notions of origin or blood-

---

<sup>5</sup> In queer-studies rakende migrasie is *heteronormatiewiteit* 'n besonder bruikbare begrip, aangesien dit die tradisionele hetero/homo-binariteit afwys en eerder aantoon op watter wyses "normaliserende regimes" heterogene, gemarginaliseerde subjekte en subjekposisies daarstel, in verhouding tot die norm van produktiewe seksualiteit tussen biologies-gebore man-vrou-pare wat tot die dominante etniese groep en die middelklas behoort. (Ewing, 2004:170)

<sup>6</sup> Volgens Luibheid (2008:170) behels dit hoofsaaklik die seksuele voorkeure van lesbiërs, gay mans, biseksueles en transgender-individue.

<sup>7</sup> Die term *queer* word gebruik aangesien dit impliseer dat alle identiteitskategorieë (i) gebuk gaan onder historiese en ideologiese bagasie wat doelbewus ondersoek en bevraagteken behoort te word en (ii) nie altyd aan die hand van enkellynige, Eurosentryse modelle verklaar of verhelder kan word nie. Dit suggereer terselfdertyd ook dat seksualiteit deur uiteenlopende, intergekonnekteerde magsverhoudings soos etnisiteit, gender, klas en burgerskapstatus beïnvloed en/of bepaal kan word. (Luibheid, 2008:170)

<sup>8</sup> In baie besprekings oor die onderwerp word daar ook na "queer diaspora" (meestal sonder hoofletter) verwys. Helderheidshalwe word daar in dié studie met die begrip "queer migrasie" volstaan.

based affiliations and kinship” (Gopinath, 2005) In ’n 2021-onderhoud oor *queer diaspora*<sup>9</sup> brei Gopinath (2021:160) haar aanvanklike beskouings soos volg uit:

I would also want to add that the concept of “queer diaspora” not only productively disorganizes the heteronormative and patrilineal terms of conventional articulations of diaspora; it also disorganizes conventional framings of queerness and its attendant tropes and signifiers, such as the closet, “coming out”, and a politics of visibility.

Wat bloedverwantskap en gevoelens van behoort betref, wys Manalansan (2000, 2003) daarop dat queer migrante dikwels innerlike konflik ervaar ten opsigte van vraagstukke wat verband hou met konsepte soos *tuiste* en *familie*. Volgens hom is dit alles behalwe vanselfsprekend dat queer migrante ’n “natuurlike affiniteit” vir hul biologiese families het; hulle bewerkstellig dikwels eerder plaasvervangende (fiktiewe) familieverbandings met minnaars en vriende ten einde te vergoed vir die geweld en verwerping wat hulle van eersgenoemde kant ontvang.

Vir Patton (2002:198) maak die gebruik van “queer teorieë” binne migrasiestudies sin, want “queer theories offer new ways of imagining novel relations among space, nation and politics”. Voorts gee dit, volgens haar, ook aanleiding tot ’n bevraagtekening en herkonseptualisering van die begrip *tuiste*, of dit nou na die huislike of nasionale ruimte van die tuisland verwys (ibid.). Anders as Guzmán wat na queer migrante as “sexiles” verwys, gebruik Patton (2002:198) die beskrywing “queer diasporiese persoonlikhede” om na migrante te verwys wat opvattinge soos die nasiestaat en die bevoorregting van heteroseksualiteit doelbewus uitdaag. In hul invloedryke *Queer Globalizations* identifiseer Cruz-Malavé en Manalansan (2000) ’n queer migrant as “a figure imagined as both geographically and ideologically unlocatable, who mediates between the commodity-based queer identity and its political mobilization”. Oor hierdie diasporiese queer subjek merk Wesling (2008:33) die volgende op:

---

<sup>9</sup> In sogenaamde queer diasporastudies word die begrip *diaspora* gebruik om te verwys na nienormatiewe seksualiteit binne ’n internasionale raamwerk en om aan te toon dat seksualiteit ’n fundamentele en regulerende rol in die verhouding tuiste/tuisland speel (Watney, 1995:39).

The diasporic queer subject thus becomes a doubly mobile or transgressive body, who challenges not simply the repertoire of localized categories of desire but the stability of national identity itself.

Soms besluit queer migrante doelbewus om nie ten volle te integreer met die queer-gemeenskappe in die land/samelewing waarin hulle hul vestig nie, maar vestig hulle eerder veelvuldige hibriede kulture, skep hulle nuwe ruimtes vir gemeenskapsaktiwiteite en begin hulle nuwe kulturele tradisies wat afwyk van die omringende migrante-gemeenskap, maar ook van die “hoofstroom-“ heteroseksuele en gay & lesbiese kulture (Manalansan, 2006:236).

Daarenteen het heelwat queer migrante juis nie die voorreg of luukse om direk ná hul aankoms met amalgamasie of assimilasie te begin nie, aangesien hulle “steeds volhou met verbintnisse met nasiestate en regimes wat reeds groot veranderderinge in hul lewens tot gevolg gehad het” (Manalansan, 2006:170). Manalansan (*ibid.*) daag dus die dominante, etnosentriese model uit waarvolgens queer migrasie beskou word as ‘n beweging van “onderdrukking” na “bevryding” deur daarop te wys dat queer migrante dikwels “herstruktureerde” ongelykhede én geleenthede beleef in die land waarin hulle hul vestig.

Hoe dit ook al sy, deur middel van queer migrantestudies word die geskiedenis en ervarings van subjekte wat tradisioneel bykans onsigbaar, onkenbaar en onnoembaar was, herontdek, bevestig en teoreties bestendig. Begrippe soos “nasionale identiteit”, “nasiestate” en “nasionale identiteit” het nie hul geldigheid verloor nie, maar word op kritiese wyse deur teoretici ondersoek as “loci for upholding and contesting regional, transnational, and neo-imperial hierarchies, and producing forms of exclusion, marginalization, and struggle for transformation” (Luibheid, 2008:xi).

### **2.3.2. Transnasionale**

Die term *transnasionale*<sup>10</sup> het vanaf ongeveer die negentigerjare van die vorige eeu prominent in migrasiestudies na vore getree en is veral deur die werk van drie

---

<sup>10</sup> Die term *transnasionaal* is reeds sedert die laat-1950's in die veld van internasionale reg en internasionale verhoudings, en vanaf die 1960's veral in die veld van internasionale ekonomie, gebruik. Die ontstaan van die term/begrip word gewoonlik toegeskryf aan Randolph S. Bourne wat in 1916 'n essay getiteld

Amerikaanse antropoloë – te wete Nina Glick-Schiller, Linda Basch en Cristina Szanton-Blanc – gepopulariseer. In hulle artikel “Transnationalism: A New Analytical Framework of Understanding Migration” (1992), wat later opgeneem is in die boek *Nations Unbound* (1994), stel hulle ’n nuwe konseptualisering voor in ’n poging “to come to terms with the experience and consciousness of this new migrant population whose lives cut across national boundaries and bring two societies into a single field” (Glick-Schiller *et al.* , 1992:1).

In die daaropvolgende jare het navorsing oor sosiale prosesse en formasies wat oor die grens van nasiesstate strek, so gewild geword dat daar teen die einde van die 20<sup>ste</sup> eeu in sowel die sosiale wetenskappe as die geesteswetenskappe sprake van ’n *transnasionale wending* (of “transnasionale paradigmaskuif”<sup>11</sup>) was. Vertovec (2003) wys daarop dat *transnasionale* teen die einde van die 1990’s ’n alombekende begrip in die sosiale wetenskappe was, terwyl Morawska (2003:619) in dieselfde tydperk na ’n “deluge of sociological studies on immigrant transnationalism” verwys.

Dié proses waarvolgens migrante dus nie hul bande met hul tuislande en -gemeenskappe verbreek nie, maar sosiale velde skep wat nasionale grense oorsteek, daag dus die dominante teorie van immigrant-assimilasie uit.

In sy artikel “Conceiving and Researching Transnationalism” identifiseer Vertovec (1999:449-456) ses betekenis van die begrip *transnasionale*, wat nie almal direk met migrasiestudies verband hou nie:

1. Sosiale morfologie (diasporas, transnasionale netwerke, transnasionale openbare sfere, transnasionale gemeenskappe);
2. Bewussynstipe (twee- of meervoudige identifikasies, bewustheid van multilokaliteit, transformasies van identiteit);
3. Modus van kulturele reproduksie (sinkretisme, kreolisering, kulturele vertaling, hibriditeit, nuwe etnisiteite, transnasionale verbruik);

---

“Trans-national America” geskryf het, hoewel Waldinger (2013) daarop wys dat Bourne die adjektief *transnasionaal* op só ’n wyse gebruik het dat dit meer met die konsep *multikulturalisme* as die eietydse konsep van *transnasionale* verbandgehou het.

<sup>11</sup> Die term wat Vertovec (2009) in sy boek *Transnationalism* gebruik.

4. Kapitaalmiddel (“avenue”) (transnasionale besighede, transnasionale transaksies, transnasionale entrepreneurskap);
5. Vorm van politieke betrokkenheid (INRO’s, transnasionale sosiale bewegings-organisasies, transnasionale politieke aktiwiteite);
6. Herkonseptualisering van “plek” of “lokaliteit” (translokaliteite, virtuele gemeenskappe/woonbuurte).

In die lig van die meerduidigheid van die begrip en in ’n poging om *transnasionanisme* as navorsingsveld te bekragtig en uit te bou, het Portes *et al.* (1999:219) voorgestel dat die konsep afgebaken word “to occupations and activities that require regular and sustained social contracts over time across national borders for their implementation”. Hulle het ook tot die gevolgtrekking gekom dat die individu en sy/haar ondersteuningsnetwerke as die “proper unit of analysis” (1999:220) gebruik behoort te word.

Voorts het Portes (2001, 2003) ook ’n tipologie van oorgrensaktiwiteite ontwikkel, op grond waarvan hy tussen internasionale, multinasionale en transnasionale aktiwiteite op politieke, ekonomiese en sosio-kulturele vlak onderskei. Internasionale aktiwiteite word, volgens hom, uitgevoer deur state en ander “nationally-based institutions in other countries” (2001:186); multinasionale aktiwiteite word uitgevoer deur “institutions whose purposes and interests transcend the borders of a single nation-state” (2001:186), en transnasionale aktiwiteite word “initiated and sustained by non-institutional actors [...] undertaken on their own behalf, rather on behalf of the state or other corporate bodies” (2001:186).

Ten spyte van ’n gebrek aan konsensus en konseptuele helderheid met betrekking tot transnasionanisme as navorsingsterrein, voer Portes (2003) aan dat meeste navorsers wel saamstem dat:

- transnasionanisme ’n eiesoortige perspektief eerder as ’n eiesoortige fenomeen is;
- transnasionanisme ’n “grondvlak”-fenomeen is;
- nie alle immigrante transmigrante is nie (en dus nie oor dieselfde kam geskeer behoort te word nie);
- immigrante transnasionanisme dikwels makro-sosiale gevolge kan hê; en

- die omvang en vorme van transnasionale aktivisme “vary with contexts of exit and reception” (Portes, 2003:879).

Die term *transnasionanisme*, en by implikasie ook *transnasionale identiteit*, word dus gebruik wanneer daar gepraat word van migrante wat steeds bande behou met hul land of gemeenskap van oorsprong. Vir Basch *et al.* (1993:7) is transnasionanisme die “skakel” tussen immigrante se “gemeenskappe van oorsprong” en die gemeenskappe waarin hulle hul uiteindelik vestig. Dit impliseer dat ’n immigrant bande kan hê met die land van sy herkoms, maar ook met die land waarin hy tans woonagtig is. Johnsson (2016:1) huldig ’n soortgelyke siening wanneer hy daarop wys dat transnasionanisme deels gaan oor migrantebande wat behoue bly met die gemeenskap van oorsprong, terwyl Levitt (2001) Pries (2005) en Smith (2005) beweer dat transnasionale migrante nie net twee kontekste met mekaar skakel nie, maar dikwels ook aanleiding gee tot ’n gevoel van “being in two places *simultaneously*”, asook veranderinge in albei kontekste.

Vir Ozkul (2012:1) fokus transnasionanisme “op netwerke wat gevestig word oor verskillende geografiese gebiede heen”, met die oog op die uitruiling van kennis, inligting en goedere. Immigrasie is egter nie ’n voorwaarde vir transnasionanisme nie. In die moderne era waar die internet mense in staat stel om byvoorbeeld deur middel van e-pos of Zoom/Teams-gesprekke met mense in ander lande in kontak te tree, geskied hierdie “gereelde oorgrensinteraksies” (Popova, 2013:5) eerder digitaal (vergelyk ook Brinkerhoff, 2009).

Zhou en Liu (2016:31) beskou transnasionanisme as die prosesse waardeur immigrante “multi-stranded” sosiale verhoudings vorm, onderhou en in stand hou met die gevolg dat hul samelewings van oorsprong en vestiging met mekaar geskakel word. Hierdie prosesse vereis egter gereelde en volgehoue sosiale kontak oor tyd en nasionale grense heen.

Die afgelope paar jaar word transnasionanisme in die eerste plek gebruik om te verwys na die sosiale gedrag van mense wat in meer as een land bedrywig is en (oorgrens-) “netwerke begin, ontwikkel en bevorder op ekonomiese, politieke of sosiokulturele vlak” (Ozkul, 2012:4). Dit veronderstel natuurlik dat transnasionale individue hulself in meer

as een land kan handhaaf en nie aan bande gelê word deur byvoorbeeld taal- of kultuurverskille nie.

Volgens Bradatan et al. (2010:8) is daar sekere voorwaardes waaraan 'n persoon moet voldoen om as transnasionaal beskou te word:

'n Transnasionale identiteit kan (...) net ontwikkel by diegene wat nie net albei tale (oorsprong en gas) bemeester nie, maar ook as hulle in kontak kom en oor die sosiale vaardighede beskik om verbindings met mense en gemeenskappe van beide die gasland en land van oorsprong te ontwikkel.

'n Transnasionale identiteit kan dus aangedui word by 'n persoon wat ewe tuis is in die land van herkoms as in die land waarin hy hom uiteindelik gevestig het. Basch *et al.* (1993:5) verskaf 'n duidelike voorbeeld hiervan wanneer hulle die immigrante in hul studie soos volg beskryf:

Die immigrante in die studie het so gereeld beweeg en was so tuis in New York of Trinidad, sowel as die gemeenskappe van hulle oorsprong, dat dit by tye moeilik was om te identifiseer waar hulle 'behoort'.

In plaas daarvan dat 'n transnasionale identiteit slegs van buite aan 'n persoon toegeskryf word, wys Glick Shiller *et al.* (2003) daarop dat immigrante onder sekere omstandighede self bewus kan wees van sy/haar transnasionale aktiwiteite. In die lig hiervan onderskei hulle tussen "ways of being" (voor-die-hand-liggende alledaagse aktiwiteite soos om die taal van sowel die land van oorsprong as die land van vestiging te praat) en "ways of belonging", wat verwys na bewuste maniere waarop migrante hulle lojaliteite sigbaar maak (byvoorbeeld die dra van 'n Christelike kruis of Dawidster; die swaai van 'n spesifieke landsvlag).

Hoewel *transnasionale* dikwels in samehang met die konsep *globalisering* gebruik word, kan die twee begrippe nie sonder meer aan mekaar gelykgestel word nie. *Globalisering*, wat tot transnasionale aanleiding kan gee of dit bespoedig (Lionnet & Shih, 2005:5; Bradatan *et al.* (2010:2), behoort beskou te word as 'n proses van interaksie en integrasie tussen mense van regoor die wêreld. Globalisasering impliseer met ander woorde die oorsteek van grense, soos wanneer 'n plaaslike motorvervaardiger besluit om die

internasionale mark te betree en sy produkte aan kopers dwarsoor die wêreld beskikbaar te stel. Dit beteken dat die fokus op die plaaslike of nasionale tot 'n beduidende mate vervang word met 'n fokus op die internasionale. Landsgrense is dus nie meer allesbepalend nie. Wanneer van globalisering gepraat word, word daar dikwels van die veronderstelling uitgegaan dat landsgrense minder belangrik word en dat daar sprake van 'n enkele wêreldgemeenskap is. In hierdie opsig verwys Friedman (2004:63) na *globalisme* as “'n wêreld in beweging” wat op die “plaaslike” volg: “Tevore was ons plaaslik, maar nou is ons globaal. Die verandering van die wêreld is een van minder tot meer inklusief.”<sup>12</sup>

*Transnasionale*, daarenteen, verwys eerder na die *wedersydse vloe* van byvoorbeeld inligting, kennis of vaardighede tussen lande (Ozkul, 2012:2).

## **2.4. Samevatting**

In hierdie hoofstuk is teoretiese begrippe wat met *identiteitskonstruksie* en *-belewing* verband hou, omskryf en bespreek,

Ten opsigte van persoonlike, sosiale én situasionele identiteit is daarop gewys dat identiteitskonstruksie en -belewenis iets vloeibaar is en dat identiteit voortdurend heronderhandel kan word. Voorts is daarop gewys dat 'n individu nie altyd beheer het oor die identiteit wat deur ander aan hom/haar toegeskryf word nie. Desondanks word daar bykans altyd (met of sonder reg) bepaalde verwagtinge en veronderstellings aan identiteit gekoppel.

---

<sup>12</sup> Die wêreldwye vlugtelingkrisis en die COVID-19-pandemie het hierdie gedagte van 'n “wêreldgemeenskap sonder grense” wesenlik uitgedaag en in talle gevalle daartoe aanleiding gegee dat sekere lande hulle grense “toegemaak” en op nasionale vraagstukke/belange begin fokus het. Trouens, met die uitbreek van die koronavirus het meeste lande redelik vinnig hul grense gesluit en is reis tussen lande, met die uitsondering van repatriasie, so te sê verbied. Dit was teenstrydig met die eietydse globale neiging om grensbeheer te verslap en immigrante en voortvlugtiges te verwelkom. Biehl (2020) voer aan dat die uitbreek van COVID-19 eintlik 'n “terugslag” vir globalisering is, aangesien die vinnige verspreiding van die virus mense daarvan bewus gemaak het van die mate waartoe daar tans interafhanklikheid en handelsverkeer tussen lande is. Dit het die fokus van die internasionale/globale dus na die nasionale verskuif. Tydens die staat van inperking in Amerika het die voormalige president, Donald Trump, byvoorbeeld genoem dat 'n beëindiging van immigrasie werklose Amerikaners in 'n beter posisie sal stel om ná die inperking werk te kry (Riley-Smith & Sabur, 2020).

Wat sosiale of kollektiewe identiteit betref, is daar spesifiek na verskynsels soos *groepsidentiteit*, *nasionale identiteit* en *burgerskap* verwys. Daar is, onder meer, gewys op die deurslaggewende rol wat nasiestate (en by implikasie ook landsgrense) tradisioneel in die konstruksie en uitlewing van nasionale identiteit en beskouings ten opsigte van burgerskap gespeel het.

’n Belangrike aspek van S.J. Naudé se *Die derde spoel* is die invloed wat ruimtelike of geografiese verplasing op die konstruksie en belewenis van identiteit kan hê. Met die oog hierop is daar tussen die begrippe *migrasie*, *emigrasie* en *immigrasie* onderskei. Daar is spesifiek gefokus op die begrip *queer migrasie*, aangesien dit direk verband hou met die rede waarom Etienne Suid-Afrika aanvanklik verlaat en hom in Europa (Engeland) vestig. Die begrip *queer migrasie* bied ’n navorsers ook ’n verhelderende “lens” waardeur daar gekyk kan word na identiteite wat van die sogenaamde “norm” (dit wat heteronormatief is) afwyk.

Ten slotte is die begrip *transnasionaalisme* (wat soms ook as *transmigrasie* bekendstaan) omskryf, asook die implikasies wat dit ten opsigte van ’n individu se selfkategorisering en identiteitsbelewenis kan hê. Dit is veral dié gedagtes ten opsigte van transnasionale identiteit wat rigtinggewend is in die bespreking van die roman (in hoofstuk 4).

## HOOFSTUK 3

### S.J. NAUDÉ SE PROSA-OEUVRE

#### 3.1. Inleiding

In hierdie kort hoofstuk – wat in ’n sekere sin as oriënterende inleiding tot die volgende hoofstuk dien – word daar ’n bondige oorsig oor die skryfwerk van S.J. Naudé (en veral die eerste twee tekste in sy oeuvre) gegee. Aangesien daar in hoofstuk 4 spesifiek op die identiteitskonstruksie en -belewenis van Etienne Nieuwenhuis gefokus word, word klem geplaas op die raakpunte wat daar tussen Naudé se debuutkortverhaalbundel, *Alfabet van die voëls*, en sy debuutroman, *Die derde spoel*,<sup>13</sup> aangedui kan word ten opsigte van die identiteitskonstruksie van sogenaamde kosmopolitiese en/of transnasionale subjekte. Met die oog op die bespreking van die roman in die volgende hoofstuk, word daar ook ’n bondige opsomming van *Die derde spoel* gegee. Die hoofstuk word afgesluit met opmerkings oor resensente-menings en ander lesersreaksies ten opsigte van die roman.

#### 3.2. S.J. (Fanie) Naudé

Fanie Naudé is in Suid-Afrika gebore en het in Lukasrand, Pretoria, grootgeword. Hy matrikuleer aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in die Jakarandastad. Ná sy regstudie aan die Universiteit van Pretoria ontvang hy ’n beurs van die Prokureursorde om sy LL.M-graad aan die Universiteit van Cambridge te voltooi. Danksy ’n Fullbright-beurs kon Naudé kort ná sy terugkeer na Suid-Afrika vir ’n tweede meestersgraad in die regte aan die Columbia-Universiteit in New York, inskryf. Hierna is Naudé by die transnasionale regsfirma Shearman en Sterling aangestel waar hy twee jaar lank gewerk het, voordat hy na die firma se Londense kantoor oorgeplaas is. Sy betrokkenheid by ’n transaksie wat sewe Deense vervoerinstellings betrek het, het meegebring dat hy dikwels tussen Londen en Kopenhagen moes reis. Van sy ander transaksies het “komponente in tot 60 lande ingesluit” (Terblanche, 2017).

---

<sup>13</sup> Aangesien *Die derde spoel* reeds in 2017 verskyn het, word Naudé se tweede kortverhaalbundel, *Dol heuning* (2021), nie hier bespreek nie.

Teenoor Hanlie Retief (2012) erken Naudé hy het gedurende sy tyd as regspraktisyn oorseë 'n behoefte gehad om te skryf. "Dit (skryf) was iets wat plek gesoek het om uit te bars, soos 'n verstopte pyp wat mens oopmaak."

Aan die einde van 2009, ná dertien jaar in Londen, het Naudé as internasionale regspraktisyn bedank en na Suid-Afrika teruggekeer. Hy het vir 'n meestersgraad in kreatiewe skryfkuns onder leiding van Marlene van Niekerk aan die Universiteit Stellenbosch ingeskryf. Die kortverhale in sy debuutbundel, *Alfabet van die voëls*, het grootliks hul ontstaan gehad tydens die kreatiewe komponent van dié meestersgraad. Ofskoon Naudé reeds op hoërskool aan 'n "ontsnappingsprojek" begin werk het om uit Suid-Afrika te kom, was sy verblyf in Europa en die VSA egter nie in alle opsigte so idillies soos wat hy dit voorgestel het nie:

Om in Engeland of New York te studeer en te werk, word 'n soort vertalingsproses. Jy vertaal wat jy beleef in jou eie emosionele en kulturele raamwerk. Jy bewoon 'n soort tussenwêreld, nie heeltemal van daar nie en geleidelik nie meer heeltemal van hier nie. Daar's baie opwinding, maar ook ontredding. (Retief, 2012)

Net so het die terugkeer na Suid-Afrika vir hom ook eiesoortige uitdagings ingehou:

Die aanpassing ná sestien jaar weg was nie maklik nie. In 'n mate is 'n mens weer 'n immigrant in jou eie land. Jy kyk met vervreemding na die ommuurde bestaan, met afstand na jou moedertaal. (Retief, 2012)

Maar dit is nie net vanweë sy eie buitengewone posisionering dat Naudé die terugkeer na Suid-Afrika problematies gevind het nie; sy keuse om juis in Afrikaans te (bly) skryf oor 'n Suid-Afrika wat tydens sy afwesigheid radikaal verander het, hou ook besondere uitdagings in:

Hoe integreer 'n mens die geamputeerde verlede met die absurde hede? En hoe reageer mens op die troebel en gefragmenteerde nuwe sosiopolitieke landskap? En hoe doen jy dit, daarby, in die lig van jou huiwerige en afstandelike begrip van hierdie plek, hierdie land? En in die lig van jou knaende buitestaanderskap, hier sowel as in die noordelike halfmond waarin jy die meeste van jou volwasse lewe deurgebring het. (Naudé, 2016)

Een van die maniere waarop Naudé as skrywer op bogenoemde reageer, is juis om karakters met soortgelyke identiteitskwellinge en h gevoel van geografiese impasse ervaar, doelbewus deel van sy verhale te maak.

### **3.3. *Alfabet van die voëls* (2011)**

Die kortverhaalbundel *Alfabet van die voëls* is in 2011 deur Umuzi uitgegee en het besonder positiewe resensies ontvang. André P. Brink (2011) het die bundel, onder andere, as “merkwaardig” en “onder die bestes in Afrikaans” beskryf, terwyl Jeanette Ferreira (2012) dit “buitengewoon” genoem het. In 2012 is die bundel met sowel die Universiteit van Johannesburg se debuutprys as die Jan Rabie/*Rapportprys* vir vernuwende literatuur bekroon. Naudé het die bundel self in Engels vertaal as *The alphabet of birds* en hy het in 2012 'n SALA-toekenning vir dié vertaling ontvang.

Die sewe verhale in *Alfabet van die voëls* is heelwat langer as wat die norm in Afrikaans is. As gevolg hiervan bring Viljoen (2011) dit in verband met die vier verhale in Marlene van Niekerk se *Die sneeuslaper*, asook die kortkuns van skrywers soos Alice Munro en W.G. Sebald. Viljoen (*ibid.*) wys veral ook op die deurslaggewende rol wat beweging, migrasie, reis, afskeid, aankoms en vertrek in die verhale speel:

Die bundel gee 'n indringende beeld van die opwinding én ontreddeing wat die kontemporêre mens se beweeglikheid binne 'n globale omgewing veroorsaak. Maar nog selde het die Afrikaner-diaspora so onherbergsaam gelyk soos in die twee verhale waarin Ondien die hooffiguur is. (Viljoen, 2011)

Smith (2017:5) kom in haar MA-verhandeling, “Re-imagining the past, negotiating the present: The lived diasporic experience in S.J. Naudé and Jaco van Schalkwyk’s fiction”, tot die gevolgtrekking dat *Alfabet van die voëls* h bundel is waarin die implikasies van tuiskoms en transnasionisme pertinent ondersoek word.

Oor hierdie, en ander verwante, aspekte besin Viljoen (2014:31-47) meer uitgebreid in 'n artikel getiteld “Perspektiewe op die kosmopolitisme en transnasionisme in S.J. Naudé se *Alfabet van die voëls*”. In dié artikel lees en bespreek sy drie van die sewe kortverhale in die bundel “teen die agtergrond van kontemporêre diskussies oor globalisering, kosmopolitisme en transnasionisme” (Viljoen, 2014:31). In haar teoretiese begronding verwys sy veral na die werk van Robert Spencer, aangesien sy omskrywing

van kosmopolitisme enersyds 'n poging is “om die mens se posisie in 'n wêreld waarin transnasionale bewegings algemeen geword het te beskryf” (Viljoen, 2014:45) en andersyds 'n sekere tipe ingesteldheid propageer “wat ten beste met die nalatenskap van die verlede sou kon afreken en voortgesette ongelykhede uit die weg sou kon ruim” (*ibid.*). Viljoen maak spesifiek melding daarvan dat Spencer (2011:4) in sy boek *Cosmopolitanism and Postcolonial Literature* onderskeid tref tussen kosmopolitisme en globalisering. Terwyl *globalisering* ekonomiese en kulturele homogeniteit in die vooruitsig stel, behels *kosmopolitisme* eerder positiewe waardes soos demokrasie, menseregte en regsoewereiniteit (Viljoen, 2014:32). Volgens Spencer verwys die begrip *kosmopolitisme* na 'n sisteem van transnasionale verhoudings beliggaam in strukture en instellings, terwyl 'n kosmopolitiese ingesteldheid gepaard gaan met selfbewussyn, 'n besondere sensitiwiteit vir dit wat buite jou onmiddellike omgewing lê, asook 'n verhoogde sin van morele en politieke verantwoordelikheid (Viljoen, 2014:32). Anders as die begrip *internasionaal* stel dit 'n vorm van gemeenskap *anderkant* eerder as *tussen* nasiestate in die vooruitsig. In haar samevatting wys Viljoen (2014:45-46) daarop dat die meeste verhale in die bundel “inspeel op 'n veel groter ruimte as die nasionale en dat dit verskillende soorte bewegings in 'n groter transnasionale wêreld reflekteer.”

Wat spesifieke (transnasionale) verbande tussen *Alfabet van die voëls* en *Die derde spoel* betref, kan die volgende uitgesonder word:

- Anders as die benoemde hoofkarakter in “h Meester uit Duitsland” wat op “selfbewuste wyse die intieme omgang met sy familie (en nasie) aanvul met 'n oopgesteldheid vir 'n groter transnasionale gemeenskap” (Viljoen, 2014:38), wil dit voorkom asof Etienne in *Die derde spoel* juis deel word van die transnasionale gemeenskap (eintlik verskillende transnasionale gemeenskappe) ten einde van sy eie familie en sogenaamde “tuisland” te vlug.
- Die klem wat daar in *Die derde spoel* op Axel se kuns en Etienne se soeke na die drie filmrolle in Oos-Berlyn geplaas word, herinner onwillekeurig aan die verhaal “VLNS”, waarin daar nagedink word oor watter tipe estetika ontwikkel kan word “in 'n wêreld waarin die grense tussen nasies as gevolg van transnasionale beweging vervaag, maar waarin die invloed van imperiale en koloniale geskiedenis nog steeds geld” (Viljoen, 2014:39). Hoewel die lotgevalle van Ondien en haar sangmaats, Beauty en Nungi,

suggereer dat dit nie altyd moontlik is om 'n grensoorskreidende estetika in veral ruimtes van "rassistiese en oormeesterende manlikheid" (Viljoen, 2014:39) te ontwikkel nie, wil dit voorkom asof die metropole in *Die derde spoel* (spesifiek Londen en Berlyn) juis dié ruimtes is waarheen kunstenaars kan gaan ten einde hulself te "denasionaliseer" sodat hulle werklik avant-garde kuns kan skep (Casanova, 2003:127).

- Die verwickelde moeder-kindverhouding in die kortverhaal "Die moederskwartet" eggo tot 'n mate in Etienne se verhouding met sy ma in *Die derde spoel*. In albei tekste word daar kommentaar gelewer op die rol wat die moedersfeer, die moedertaal en die moederland kan hê op lewens wat uitgelewer is aan migrasie, hervestiging en diaspora wat so 'n belangrike deel uitmaak van diskussies oor globalisering, transnasionale en kosmopolitisme" (Viljoen, 2014:42). In hierdie opsig kan Ondien se broer, Cornelius, as 'n tipe "voorloper" van die Etienne-karakter in *Die derde spoel* beskou word. Deur middel van sy verhuising na Londen en die opsoek van allerlei ekstreme ervarings, probeer Cornelius (soos Etienne) om die grootste moontlike geografiese en psigologies-emosionele afstand tussen hom en Suid-Afrika te bewerkstellig.
- Die bykans intuïtiewe wyse waarop Axel ondersteuning aan Etienne se sterwende moeder bied – hy gaan haal 'n teelepel wanneer sy ongeduldig vir 'n "takbokkie" vra "om die anemone mee te eet" (285); hy praat sag en troostend is sy swaar aksent met haar wanneer hulle haar gebrande hand met salf insmeer (287); en hy is ook eerste by wanneer sy op die mat van dennenaalde in die plantasie inmeekaarsak (293) – herinner onwillekeurig aan die gemaklik-geoefende wyse waarop Hisashi in "Oorlog, bloeisels" die hoofkarakter se moeder met sterwensbegeleiding help.

'n Belangrike ooreenkoms tussen die verhale in *Alfabet van die voëls* en die roman *Die derde spoel*, is dat daar nie in een van die twee eenvoudige antwoorde ten opsigte van die komplekse verskynsel van transnasionale voorgestel word nie. Die tekste demonstreer dat die kosmopolitiese, transnasionale subjek se verhouding met sy moedertaal en moederland buitengewoon verwickeld is.

### 3.4. *Die derde spoel* (2017)

In 2013 word die Jan Rabie en Marjorie Wallace-skrywersbeurs aan Naudé toegeken vir sy projekvoorstel vir 'n roman "wat afspeel teen die agtergrond van die diaspora en binne 'n kosmopolitiese wêreld, wat daarop afgestem is om ongekaarte gebiede vir die Afrikaanse taalwêreld oop te skryf" (Naudé aan Meyer, 2017).

Die resultaat van dié beurs en Naudé se twee jaar lange navorsing, is sy debuutroman, *Die derde spoel*, wat terselfdertyd in Engels as *The Third Reel* by Umuzi verskyn.

#### 3.4.1. Verhaalopsomming

Die hoofkarakter in *Die derde spoel*, Etienne Nieuwenhuis, verlaat Suid-Afrika in 1986, tydens die laaste jaar van sy ingenieurstudie in Pretoria, en gaan vestig hom aanvanklik in Londen. Anders as wat sy eie beweegredes vir dié skuif mag impliseer, verlaat Etienne die land nie in die eerste plek vanweë sy politieke oortuigings of kameraadskap met ander lede van COSAWR nie. Hy verlaat Suid-Afrika eerder as 'n vorm van persoonlike verset aangesien hy nie geneë is met die tipe lewe wat daar van hom as Afrikanerman in sy geboorteland verwag word nie.

In die Londen van die tagtigerjare leef Etienne hom – veral wat sy seksualiteit as gay man betref – uit op maniere wat hy nie in Suid-Afrika kon of durf doen het nie. Hy het 'n hele aantal kortstondige seksuele verhoudings voordat hy sy hart uiteindelik op 'n enigmatiese kunstenaar en kinderverpleër, Axel, verloor. Aanvanklik spits Etienne hom in Londen op sy liefde vir musiek toe. Hy was in Suid-Afrika immers deel van 'n *band* en het sy tromstel met groot moeite na Europa laat verskeep. Hy ontdek egter, danksy Aodhan, dat hy 'n besonder lewendige belangstelling in films het en besluit om as student by 'n filmskool in Londen in te skryf.

Een van die opdragte wat die studente by die filmskool moet uitvoer, is om onder meer die geskiedenis van 'n verlore film na te vors. Axel oorhandig aan Etienne 'n lêer met die storieborde en ander dokumentasie met betrekking tot 'n verlore film, die *Berliner Chronik*. Dit is in 1933 onder regie van Ariel Schnur deur Irmgard Fleischer (Axel se ouma) vervaardig met die (werklike) skrywer Walter Benjamin se boek *Berliner Kindheit um Neunzehnhundert* as grondstof. Etienne se belangstelling is tot so 'n mate geprikkel dat hy

vir die duur van die roman erns daarmee maak om dié verlore filmspoele te probeer opspoor.

Wanneer Axel ná h besoek aan Duitsland om een of ander onverklaarbare rede nie na Londen terugkeer soos wat sy vliegtuigkaartjie aandui nie, vertrek Etienne as h uitruilstudent na 'n filmskool in Oos-Berlyn. Een van die redes waarom hy deel word van dié uitruilooreenkoms, is waarskynlik h doelbewuste poging om Axel te probeer opspoor. By meer as een geleentheid reis Etienne van Oos- na Wes-Berlyn om daar na Axel te gaan soek. Tydens een van dié reise, ontmoet Etienne vir Matthias, Christof en Frederick – 'n drietal wat saam in 'n band speel – in h kuierplek.

Wanneer Etienne op 'n stadium uit Oos-Berlyn vlug, lê hy besoek by Matthias-hulle af wat hulle oor hom ontferm. In dié tyd verneem Etienne dat sy pa, tot op daardie stadium woonagtig in Suid-Afrika, oorlede is. Etienne se soektog na die verlore filmspoele lei hom na ene Volker, wat later blyk Axel se pa te wees. Volker gee, teen betaling, vir Etienne 'n adres in Hannover waar sy seun homself glo bevind.

Etienne vertrek daarna saam met Matthias-hulle via Hannover na 'n optrede in Bremen. Wanneer Etienne vir Axel in Hannover opspoor, sê laasgenoemde dat hy in die tronk was. Kort hierna skei Etienne en Matthias-hulle se paaië.

In April 1990 vlieg Etienne en Axel na Suid-Afrika. Hulle gaan saam met Etienne se ma na Pietermaritzburg – die stad in Natal waar sy grootgeword het. Vir Etienne se ma is dit as't ware 'n afskeidsreis aangesien sy breinkanker het. Kort ná Etienne en Axel se terugkeer na Europa kry Etienne die nuus dat sy ma oorlede is. Hy besluit om nie terug te keer na Suid-Afrika vir haar begrafnis nie. In dié tyd sê Axel aan Etienne dat Bernhard Sauer, 'n sterwende man by wie Etienne vroeër 'n filmspoel gesteel het, inderdaad sy (Axel se) oupa was.

Etienne en Axel voer daarna 'n oënskynlik rustige bestaan in Schöneberg, Berlyn, waar hulle hulself onder andere besig hou met die plant en verbouing van groente. Gou word dit egter duidelik dat Axel siek is – hy verloor by die dag meer gewig en raak vinnig uitasem. Terwyl Axel se gesondheid daaglik verswak, reis Etienne op Axel se aandrang

na Argentinië om die derde spoel van die *Berliner Chronik* te probeer opspoor. Terwyl Etienne daar is, ontvang hy die nuus van Axel se afsterwe.

Ludick (2018:2) merk tereg op dat *Die derde spoel* as “dubbele speurverhaal” gelees kan word. Aan die een kant is daar die drie spoele van die film *Berliner Chronik* waarna Etienne vir die grootste gedeelte van die roman op soek is. Aan die ander kant loods hy tydens hierdie speurtog ook ’n soektog na sy minnaar, Axel, wat spoorloos verdwyn het. Hoewel laasgenoemde speurtog suksesvol opgelos word, vind Etienne egter nooit die derde spoel nie en bly die film dus onvolledig. Op hierdie wyse word een van die standaardkonvensies van die tradisionele speurverhaal (naamlik dat die raaisel aan die einde opgelos word) op veelseggende wyse in Naudé se roman ondermyn. Op dié wyse eggo die waarskuwing van die dosent by die filmskool – “dis nie elke dag dat meesterstukke vanuit die skadu in die lig gebring word nie” (64) – glashelder in Etienne se ore.

### **3.4.2. Resepsie**

In 2019 word die Hertzogprys vir Prosa aan *Die derde spoel* toegeken. Koen (2017) beskryf die roman as een van die literêre hoogtepunte van 2017, terwyl Van Vuuren (2017) dit “’n magistrale roman wat sowel kunswerk as filosofies-kulturele kommentaar op die mens en sy sogenaamde beskawing is”, noem.

Viljoen (2018) verwys daarna as ’n teks “wat aanvanklik lyk asof dit die bekende pad van ’n jongman se verset teen die Afrikanernasionalistiese patriargie gaan inslaan, maar dan met so ’n verrassende, energieke en gelade invulling van daardie gegewe vorendag kom dat dit die leser heeltemal oorrumpel.”

In sy bespreking van die roman, wys Burger (2017) veral op die tematiese verbande tussen *Alfabet van die voëls* en *Die derde spoel*:

Talle van die temas uit die kortverhaalbundel word weer ontgin, waarvan die opvallendste waarskynlik ’n aansluiting by die belewenis van globalisering is. Die ekonomiese, politieke en kulturele veranderings wat die wêreld oor die afgelope paar dekades ’n veel kleiner plek gemaak het, met die ongebreidelde uitwisseling van geld, arbeid, politieke invloed en kulturele produkte, wat elkeen van ons raak. (Burger, 2017)

Cochrane (2017) sluit hierby aan wanneer hy in sy resensie (2017:11) van die “mobiliteit” van karakters en die oorskryding van (geografiese én “vleeslike”) grense melding maak.

Hoewel Barnard-Naudé (2017) die roman nie direk met aspekte soos kosmopolitisme en transnasionisme in verband bring nie, begin hy sy resensie-essay met ’n aanhaling uit die werk van Brient (2000:513) wat op die negatiewe eerder as die positiewe gevolge van globalisering dui:

The modern world has seen an unprecedented rise in individual freedom, and yet the autonomy of the individual has all too often given way to the anomie of the individual. Loss of community advances alongside failed experiments in social engineering, and the spectre of totalitarianism haunts the modern dream of social and political emancipation.

### **3.5. *Dol heuning* (2021)**

Met *Dol heuning* (in Engels uitgegee as *Mad Honey*) keer Naudé terug na die kortverhaal en verower hy die vir die tweede agtereenvolgende keer die Hertzogprys vir Prosa in 2022. Soos Human (2022) tereg opmerk, is die meeste verhale in die bundel “langer-as-gewone kortverhale wat die indruk van kompakte novelles eerder as tradisionele kortverhale skep”. Anders as in *Alfabet van die voëls* is hierdie bundel egter ook kortkortverhale soos “Twee libretto’s”, wat nie eers twee volle bladsye beslaan nie, en “Daar is mans” wat net meer as vyf bladsye lank is.

In talle verhale steek karakters nasionale grense oor, maar word hulle om die een of ander rede gedwing om hulle belewenis van die land(e) wat hulle agter gelaat het met hulle belewenis in die land waarin hulle hul tans bevind, krities te beoordeel. Hierbenewens kry die leser dikwels die indruk dat karakters dit in baie gevalle moeilik vind om ’n sinvolle brug tussen die agtergelate en nuutbetrede ruimte te bewerkstellig. In Hele paar karakters in *Dol heuning* skep die indruk dat hulle, ten spyte van hul argelose geografiese mobiliteit, wêreldvreemd is en nêrens werklik tuis of geborge voel nie.

Wat tematiek betref, kan ’n “subtiele fokusverskuiwing ten opsigte van Naudé se opeenvolgende prosawerke aangetoon word. In al drie [...] staan intiem persoonlike

verhoudings (en veral ouer-kind-verhoudings) sentraal. Die fokus val egter in elke teks op 'n ander figuur in die triade: moeder, vader en kind.” (Human, 2022) In *Alfabet van die voëls*, wat Naudé aan sy oorlede moeder opdra, staan die moederfiguur, maar ook die moederland en -taal in meeste verhale sentraal. In *Die derde spoel* verskuif die klem na die vaderfiguur (en by implikasie ook die vaderland) wat 'n lang skadu oor die gebeure in sowel Etienne as Axel se lewens speel. Teenoor hierdie problematiese pa-seunverhoudings, word die onderskeie moederfigure (en die verhoudings wat hulle met hul seuns het) heelwat meer positief, hoewel teruggestemd, uitgebeeld.

Ook in *Dol heuning* staan die ouer-kindverhouding sentraal, maar nou word dit meestal vanuit die perspektief van 'n ouerfiguur (of minstens 'n volwasse karakter wat alles sal gee om 'n vader of moeder te wees) aangebied. In feitlik elke verhaal in die bundel is daar verwysings na die uitdagings (en plesiere) van ouerskap, die hartseer van kinderloosheid, die probleme verbonde aan surrogaat-ouerskap en die uitgelewerde posisie van soveel kinders in ons wye en droewe land (maar ook wêreldwyd). Nie al die kinderkarakters in die bundel word egter as slagoffers van hul omstandighede uitgebeeld nie. In sommige van die verhale is juis die kinderkarakters vir die volwassenes tot voorbeeld wat hul veerkragtigheid en vermoë om by veranderende omstandighede aan te pas, betref.

'n Verdere opvallende ooreenkoms wat die verhale in *Dol heuning* spesifiek met die roman *Die derde spoel* vertoon, is dat dit – onder meer – as “droewe liefdesverhale” gelees en getakseer kan word. Daar is reeds daarop gewys dat *Die derde spoel* as 'n reisverhaal, speurverhaal of as *Bildungsroman* gelees kan word. In 'n belangrike opsig is dit egter ook 'n roman oor die soms verwoestende, soms genesende, liefde tussen Etienne en Axel.

### **3.6. Vooruitskouing**

Dit is veral teen die agtergrond van die kort verhaalopsomming wat hierbo ten opsigte van *Die derde spoel* gegee is, en die opmerkings oor die rol wat kosmopolitiese subjektiwiteit en geografiese verplasing (dikwels in die vorm van die oorsteek van nasionale grense) in Naudé se prosa speel, dat Etienne Nieuwenhuis se identiteitskonstruksie en -belewenis in *Die derde spoel* in die volgende hoofstuk ontleed en bespreek word.

## HOOFTUK 4

### DIE DERDE SPOEL

#### 4.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na die invloed wat geografiese verplasing (migrasie) op die identiteitskonstruksie en -belewenis van Etienne Nieuwenhuis, die hoofkarakter in *Die derde spoel*, het. Daar word, onder meer, aandag gegee aan die wyse waarop Etienne se identiteitsbelewenis in Europa (aanvanklik in Londen, maar ook later in Oos- en Wes-Duitsland) verskil van die sogenaamde Afrikaneridentiteit waarop hy sy rug oënskynlik doelbewus keer.

Met die oog hierop, word daar gekyk na die redes waarom Etienne Suid-Afrika verlaat en hom eerder oorsee gaan vestig. Daarna word stilgestaan by die wyses waarop Etienne sy identiteit – veral as gay man – in Europa uitleef, asook die invloed wat ander karakters en geografiese ruimtes (die lande waarin hy hom opeenvolgend vestig) op sy identiteitskonstruksie het. Voorts word daar besin of Etienne wel daarin slaag om van sy Suid-Afrikaanse (Afrikaner-) identiteit afstand te doen ten einde, in die plek daarvan, 'n identiteit aan te neem wat nie deur grense en verbintenisse bepaal word nie. Ten slotte word die vraag gestel of, en tot watter mate, Etienne se identiteit in die roman as transnasionaal beskou kan word.

#### 4.2. Etienne as asielsoeker<sup>14</sup>

Soos dit uit die verhaalopsomming van *Die derde spoel* blyk (sien hoofstuk 3), vlug Etienne Nieuwenhuis gedurende sy laaste universiteitsjaar in Suid-Afrika na Engeland, waarna hy ook tydelik in Oos-Berlyn, Wes-Berlyn en selfs vir 'n kort wyle in Argentinië, bly.

Daar is egter geen aanduiding dat Etienne sy Suid-Afrikaanse burgerskap opsê (ten spyte daarvan dat hy oënskynlik niks met Suid-Afrika te doen wil hê nie) en Britse (of dan later Oos-Duitse of Wes-Duitse burgerskap aanvaar nie). Hy doen eerder aansoek om asiel. *Asiel*, afgelei van die Griekse woord wat letterlik “toevlugsoord” of “heilighdom” beteken,

---

<sup>14</sup> Selfs Etienne se asielsoeke sluit by die speurverhaaldiskoers aan wat deur heelparty kritiese lesers in die roman geïdentifiseer is.

word verkry wanneer iemand in sy land van oorsprong (tuisland) vrees vir vervolging of viktimisering as gevolg van godsdiens, nasionaliteit, politieke oortuigings of lidmaatskap van een of ander sosiale groepering. So lank as wat die persoon se aansoek om asiel deur die owerhede oorweeg word, het hy<sup>15</sup> die reg om in die land aan te bly.

Iemand met asielstatus (soos wat Etienne inderdaad later kry), is dus maar al te bewus van sy (problematiese) verbintenis met sy land van oorsprong (waarin die lewe vir hom om een of ander rede vir hom onhoudbaar geraak het) en 'n nuwe land waarin hy hom meer geborge, en dalk selfs uiteindelik "tuis", voel.

Etienne doen as "vlugteling" uit Suid-Afrika aanvanklik aansoek om asiel in Brittanje en dan later ook, so wil dit altans voorkom, in die verendigde Duitsland (nadat die Berlyne Muur geval het).

#### **4.2.1. Die redes waarom Etienne Suid-Afrika verlaat**

*Die derde spoel* begin waar Etienne as twee-en-twintigjarige jong man in die bed van 'n minnaar in Londen wakker word. Soos wat hy as kind gedroom het, is hy nie meer in Pretoria, "die stad van sy jeug" (11)<sup>16</sup>, nie, maar ontwaak hy (letterlik en figuurlik) in "n Nuwe Stad" (ibid.) – waar hy nou, by wyse van spreke, die gordyne kan oopruk "en visioene van ander stede [kan] innooi" (ibid.).

Dat sy aankoms in Londen vir hom 'n tipe hergeboorte én herbedrading verteenwoordig, blyk duidelik daaruit dat hy (i) na sy geboortestad Pretoria verwys as 'n slapende stad en die inwoners as siekes wie se "lywe platgetrek [is] in bedompige kamers soos plaagsterftes" (11), maar ook (ii) sy eerste seksuele ervaring met 'n man (Frank, die Nieu-Seelander) aan die hand van die volgende insig verwoord.

---

<sup>15</sup> Die woornaamwoord "hy/hom/sy" word deurgaans gebruik, aangesien dit bykans elke geval om die hoofkarakter, Etienne, gaan.

<sup>16</sup> Etienne se grootwordjare in Suid-Afrika word slegs aan die hand van herinneringe en gedagtevlugte vermeld. Boonop verkry die leser slegs toegang tot dié gedagtes en ervarings via Etienne se perspektief as volwassene daarop.

Sy ou vlees moes swig voor iets hard, iets soos brons. Iets wat gepoets kan word tot h koue glans. Hy is nou gereed vir die Nuwe Stad. Sy lyf is h radar, sy vel h nuwe land, sy hart h blink masjien. (15)

Wanneer h mens in die tweede hoofstuk van die roman lees dat Etienne in sy laaste universiteitsjaar aan die End Conscription Campaign (ECC) geskryf het met die dringende versoek: “Ek sal enigiets doen om nie weerwag toe te gaan nie. Het julle raad vir my?” (16) en dat hy pas nadat hy in Londen aangeland het – “vars van die vliegtuig en moltrein, koffer in die hand, [...] direk na The Committee on South African War Resistance se kantore” (ibid.) is – wil dit voorkom asof Etienne die Suid-Afrika van die tagtigerjare van die vorige eeu veral vanweë morele en politieke besware teen verpligte militêre diensplig verlaat. Dit blyk egter nie heeltemal die geval te wees nie.

Wanneer h man byvoorbeeld nog in Suid-Afrika aan Etienne skryf, die beginsels van pasifisme uitleë en hom probeer oortuig dat dit ander sou help indien hy as “gewetensbeswaarde in die land aanbly” (19), antwoord Etienne hom redelik bot dat hy praktiese raad benodig ten einde so “gou moontlik” (ibid.) Londen toe te kan gaan.

Later probeer ene Brent, “h sosioloog wat aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer het” (20), en een van die talle dienspligontduikers is wat saam met Etienne in miss Jackson se losieshuis loseer, met Etienne oor die sogenaamde “Cause” (ibid.) praat. Hy maak nogal die pap dik aan:

Brent het met hom gepraat [...] oor die onwettige besetting van Suidwes-Afrika (Namibië, soos Brent dit noem), oor die oorlog. Die militarisering van die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Die opofferings van dapper individue. Hy wou hê Etienne moet betrokke raak by die Londense anti-apartheidstrukture. (20)

Etienne is egter glad nie van voorneme om aktief by enige versetstryd teen die Suid-Afrikaanse regering aan te sluit of hom amptelik vir die bevryding van sy landgenote te beywer nie. Op Brent se tirade oor alles wat daar te doen is, die protesaksies wat gereël moet word en die plakkate wat versprei moet word, antwoord hy kalm, maar ferm: “Ek gaan filmskool toe. Ek het nie tyd nie.” (42)

Dit wil dus voorkom asof Etienne se ongemak met die situasie in Suid-Afrika meer direk met sy eie toekomsdrome en persoonlike identiteitskonstruksie verband hou as enigiets

anders. Uiteraard is die toenemende “militarisering van die Suid-Afrikaanse gemeenskap” (20) vir hom uiters kommerwekkend, maar hy wend hom doelbewus daarvan af omdat hy hom nie kan vereenselwig met die heteronormatiewe identiteit wat daar van hom as jong Afrikaanssprekende, wit man in Suid-Afrika verwag word nie.

Vanuit die staanspoor is dit duidelik dat Etienne hom met elke vesel van sy wese verset teen die verwagtings wat mans soos sy eie pa, maar ook sy geskiedenisonderwyser en kadetoffisier, ene meneer van Rooyen, as verteenwoordigers van die heersende (militaristiese) patriargale bestel, ten opsigte van hom as Afrikanerman stel<sup>17</sup>. Wanneer Etienne se pa hom byvoorbeeld een aand na sy studeerkamer ontbied en met groot erns aan hom sê: “Onthou, nie net jou eie belange is in die spel wanneer dit by ’n loopbaan kom nie. ’n Man moet sowel ’n gesin kan onderhou as waardevol wees vir sy land.” (16-17), dink Etienne onwillekeurig aan meneer van Rooyen “se snor en knop in ’n nylonbroek. Sy swetende boude wanneer hy tydens kadet-ure bevele blaf” (17), maar veral ook aan “skoolkadette”; “’n projek van die militêre owerhede en die onderwysdepartement” (ibid.).

As eertydse Volksraadslid, adjunkminister van landbou en jong “ster in die Party” (17), verwoord Etienne se pa presies wat daar van hom (Etienne) verwag sou word indien hy gekies het om in Suid-Afrika aan te bly (of dalk eerder nie besluit het om teen almal se verwagtings in na Londen te vlug nie):

Jy sal natuurlik eers jou diensplig moet voltooi ná jou ingenieurstudies. Dis ’n eerbare manier om mens se deel te doen. Jy sal jou vinnig na die offisersklas opwerk. Ek sal die nodige woord doen. Maar jy moet self ook jou staal wys. Ná die weermag, wil ek aanraai, moet jy jou meestersgraad in besigheidadministrasie gaan voltooi. ’n Goeie beginplek vir die besigheidswêreld. En op die lange duur, sal jy leer, is dit kritiek met wie jy jou assosieer. Die Organisasie bly belangrik. (18)

Vir Etienne sou dit egter beteken dat hy afstand moes doen van alles wat vir hom kosbaar en betekenisvol is, en deel word van ’n macho-bestel waarmee hy hom glad nie kan of wil vereenselwig nie. Hy sou naamlik die knie moes buig voor ’n manlikheid wat, die ooglopende homososiale ondertone daarvan ten spyte, na buite kragdadig is en alle tekens van homoseksualiteit daadwerklik onderdruk. ’n Sprekende voorbeeld hiervan is Etienne

---

<sup>17</sup> Giliomee (2018:139) sê dat apartheid “ ’n beleid (was) om die Afrikaner-mag te verskans”.

se pa se reaksie op die duur geskenk – “h stel met skeerkwas, naskeermiddel en cologne” (100) – wat Etienne een Kersfees vir hom koop (in h poging om sy goedkeuring en guns te wen):

Sy pa het gefrons toe hy dit oopmaak en oor sy bril gekyk, soos h diagnoseerende dokter. ‘Regte mans,’ het hy gesê, ‘smeer nie reukwater aan hulself nie.’ Sy kop het aanhou skud. ‘Hierdie is nie iets wat een man aan h ander gee nie.’ (100)

h Ander, meer praktiese, rede waarom Etienne uit Suid-Afrika wou wegkom, is omdat hy nie sy identiteit as gay man openlik sou kon uitleef in die Pretoria/Suid-Afrika van die 1980’s nie. Anne-Marie Fortier (2003:117) wys byvoorbeeld daarop dat “coming out” vir heelwat gay individue ook ’n “moving out” impliseer, aangesien die migrasie na h “ware homoseksuele self” in baie gevalle ook die oorsteek van geografiese grense vereis. Sy verwoord dit soos volg:

Not only are queers forced to leave, but their entitlement to “home” is questioned because of the incommensurability of being queer and being “home”, in so far as “home” is a function of heterosexuality. (117)

In hierdie verband onderskei Fortier (2003) ook op veelseggende wyse tussen (i) die vervreemde kindertuiste wat ontvlug moet word en (ii) die sogenaamde “homey” gay of lesbiese subkultuur wat die queer individu as nuwe tuiste aanneem.

In Londen word Etienne inderdaad deel van h heel progressiewe, inklusiewe gemeenskap waarin verskillende identiteitsbelewensisse geduld en geakkommodeer word. Hier leef hy sy seksualiteit uit op maniere en tydens geleenthede wat hom beslis nie in die Pretoria van sy jeug beskore sou wees nie. By geleentheid merk hy heel veelseggend op:

Hoe bedroewend dat hy 22 jaar lank in so h klein web in die suide vasgevang was – hoeveel het hy nie om in te haal nie. (39)

Hoewel Etienne dus gewetensbeswaar teen verpligte militêre diensplig as die rede vir sy vertrek uit Suid-Afrika aanvoer, is dit in werklikheid sy beswaarde gewete vanweë die sosio-kulturele onverdraagsaamheid in sy land van oorsprong, wat hom uiteindelik tot dié radikale stap dwing.

#### 4.2.2. Die wyse waarop Etienne sy identiteit aanvanklik in Londen uitleef

"[This] city is not a place of origins. It is a place of transmigration and transmogrifications."

(Brand, 2002:62-63)

Ná sy geborge kinder- en redelik onstimulerende studentejare in Suid-Afrika, is dit veral die vryheid van sy bestaan (in elk geval op mikrovlak) in Engeland wat vir Etienne aantreklik en onweerstaanbaar is:

Hy moes gewoon raak aan deure wat nie sluit nie en dat Square-inwoners vryelik deur kamers drywe. Eiendom het h mens nie hier nie. Jy behoort aan niemand nie, en niemand behoort aan jou nie. Almal het toegang tot mekaar en mekaar se besittings. Niks is verbode of verpligtend nie. Niemand het aansprake nie. Hy hou daarvan. h Groot, vrydrywende liggaam. h Poel waarin mens na willekeur kan swem. Niemand wat reëls maak nie. Niemand in beheer nie. (23)

Waar hy hom vroeër hoofsaaklik op intellektuele vlak teen grense en voorskriftelikheid verset het, begin Etienne tydens sy verblyf in Londen dus daadwerklik grense uit te daag, te ondermyn en oor te steek.<sup>18</sup>

Wanneer Etienne ná h paar weke in Engeland aan sy aankoms in Londen terugdink, gebruik hy die beeld van h weeskind om na homself te verwys. Dit wil dus voorkom asof hy hierdeur nie net sy verbintenis aan sy biologiese ouers nie, maar ook aan sy vaderland en moedertaal probeer ontken. Aangesien hy nog nie asielstatus het nie, moet hy steeds sy Suid-Afrikaanse identiteitsdokument te alle tye by hom hê. Dié dra hy egter in sy onderbroek met hom saam. Hierbenewens gee hy voor om h Skandinawiër te wees en doen besonder baie moeite om nie na sy grootword- en studiejare in Suid-Afrika te verwys nie: "Sodra hy kan, sal hy sy herkoms soos h verslete kledingstuk van hom afsmyt." (23)<sup>19</sup>

---

<sup>18</sup> Hoe begrens en geïsoleerd Etienne se bestaan in Suid-Afrika was, blyk duidelik uit een van die sogenaamde "geheime" briewe wat sy ma aan hom in Londen stuur: "Niemand en niks kan hier uit nie, nie eens geld nie. Jy wel. Jy kon uitkom. My hart is gebreek daarvoor. Oor jou." (33)

<sup>19</sup> Wanneer Etienne oorsee is, raak dit vir hom egter al hoe moeiliker om homself los te maak van sy Suid-Afrikaanse wortels. Hoewel hy, wanneer sy pa en ma albei later ter sterwe kom, dit duidelik maak dat

Wanneer Etienne die sanger Jimmy Sommerville (van *The Communards*) een aand in h klub ontmoet en dié hom vra waarvandaan hy kom, antwoord Etienne: “Finland. Ons is dekades agter julle wat musiek betref.” (35) Sommerville vertrou egter nie heeltemal die vrede nie en merk op dat Etienne se aksent nie juis Fins klink nie. Hierna maak Etienne hom baie vinnig uit die voete, aangesien hy onwillig is om verdere vrae te beantwoord.

Dit is opmerklik dat heelwat van die Europeërs met wie Etienne in kontak kom, hom telkens uitvra na sy nasionale identiteit. Hulle wil deurgaans heel nuuskierig weet waar hy vandaan kom, waar hy gebore is en hoekom hy hom nou in dié spesifieke land bevind. Etienne se aandrang dat hy van Finland afkomstig is, oortuig bykans geen van sy gespreksgenote nie. Wanneer Etienne byvoorbeeld kort ná sy aankoms as uitruilstudent in Oos-Berlyn saam met Nils by die gebouopsigter gaan inteken, krap Etienne se “Afrikaanse van [...] hom om” (138). “So, du bist nicht Deutscher,” (ibid.) vra die man dan besonder agterdogtig. As Nils dan verduidelik dat Etienne h uitruilstudent uit Brittanje is en die man gevolglik Etienne se paspoort (vlugtelingsdokument) in die hande neem, skree hy met bewende wange aan Nils: “Nicht Grossbritannien, aber Südafrika!” (ibid.). Hierna maak “[h]angwange [...] h nota langs Etienne se naam in die register, besluit dan klaarblyklik dat hierdie h saak vir h ander forum is.

Dit is belangrik om daarop te let dat Etienne nie oorsee gaan om burgerskap van byvoorbeeld Brittanje te kry en daar as Brit te woon nie. Daar is ook geen aanduiding dat hy ooit probeer om volledig afstand van sy Suid-Afrikaanse burgerskap te doen nie. Dit ten spyte daarvan dat, wanneer Etienne in Londen is, hy besonder krities en afwysend teenoor Suid-Afrika is.

Tydens Etienne se verblyf in Bonnington Square 52 kruis sy paaie dus met dié van h hele falanks eiesoortige individue. Dit is egter die mans met wie hy h verhouding aanknoop wat die grootste invloed op sy identiteitskonstruksie en -belewenis het.

---

hy klaar met sy geboorteland is – “Daar bly niks vir hom in Suid-Afrika oor nie; hy sou nie weer daarheen reis nie” (Naudé, 2017:311) – is dit nie so eenvoudig nie. Dit is omdat ’n deel van Etienne se identiteit onlosmaaklik deel van Suid-Afrika en ook sy ouers is.

#### 4.2.2.1. Frank<sup>20</sup>

Etienne se “eerste” minnaar is Frank h beiaardier (kampanoloog) wat in h kloktoring naby die Teems woon: “Frank se kwartiere het bestaan uit h kamertjie met h klipvenster. Bo hulle, die klokke. Onder hulle, die Teems h swart snelweg wat die stad verdeel.” (13) Toe Frank hom vroeër die aand buite die Royal Vauxhall Tavern gesoen het, was Etienne “nie verras deur die aandrang van h man se lippe teen sy eie vir die eerste keer nie” (13). Hoewel Frank vir Etienne die reuseklok in die kloktoring laat aanraak het, hom asemrig ingelig het oor die geskiedenis van klokke in China en Engeland en selfs uitgewei het oor klokstemmingsmetodes het hy tydens hul eerste aand saam nie h enkele klok laat lui nie. Dit is eers wanneer Etienne die Sondagoggend koers kies na sy eie blyplek in Bonnington Square dat “h skokgolf van klank” (14) hom van agter tref:

Dis suiwer soos h voël wat die eerste keer sing. Hy draai om. Die geluid kom reg uit die son; dit skyn fel agter die toring. Kyk Frank na hom af terwyl hy hulle so lui? Etienne glimlag, lig h hand in blinde saluut, vuis gebal. (14)

Etienne moet egter daarmee verlief neem dat Frank gewis nie net die klokke vir hom laat lui nie. Tewens, hy hoor hulle heel gereeld op ander tye ook beier. Een oggend kan Patrick die kakofoniese geluid nie meer aanhoor nie en merk hy teenoor Etienne op:

“Jesus [...] [k]an hy nie ophou om sy conquests aan die wêreld uit te basuin nie? [...] Vir jou is dit h somer van eerste liefdes. Daardie ou: hy’t al baie seisoene geken. [...] Hy maak h congregation bymekaar. Almal wat in sy redemptive powers glo. En sy boude kom aanbid.” (24-25)

Hierna begin Etienne terugtrek in Frank se geselskap. Hy raak moeg vir al die inligting oor “vervloë dinge” (25), juis omdat hy besef dat daar soveel nuwe dinge is om te beleef. Soos die entoesiasme van Etienne se ontvangs taan, begin Frank se toesprake (maar ook die afsprake met hom) afneem:

Daar is ander geluide in Londen, dink Etienne, as dié uit Frank se toring. Hulle krul nog soms om mekaar in die toring, maar Frank is soos h ouer wat h kind in sy slaap

---

<sup>20</sup> Die naam “Frank” is van Duitse afkoms en beteken “vry”.

doodlê, soos iemand in 'n gewelddadige koma. Wanneer die klokke lui, skop Etienne se hart nie meer so hewig nie. (25)

#### **4.2.2.2. Aodhan<sup>21</sup>**

Hierna, is dit veral 'n Ier, Aodhan, wat Etienne, binne én buite hul erotiese omhelsings, aanmoedig om sy grense te verskuif. Dit doen hy veral deur Etienne aan nuwe kunsvorms, (brutalistiese) argitektuur en eindelijk ook klassieke films bekend te stel. Hoewel Aodhan skaars iets besit, het hy darem wel 'n televisie en videomasjien. Nadat hulle een middag na Tarkofski se *Spieël* gekyk het, word Etienne se reaksie soos volg beskryf: “Daar is 'n soort oopbarsting binne Etienne; hy is volledig gehipnotiseer.” (37) Hierna volg ook die films van “Pasolini en Visconti. Fellini en Antioni. Godard en Truffaut. Herzog en Fassbinder. Wenders en Schlöndorff” (38). Die impak hiervan is so groot op Etienne, dat hy die volgende voorneme verwoord (wat dan ook as belangrike motoriese moment in die roman funksioneer):

Sy lewe sal hy voortaan aan beelde op die skerm wy. Daarvan is hy seker. Hóé presies, weet hy nie. Hoe bedroewend dat hy 22 jaar lank in so 'n klein web in die verre suide vasgevang was – hoeveel het hy nie om in te haal nie! Hy dink aan hoe hy sy Blake-boek onder sy matras inglip wanneer hy sy pa se voetstappe in die gang hoor, aan die reuk van gom terwyl hy en sy pa op somermiddae in stilte aan modelvliegtuie bou. (39)

Etienne vergeet (tydelik) van die tromstel wat hy met soveel moeite vanaf Suid-Afrika laat verskeep het, en kyk die een film ná die ander. Hy besluit ook om hom as student by die filmskool in Covent Garden in te skryf ten einde ook op akademiese vlak met films besig te bly.

#### **4.2.2.3. Axel<sup>22</sup>**

En dan volg die “elektriese” ontmoeting met Axel, “die man met 'n boom op sy rug” (44), in 'n tunnel onder die treinspoorviaduk. Hoewel besonder intiem, is dit geensins 'n sagte of teer ontmoeting nie. Allesbehalwe:

---

<sup>21</sup> Die Ierse naam “Aodhan” dateer uit die sesde eeu en beteken “klein vuur” of “vurig”.

<sup>22</sup> Die naam “Axel” is afgelei van die Bybelse naam “Absalom” wat “vader van vrede” beteken.

Dit voel vir Etienne of die stad buite die tunnel aan die brand slaan. Hy kyk van die engel na die man wat langs hom hurk. Uit sy wit frokkie rank boomwortels teen sy nek op: h' tatoe. Die man se intensiteit is soos h' lem; hy steek h' hand na die bottel gif uit. [...] Etienne word aan sy pols binnetoe getrek. Hy hoor swart elektrisiteit dreun. Sy broek word in die donker afgestroop. Iets neem van Etienne besit; hy rem die man se hemp met h' skeurgeluid oor sy kop. Die bors voor hom is glad. h' Koel tong beweeg oor Etienne se baardstoppels soos wind deur afgebrande gras. In die dampe van vlermuispis tel hulle mekaar se kneukels, voel die senings aan mekaar se polse. Hulle liggame sluit. Dis so warm soos die hel. Etienne gee nie om waar daar transformators in die donker is, of lewendige kables nie. Die volts het sy liggaam reeds binnegegaan; hy is in die stad se netwerk ingeprop. Sy wange is teen growwe baksteen; hy is net spier en pees en krag. h' Dik stroom vloei reg deur hom, na slagpale en fabriek. (41)

Aanvanklik kan Etienne en Axel eenvoudig nie genoeg van mekaar se liggame kry nie. Wanneer hulle alleen is, is die “kamera (heel veelseggend) af” (52). Hulle seksuele koppeling word in ekstreme, bykans dierlike, terme verwoord:

Hy smyt Axel van die futon af, rol hom op sy maag om, ondersoek die tatoe. Axel ruik na droë hout en warm klip. Sy oë is geluidloos. Die dakkamer word h' lugleegte. Hul monde sluit, hul slape stroom van sweet. Hulle versmoor half, stort hewig saad. Hulle sit in teenoorgestelde hoeke, staar na mekaar, bevlieg mekaar. (52)

Benewens die feit dat Axel Etienne as't ware op h' hedonistiese wyse inlyf, is dit vir Etienne boonop moontlik om in sy verhouding met Axel afstand te doen van die identiteitsbagasie wat hy so lank met hom saamgedra het. Wanneer hy en Axel saam is, praat hulle byvoorbeeld nie “oor ouers, familie of geboorteplekke nie”. (18) In h' sekere sin kan Etienne in sy verhouding met Axel presies die persoon wees wie hy nog altyd wou wees: h' nuwe mens in h' nuwe stad.

Dit is wel interessant, en nogal veelseggend, dat Etienne se “leermeesters” in Engeland – Frank, Aodhan en Axel – onwillekeurig herinner aan die mans (en by name sy pa en meneer van Rooyen) wat Etienne so gretig in Suid-Afrika probeer agtergelaat. Dit wil voorkom asof die jong manne saam met wie Etienne soveel nuwe ervarings in Londen beleef, net soos die twee “veragtelike vaderfigure” wat hy in die Suidelike Halfrond

agtergelaat het, oor die algemeen koud, hard en selfs gevoelloos is.<sup>23</sup> Boonop tree hulle voorskriftelik en gebiedend op. Hulle lê dikwels op nogal pedantiese wyse die reëls neer.

Ten opsigte van Aodhan, met sy fassinatie vir brutalistiese argitektuur, word daar by geleentheid die volgende vanuit Etienne se perspektief opgemerk:

Aodhan het oë vir niks anders as die stomp geboue nie. Etienne raak moeg van al die beton, hou eerder Aodhan se blas lyf dop: kort en kompak, haas haarloos. Onontvanklik soos 'n klipblok. Daar is oomblikke, tydens seks, wanneer Etienne by Aodhan se liggaamsappe uitkom – by die natter plekke – en moontlikhede dan in die vog blink. Maar oorhoofs bly hy hard en afgeslote, nes sy geliefde beton. (31)

Hierbenewens voel Etienne ook uitgelewer aan Aodhan en Axel se “skemas”, presies soos wat hy uitgelewer gevoel het aan die planne wat die manne met die snorre in Suid-Afrika ten opsigte van sy toekoms gemaak het. Vergelyk in hierdie geval byvoorbeeld die volgende:

Waar hy in Aodhan se skemas inpas, is onmoontlik om te weet. Aodhan met sy oë soos die arktiese nag, met sy betonhart waarin drogplante ontkiem: nuwe spesies vir 'n nuwe soort stad. (39), en

Axel los leidrade. Op die trappe een oggend lê 'n fragment van 'n foto: 'n onderwatertoneel. Een warm middag dryf 'n brok geel satyn vanuit 'n oop venster tot langs die put. 'n Vuil kinderhandskoen verskyn in die toilet (is dit vol bloed?); klossies pels lê langs die stoof. (54)

Ofskoon Axel bykans alles verteenwoordig waarteen sy pa hom sou waarsku, en hy en Etienne se lewenstyl in Engeland lynreg verskil van dié wat sy pa in Suid-Afrika sou goedkeur of voorskryf<sup>24</sup>, herinner Axel in sekere opsigte (veral wat sy gedrag betref) onwillekeurig aan Etienne se pa. By meer as een geleentheid in die roman herinner iets

---

<sup>23</sup> Die enigste opsigtelike verskil, is dat hierdie jong manne juis hierdie kragdadige, macho facade gebruik om hul broos-/teer-/sagtheid te verskans.

<sup>24</sup> “Axel leef asof dit 1930 is. In die kombuis is 'n Dover-gietysteroond. Steenkool word van tyd tot tyd afgelewer. Daar is geen sentrale verhitting nie, net kaggels. Daar word in 'n sinkbad op die kombuisvloer gebad. (. . .) Teen mure is korste verf en bros muurpapier. 'n Klipgooi ver, anderkant London Bridge-stasie se spoorlynviadukte is rye glasgeboue waar finansiers die soort bestaan voer wat in Suid-Afrika aan Etienne uitgestippel is.” (51)

wat Axel doen Etienne byvoorbeeld aan sy pa. Wanneer Axel byvoorbeeld direk ná hul eerste seksuele ontmoeting kaalbolyf in die straat afstap, word die volgende waarneming uit Etienne se perspektief verwoord:

Op die lang rug is die tatoe ontbloot; h ontwortelde boom, onderstebo. Wortels oor die nek, kroontakke oor die lae rug. En op die middelrug, h knoetsige stam. Weerskante vlerk uitdagende skouers. Die man verlaat die tunnel; die boom los in die lig op. Etienne kyk af na homself: hy staan poedelnaak hier op die sypaadjie. Hy is verbaas daar kleef nie boombas aan sy vel nie. Sy hande bewe. Hy ruik na die sweet van h vreemdeling. Hy dink onverhoeds aan sy pa se studeerkamer, aan die halfverslane geur van sy pyprook. (42)

Baie soos Etienne se pa, tree Axel ook manipulerend teenoor Etienne en sy vriende op. Wanneer hy byvoorbeeld materiaal vir sy kuns-installasies benodig, skroom hy nie om almal in sy onmiddellike omgewing met opdragte te hiet en gebied nie. Hy hou daarvan om in beheer te wees en die reëls van die spel te bepaal. Boonop duld hy nie sommer teenkanting of ongehoorsaamheid nie. Dit is veral sy kort humeur, opvlieëndheid en bombasme wat sterk aan dié van Etienne se pa herinner. Een someroggend word Etienne-hulle se slaapkamer byvoorbeeld deur h swerm “wriemelende liewenheersbesies” (119) ingeneem. Die besies ignoreer vir Etienne, maar mik na Axel wat skynbaar “stuifmeelgeure” of “insekferomoon” (ibid.) afskei. Wanneer hulle op sy rug en in sy hare land en by sy beswete armholtes inkruip, sit hy skielik regop, krap die insekte uit sy ore, blaas hulle uit sy neus en spoeg met veragting na hulle:

‘Fokken jagse ladybirds!’ mompel Axel toe hy badkamer toe strompel. Die geluid van h dik straal urien teen porselein klink op. Hy vee en klap hoorbaar. [...] ‘Vlieënde terroriste!’ sê hy, kyk onderlangs na Etienne. (120)

Anders as Etienne se pa, beskou Axel dit egter sy plig om Etienne se sekerhede stelselmatig te ondermyn en hom – op soms ekstreem-pedantiese wyse – te dwing om sy waardes en lewensingesteldhede te bevraagteken en te herevalueer. Hy maak dit gewis nie altyd vir Etienne maklik om hom lief te hê en sy lewe met hom te deel nie.

Soms is Axel se onderrig-aanslag doelbewus uitdagend, anargisties en selfs kwaadwillig. By geleentheid neem hy vir Etienne na die Nunhead Cemetery waar hulle h “falanks

helsoldate" (89) – "die leier vooraan, vier ander soos dissipels agterna" (ibid.) – oënskynlik toevallig raakloop. Etienne besef redelik vinnig dat die "opgewondenheid in Axel se vingers" (ibid.) niks met hom te doen het nie. Tewens, hy bemerk eerder h "negatiewe lading" (ibid.) en openlike weerstand as hy naby Axel kom. Wanneer die "Finse goth-Jesus" (ibid.) sy baadjie uittrek en Axel hom ten volle aan die man oorgee, voel dit vir Etienne asof hy skielik nie meer vir Axel bestaan nie en dat Axel doelbewus daarop uit is om hom te verwond:

Axel gooi sy kop agteroor en maak sy mond oop, asof hy krag uit die lowerdak suig. Hy takel die goth, byt hom aan die skouer dat die bloed loop. Hy rem sy broek af, dwing die goth se kop na sy heupe. Etienne kyk toe; alles gebeur vinnig. Die goth raak van sy eie broek ontslae. Hy glimlag wreed na Etienne, reik uit en woel sý gordel ook los. Die Fin se hand is deurskynend soos fjord-ys. Hy spoeg melkerige speeksel op Etienne se penis. Op sy regtervoorarm, merk Etienne, is h hakekruistatoe. Klein en presies afgeteken. Etienne skrik, ejakuleer. (90)

Hoewel dit vir Etienne voel asof hy by iemand anders se "visioen" (91) ingesleep is, is die effek wat die ervaring op hom het so sterk dat hy h orgasme bereik; iets wat hom des te meer ontsteld en ontredderd laat voel.

Terug by die huis in Bermondsey Street hoor hy en Axel h rumoer in die straat. Wanneer hulle ondersoek instel, sien hulle h hond wat h stadsjakkals teen h frenetiese pas agternasit. Aangesien die hond die jakkals lomp agtervolg en selfs tjankend in h lamppaal vashardloop, vergroot die afstand tussen die twee totdat hulle albei skielik om die hoek verdwyn. Later keer die hond die jakkals in die steeg agter hulle agterplaas vas. Die hond spring na die jakkals, maar misreken hom en tref die muur. Sy skedel klap teen die bakstene en hy stort hulpeloos ineen. Die vos glip weg. Etienne kan nie glo wat hy sien nie en vra: "Wat is fout? Hoekom maak die hond homself so seer?" (94) Vanweë sy ontsteltenis oor die hond se gedrag en Axel wat voorgee dat niks buitengewoon gebeur het nie, verlaat Etienne hul huis met die voorneme om nie weer daarheen (of na Axel) terug te keer nie. Aangesien die vyf Finse goths egter hul intrek in sy kamer in Bonnington Square 52 geneem het, het hy geen ander keuse om stert-tussen-die-bene na Axel terug te kruip en weer by hom in te trek nie.

Wanneer Etienne reëndeurdrenk en woedend oor die drumpel van Bermondsey Street tree, glimlag Axel soos 'n blinde hond. “Welkom,” sê hy, “Welkom in my lêplek.” (102) Sonder dat Etienne duidelik uitsluitel het oor wie watter rol vertolk, daag die besef by hom dat hy en Axel mekaar altyd agterna sal sit, soos wat die hond homself nie kan verhelp om die jakkals te bly jaag nie. Dit is daarom ook nie heeltemal verrassend dat Etienne slegs 'n paar bladsye later tot die volgende insig kom nie:

Hy vergewe Axel die middag in Nunhead. En alles anders. Hulle kan die rivier weer kruis. Hy kan agter Axel gaan inkruip. Swart reën sal op die dak val. Hul porieë sal oopgaan; hulle velle sal boodskappe uitruil in die oggendure. (106)

Maar hierna verander ook Axel se ingesteldheid teenoor Etienne. Dit wil voorkom asof Etienne hom oplaas as “inisiaat” in die oë van sy leermeester (Axel) bewys het; asof hy die een of ander deurslaggewende toets geslaag het. Waar Axel hom vroeër glad nie by sy kuns-installasies betrek het nie, vra hy nou vir Etienne om hom met sy projek te help en hom die aand by die St. Thomas-hospitaal te ontmoet om “materiaal” (die hare van sterwende kankerpatiënte) te “oes” (107). Wanneer Etienne, wat nog nooit vantevore saam met Axel in die hospitaal was nie, uiteindelik plegtig sy sakkie hare in een van die hospitaalteekamers aan Axel oorhandig, kan hy sy gevoelens, 'n skielike, maar oorweldigende “opwelling van sentiment” (110), beswaarlik langer onderdruk:

‘Belowe jy sal by my bly,’ sê Etienne, ‘wanneer ek nie meer 'n kind is nie. Totdat ek oud is, en moeg, en skeefgetrek. Totdat pêrels oor my oë groei.’ (110)

Hoewel Etienne hierdie versoek in Afrikaans rig, en Axel gevolglik nie 'n woord daarvan verstaan nie, voel Axel in antwoord daarop wel met teerheid aan Etienne se sleutelbeen en laat rus hy sy vingerpunt in Etienne se kuiltjie onderaan sy keel. Hy gaan selfs sover om, die middag nadat Etienne die terugvoerverslag ten opsigte van sy filmprojek ontvang, 'n skildery van Etienne, op 'n reusedoek “in hiperboliese Blake-styl” (115), aan hom te oorhandig. Al woorde wat 'n oorstelpte Etienne uitkry, is “Ek het nie geweet jy skilder nie” (ibid.), maar in sy gedagte antwoord hy ondubbelsinnig “ja” op die versoek wat hý die aand in die hospitaal aan Axel gerig het:

‘Ek sal by jou bly, wil hy onder meer sê, totdat jy oud is, en moeg, en skeefgetrek. Totdat pêrels oor jou oë groei.’ (ibid.)

Hierna verloop Etienne en Axel se lewe (kortstondig) teen 'n gemaklike en vreedsame ritme. Hulle rig hul huis se vertrekke in met meubels wat hulle op straat versamel. Een middag kom Axel selfs met 'n televisie en videospeler by die huis aan:

Saans steek hulle nou ook houtvure in die kaggels aan. Hulle kook saam. Soppe en bredies. Axel maak swaar Suid-Duitse disse. Hulle maer lywe sit uit. Op donker aande sit hulle in kokende water in die sinkbad, was mekaar sorgvuldig. Etienne laat sy hare groei; dit raak nou aan sy skouers. Axel se word elke paar dae teen die skedel afgeskeer. Hy lê saans op Axel se bors, of Axel op syne. Hulle luister na musiek, of jakkalse in die strate. Hulle kyk films op video. Hulle trek warm aan en stap ure lank deur die stad. (118)

Net wanneer dit vir Etienne voel asof dinge tussen hom en Axel gemaklik en voorspelbaar begin raak en hy begin aanpas by die ritme van hul leefwyse, ontvang Axel 'n telegram wat hom nie net persoonlik ontstel nie, maar ook die balans tussen hom en Etienne versteur.

### **4.3. Etienne se speurtog(te)**

Aanvanklik is Axel se reaksie op die telegram moeilik om te vertolk. Hy is skielik "bleek en afgetrokke. Sy lippe pers op mekaar. Sy nekspiere span styf." (127) "Ek is op pad," is al wat hy sê terwyl hy Etienne se blik doelbewus ontwyk. Wanneer Etienne hom vra of hy hom kan vergesel, antwoord Axel redelik abrupt: "Daar is dinge wat ek alleen moet doen." (ibid.) Vir Etienne voel Axel skielik "ver weg; die intimiteit van die afgelope weke lyk ineens ondenkbaar" (ibid.) Tog druk Axel hom later die aand teen Etienne se rug aan en maak hom wakker met 'n dringende versoek: "Dis my ma," sê Axel, en sluk. "Ek sal later meer vertel. Maar jy móét saamkom. [...] Kom saam. Kom net saam." (ibid).

Hoewel Etienne aandui dat hy graag sou wou saamgaan, gooi hy tog wal met allerlei verduidelikings en verskonings: "[E]k wil. Maar jy hou my in die duister. Wat het gebeur? Waarheen? Vir hoe lank?" Hy wag vergeefs in die donker op 'n verhelderende antwoord van Axel en gaan dan voort: "Ek kan nie oornag verkas nie. Jy weet tog. Beursgeld, die filmskool, my asiel ..." (127) Heel ironies wil dit voorkom asof Etienne Axel juis vanweë sy vroeëre ontoeganklikheid, sy geheimsinnigheid en sy verbete navolging van allerlei persoonlike agendas (ten koste van ander), in sy uur van werklike nood in die steek laat.

Dit is asof hy weens Axel se gebruiklike onverskilligheid nie die dringendheid van die situasie kan insien nie.

Axel gaan dus voort om alleen reisreëlings te tref. Wanneer Etienne egter sien dat Axel wel h retoervlug (Londen – Berlyn; Berlyn – Londen) bespreek het, begin hy gemakliker asemhaal en laat hy sy skouers ontspan. Sy afskeidswoorde aan Axel is: “Ek is hier. In Londen. Ek sal vir jou wag.” Tuis in hul woning voel Etienne egter onrustig en onvergenoegd. Hy kom tot die skokkende besef dat hy nie oor h enkele stukkie bruikbare inligting oor Axel beskik nie:

Hy weet nie hoekom hy Berlyn toe is nie, het geen adres of telefoonnommer nie. Is sy van Fleischer, soos sy ouma Irmgard sh? Etienne ken nie die naam van enige ander familielid nie. Nie een van die Londense aanhangers wat eens rondom Axel gedrywe het sou meer as Etienne weet nie. Die brosjures vir sy uitstallings het net sy voornaam gebruik. Axel kon netsowel h naam in Etienne se lys van *Berliner Chronik* se produksiespan gewees het, iewers op vergete kennisgewingborde vasgespeld. Of neergepen in h brief aan h argiefamptenaar in h vreemde stad, op h ander kontinent. (131-132)

Wanneer Axel nie na Londen terugkeer op die datum van sy retoervliegkaartjie nie, wonder Etienne byvoorbeeld heel veelseggend:

Hoe is dit moontlik dat h mens elke sentimeter van iemand se lyf ontdek het, elke sening en sproet, die labirint van elke oor, dat jy die dampe van roet en yster ken wat hy afgee wanneer hy honger of opgerui is, maar dat jy niks anders van hom weet nie? Geen enkele feit wat jou in staat stel om hom in h vreemde stad te gaan soek nie. (132)

Dit is opvallend dat Etienne dieselfde frase gebruik wanneer hy na sy soeke na die drie spoele van die “spookfilm”, *Berliner Chronik*, én sy verbete, half-rigtinglose soektog na die verdwene Axel verwys: “h Naald in al die miedens van die wêreld” (132)<sup>25</sup>. Selfs nog meer veelseggend, is sy gedagte dat hy sonder Axel sélf ook niks is nie: “Dis Axel nou. En hyself ook. Hulle het albei verdwyn.” (ibid.)

---

<sup>25</sup> Op hierdie wyse word die twee soektogte dus eksplisiet met mekaar in verband gebring.

Aangesien Etienne aanvaar dat Axel steeds in Wes-Berlyn is, verlaat hy Engeland en vestig hy hom in die tweede deel van die roman, "DIEP ARGIEF (Berlyn, Oktober 1987 – Mei 1988)", in Oos-Berlyn. Etienne kry as deel van h studente-uitruilprogram plek by die HFF – die Hochschule für Film und Fernsehen – in Potsdam. Gelukkig stel sy asielstatus hom in staat om te reis asof hy h Brit is en is hy naby genoeg om van tyd tot tyd na Wes-Berlyn te reis op soek na Axel: "Berlyn was die enigste plek waar Etienne wou wees, móés wees. Axel was daar, en, so het hy gehoop, die res van die *Berliner Chronik*." (163)

Maar in stede daarvan dat Etienne se verblyf in Berlyn hom nader aan Axel laat voel, vuur dit eerder sy verlange aan: "Maande het verloop sedert hy Axel laas gesien het. Hy begin die tekstuur van sy vel vergeet. Die nuwe stad vuur die gemis aan." (143) Dertig dae ná sy intrek in h klein kamertjie in Stargarder Strasse 72, onder die waaksame oog van sy hospita Frau Drechsler met haar "bibliotekaressabolla en stomp gesig" (139), neem hy hom voor om aktief na Axel te begin soek:

Hy is nou h maand lank hier. Hy wou eers die gasse van Trabants en Lada's gewoon raak, en die stroefheid van Oos-Berlyn se strate, moes hom eers inburger by die filmskool, maar h soektog wag. Hy moet Axel vind. En hy sál. In so 'n ommuurde halwe stad, daar oorkant die doodstrook, kan niemand net spoorloos verdwyn nie. (148)

Tydens een van sy besoeke aan Wes-Berlyn doen Etienne navraag oor Axel by "Anderes Ufer. Die ander oewer" (151), h uithangplek waarna Axel dikwels tydens sy verblyf in Londen verwys het. Hoewel Etienne geen betekenisvolle leidrade opspoor nie, ontmoet hy drie lede van h *band* – Matthias, Christof en Frederick – wat mettertyd goeie vriende van hom word en h belangrike rol in sy lewe speel. Groot is hulle opwindning wanneer hulle verneem dat Etienne h musikant is, en ná h redelik buitengewone oudisie, nooi hulle hom uit om as tromspeler by hulle aan te sluit:

Die drie van hulle kyk weer na Etienne, nou vol belofte. In hierdie lig is Frederick se oë meer grys as blou. 'Wat dink jy?' vra hy in h eggostem. 'Wil jy ons h foursome maak?'

'Sal ons h skokgolf begin?' vra Christof.

'Als omkeer? Als nuut maak?' vra Matthias.

Dit is asof hulle vir 'n oudisie by hóm was. Asof hulle getoets is. Hy is geroer deur hierdie drie mans. Seuns, eintlik, met hul honger oë, hul lywe so gespanne in afwagting. 'n Ontvanklike driemanskap; dieselfde helder stroom vloei deur al drie. Dit voel asof hulle sy minnaars is. Of sy broers. (158)

Saam stig hulle die band “Stunde Null” met die voorneme om musiek te maak “wat niemand nog ooit gehoor het nie” (158). Vir Etienne herinner hulle aan drie “wilde kinders [...] gode [...] gidse in die donker” (ibid.) en hy voel vir die eerste keer vandat hy in Duitsland aangekom het geborge. Hy skryf selfs 'n brief aan Patrick in Bonnington Square waarin hy hom versoek om sy tromstel na sy drie vriende se adres in Wes-Duitsland te stuur.

Etienne besoek Wes-Duitsland gevolglik meer gereeld en bring al hoe langer tye in Matthias, Frederick en Christof se Kreuzbergse woonstel deur. Dit is duidelik dat die drie mans hom, in meer as een sin van die woord, 'n tuiste wil bied, omdat daar by hulle die gevoel is dat hy 'n leemte in hulle lewe (en nie net hul band nie) kan vul. Hierbenewens, kompenseer hulle ook vir die gemis wat Etienne tydens Axel se afwesigheid ervaar en tree hulle as 'n vertroostende vangnet op wanneer Etienne verneem dat sy vader in Suid-Afrika ná 'n kankerstryd oorlede is<sup>26</sup>. In beide gevalle is dit veral die musiek wat hulle maak en die *songs* wat hulle skryf, wat 'n genesende uitwerking op Etienne het. Wanneer Etienne ná die nuus van sy pa se dood, dae lank nie uit die bed opstaan nie, is dit Frederick wat hom uit die lakens sleep, hom in die bad dwing en met skoon, warm klere na die Oranienstrasse-studio neem om saam met hulle *Stunde Null* se nuwe *song* “Sonnenfinsternis” (sonsverduistering) uit te voer:

Dis goed, weet Etienne reeds ná die eerste paar akkoorde, dit werk. Die spiervesels in sy arms span styf. Sy tromstel staan daar; hulle moet dit vroeër vanaf die woonstel

---

<sup>26</sup> Wanneer Patrick Etienne se tromspel na die adres van sy drie vriende in Wes-Duitsland stuur, sluit hy ook 'n brief in waarin hy Etienne meedeel dat sy ma hom in Engeland, en meer spesifiek by Bonnington Square 52, kom soek het. Etienne vind dit haas onvoorstelbaar om sy ma in “Patrick se nes van 'n kamer” (228) in te dink. By Patrick se brief is daar egter ook 'n stapel briewe van Etienne se ma ingesluit, wat Etienne nou vir die eerste keer in Wes-Duitsland oopmaak. In een van die laaste briewe vertel sy vir Etienne dat sy pa kanker het en na hom wat Etienne is, vra. In die laaste brief wat Etienne lees stel sy ma hom in kennis dat sy pa oorlede is: “Ek verwag nie dat jy gaan antwoord nie. (Dit voel of ek briewe die niet instuur.) Ek weet ook jy gaan nie die begrafnis bywoon nie, maar ek dink jy sou wou weet.” (229)

gebring het. Hy stap nader, gaan sit vir die eerste keer sedert hy weg is uit Suid-Afrika agter sy eie tromme. Hy neem die stokkies, sit dit neer, trek sy hemp uit. Hy ril, tel die stokkies weer op. Hy laat die geweld binne hom los. Derduidende volts. Dit verbind hul lywe aan mekaar, laat hul bloed jaag. Hulle toets-toets mekaar. Dan krimp elkeen se aandag in; net jou eie instrument bestaan. Hulle beweeg áf, ondergronds, na waar die rotte woon. Na dieper plekke, wat selfs die rotte verlaat het. Dan in die stadslug uit en op, na waar die standbeelde op kolomme of parapette woon, hul oë leeg, asof uitgepik deur kraaie met ysterbekke. (230)

Dit is ook terwyl hulle by underground parties in Berlyn optree dat die musiek wat hulle maak, nie net vir Axel se afwesigheid kompenseer nie, maar Etienne as't ware reinig van Axel (maar terselfdertyd ook sy pa en ma) se nie altyd positiewe invloed op sy lewe nie:

Etienne sluit sy oë. In die mees intense oomblik word alle afstande nul – tussen hom en Berlyn, tussen sý lyf en ander lywe, tussen hier en elders. Dis dan wanneer hy die naaste daaraan kom om Axel uit te dryf, om Axel se blink lem uit sy sy te trek. Om sy pa se gesig in die geraas te sien oplos, en ook sy ma s'n. Om die son van sy kontinent van oorsprong te laat verdof. In hierdie oomblikke sien hy ook soms 'n visioen: 'n engel wat rugwaarts sy vlerke deur 'n stad sleep, en die puin wat agterbly – verbrokkelde drakespuiers, die marmerledemate van standbeelde, die skerwe van fonteine. (237)

Aangesien Etienne Matthias-hulle reeds tydens hul eerste ontmoeting van Axel vertel het, help hulle hom ook met sy soektog. Matthias-hulle help hom byvoorbeeld om kleinadvertensies in koerante soos *Berliner Morgenpost* te plaas; navraag by kroeë, kafees en klubs te doen; en probeer hom ook oorreed “om vir hulle die foto [van Axel] te leen om rond te wys” (185). By meer as een geleentheid merk hulle op dat Etienne hom dalk maar daarby moet berus dat hy Axel nie noodwendig gaan opspoor of weer gaan sien nie: “‘Miskien,’ sê Matthias, ‘moet jy vrede daarmee maak dat jy hom nie weer...’ Etienne staan op, loop uit.” (227)

Tog ontvang Etienne uiteindelik, wonder bo wonder, 'n antwoord op een van sy advertensies en spoor ene Volker, Axel se biologiese pa, op. Ofskoon Volker aanvanklik ontken dat hy Axel ken óf sy pa is, oorhandig hy tydens hul laaste ontmoeting in Hannover 'n adres wat neergeskryf is aan Etienne met die woorde: “Dis waar jy daardie

klein moerskont sal vind. Ek het hom net een keer gesien, soos ek al vir jou gesê het. Toe hy in Berlyn aangekom het.” (252) Wanneer Etienne probeer uitvind waarom Axel hom juis in Hannover bevind, antwoord Volker met h “gesig vertrek van venyn”:

Jou klein bedhasie was h jaar lank opgesluit, my maat, die fokken tjoekie, waar hy hoort! Nou bly hy in Hannover, saam met sy ander bedhasies. Tronkvriende. (253)

Wanneer die viermanskap twee weke daarna op *Stunde Null* se eerste konserttoer na Bremen vertrek, kombineer hulle dit met h besoek, op pad, aan Hannover. Die motorrit in hul swartgeverfde 1964-Volkswagen-kombi ontaard in h tipe inisiasiereis in die kleine. Hoewel Frederick oënskynlik op die ingewing van die oomblik voorstel dat hulle die stories van hulle eerste liefdes vir mekaar vertel, kry Etienne die indruk dat hierdie vertellings nie impromptu is nie, maar h deeglik “geoefende vertoning” (260) wat die grense van dit moontlik en waarskynlik is, doelbewus uitdaag:

Is enige van hierdie stories waar, wonder Etienne, hierdie verhale van vuur en ys? Waar in die noordelike wêreld word lammers, byvoorbeeld, in Desember gebore? En wie oes druiwe in die winter? (265).

Wanneer dit sy beurt is om te vertel, vertel Etienne “huiwerig weer die storie van Axel. Hy herhaal wat hulle al gehoor het, vul in wat hy nog nie vertel het nie, verander hier en daar besonderhede.” (ibid) Dié “paringsdans” van liefdesverhale het tot gevolg dat “[k]oel, bekende vonke (...) tussen die vier van hulle” (266) flikker en loop daarop uit dat Etienne hom te volle aan Frederick en Christof oorgee:

Al hierdie dinge smelt saam met Christof en Frederick se lywe, met hul aandrang en gulle ontladings. In hierdie oomblik, ten minste, behoort Etienne aan niemand anders as aan hulle nie. (266)

Nadat hulle weer hul klere aangetrek het, besef Etienne dat die liefdesverhale van flus almal uit dieselfde tyd dateer, naamlik sy drie vriende se “laaste hoërskoolvakansies”,

skynbaar die enigste hiatus in die drie se samesyn sedert kindsbeen. Hulle het skynbaar die wyer wêreld gaan beproef, elk op sy eie. Toe weer na mekaar teruggekeer. En nooit weer teruggekyk nie. Hulle is per slot van rekening eintlik mekár se eerste – en enigste – liefdes” (266-267).

Wat Etienne veral onthuts, is dat hy nou “ná maande se hofmakery, via hierdie omslagtige ritueel” (267) deur hulle ingenooi word: “Hy is nie net hier om tromme te speel nie. Nie net h vriend nie. Hy is die ontbrekende legkaartstuk.” (ibid.)

Kort hierna spoor hulle, met behulp van h verouderde kaart en die adres wat Volker neergeskribbel het, vir Axel in Hannover op. Die wedersiens is egter glad nie soos wat Etienne hom dit voorgestel het nie:

Verrassing of verstomming het hy verwag, of dalk konsternasie. Skok, miskien. Vreugde, woede of skaamte. Maar waarop hy heeltemal onvoorbereid is, is Axel se algehele ongetraaktheid. Sy dooie oë. [...] Hulle staan net daar in die lig. Dis middernag, is al wat Etienne dink. Agter Axel verskyn twee mans uit die skemer. h Ongemaklike simmetrie. Etienne en Axel staan teenoor mekaar soos afgevaardigdes van die figure agter hulle. Asof iets te besleg is, h dreigende oorlog voorkom moet word. (268)

Hoewel Frederick vir Etienne smee om Axel en sy twee trawante te los [“Hulle is bad news” (269)] en dadelik saam met hulle Bremen toe te gaan, dring Etienne daarop aan dat die viermanskap vir Axel saamneem na hulle *gig* in Bremen toe:

‘Ononderhandelbaar,’ sê Etienne. ‘Anders bly ek. Ons kan hom nie los nie. Wie weet wat gebeur as die chemiese paaimiddels begin opraak? As die twee slaapwandelendes – Horst en Ulrich – behoorlik wakker word? Dis waarskynlik eintlik hulle wat Axel so geskend het.’ (273)

Matthias, Christof en Frederick willig uiteindelik baie skepties en onwennig in, en voel dat Axel se teenwoordigheid die dinamiek tussen hulle vier onnodig kom versteur het. Wanneer *Stunde Null* die aand van die verwagte sonsverduistering in die reuse-tamatieland optree en uiteindelik hul treffer “Sonnenfinsternis” speel, het Etienne net oë vir Axel:

Etienne sien net een gesig in die skemer skare: Axel sh. Rondom roer mense soos h liggaam onder h laken. Axel dra nie h sonbril nie, hy kyk Etienne met naakte oë aan. Etienne speel sy tromme vir die boomgom wat uit Axel se rug drup, vir die kindergekrabbel op sy vel. Hoe klein lyk hy onder die Duitse hemel. (277)

h Optrede wat dus die band tussen die vier *band*-lede moes verseël en die begin van h on vergeetlike konserttoer moes wees, lei tot h onomkeerbare verwydering tussen hulle; h verskuiwing wat nie een van hulle kan ontken nie:

Die ander drie kyk hom in stilte aan. Iewers het hulle mekaar verloor. Hulle weet hy speel nou net vir Axel [...] Hulle ken hom nie meer nie. Etienne kyk soekend oor die koppe uit, vind Axel se gesig. Die laaste twee reëls van “Sonnenfinsternis” se lirieke bly hang: “Almal weet hierdie is Nêrens / Volg net die vuur, dan kom jy tuis.”

Ná die Bremen-konsert skei die driemanskap se paaie met dié van Axel en Etienne. Axel en Etienne gaan vestig hul in die laaste deel van die roman – “LABORATORIUM (Elders, April – Oktober 1990)” – in Wes-Berlyn. Vanuit Wes-Berlyn onderneem hulle ook h reis na Suid-Afrika nadat Etienne verneem dat sy moeder sterwend is aan breinkanker.<sup>27</sup>

#### 4.4. Suid-Afrika deur die splete

Soos reeds genoem, begin *Die derde spoel* met die afbeelding van h wêreldkaart op die gesig van die 22-jarige Suid-Afrikaanse protagonis, Etienne Nieuwenhuis, in Londen. Wanneer die oggendlug begin roer, “beweeg en verbrokkel die kontinente” (11), wat al die tyd maar net die skadu’s van spinnerakke was. As leser word jy verlei om in hierdie beeld iets van Etienne se identiteitsversugting te lees: hy is nie meer die gevange seun en student in Suid-Afrika nie, maar h jong man op die drumpel van h veel groter wêreld; h kosmopoliet wat sy grense doelbewus wil verbreed en “bagasieloos” van plek tot plek probeer reis.

Maar ten spyte daarvan dat Etienne alle pogings denkbaar aanwend om sy rug permanent (of selfs net pertinent) op Suid-Afrika te keer, speel sy geboorteland (en meer spesifiek sy onwillekeurige herinneringe daaraan) in al drie dele van die roman h beslissende rol. Dit wil inderdaad voorkom asof dit nie vir hom so maklik of voor-die-hand-liggend is om die stof van Voortrekkerhoogte argeloos van sy voete te skud nie.

---

<sup>27</sup> Hoewel daar in die eerste twee dele van die roman h sekere kil- en ongenaakbaarheid by Etienne te bespeur is, word die derde – en laaste – gedeelte deur h onverwagse warmte, menslikheid en selfs h gevoel van berusting gekenmerk. Daar tree h baie besliste wending in nadat Etienne vir Axel in Wes-Duitsland opgespoor het.

In die eerste deel van die roman gebruik Etienne Suid-Afrika veral as 'n vergelykingsbasis ten einde sy nuwe ervarings in Engeland in te skat. Hoewel hy probeer ontken dat hy Suid-Afrikaans is – hy jok byvoorbeeld oor sy nasionaliteit en “konsentreer daarop om sy aksent af te skud” (23) – moet hy steeds sy Suid-Afrikaanse paspoort met hom saamdra totdat sy aansoek om asiel geprosesseer en goedgekeur is:

Maar dit skroei hom, die groen boekie wat hy in sy onderbroek saamdra. 'n Smetskrif, 'n brandmerk neffens die skrotum. Sodra hy kan, sal hy sy herkoms soos 'n verslete kledingstuk van hom afsmyt. (23)

Voorts voel hy veral dat die “parallele briewe” (47) wat sy ma uit Pretoria aan hom stuur, 'n inbreuk op sy vryheid en privaatheid maak. Sy hou egter so halsstarrig met haar korrespondensie vol, dat hy nie 'n ander keuse het as om aanvanklik 'n paar van dié briewe te lees nie. Aanvanklik roep enkele van haar briewe positiewe herinneringe by hom op en maak hom ook opnuut daarvan bewus van die tussengangersrol wat sy ma dikwels in die stryd tussen hom en sy pa gespeel het:

Tot hiertoe en nie verder nie, het sy pa 'n maand later besluit – die tromme moet gaan. Dit het net 'n vlugtige blik van Etienne na sy ma geverg om haar te laat tussenbeide tree. Etienne het nie 'n woord gesê nie. Sy moes haar argumentasie vinnig inpas voordat sy doodgepraat word. Die tromme het gebly. In die hoek van sy slaapkamer, soos 'n oorlogsmonument. (47)

Wanneer die “tweelingbriewe” (60) van sy ma egter ses maande ná sy aankoms steeds “elke week, een soms 'n dag of wat ná die ander” (ibid.) in Londen opdaag, steur “hierdie krake waardeur Suid-Afrika sigbaar bly” (ibid.) hom skielik. Etienne hou abrupt op om enige van die koeverte oop te maak. Maar so maklik laat Suid-Afrika hom beslis nie los nie:

Noudat Etienne nie meer sy ma se briewe lees nie, word hy besoek deur dinge – oënskynlik betekenislose oomblikke – wat hy gedink het hy vir altyd vergeet het. Dit gebeur saans, net voordat hy insluimer. In een so 'n halfdroom is hy vyf of ses. Hulle is op reis, hy en sy ouers, iewers in die Vrystaat. (64)

Aanvanklik trek die lewe in Engeland Etienne veral aan omdat dit presies die teenoorgestelde is as wat die lewe in Suid-Afrika sou wees. Wanneer hy byvoorbeeld by

geleentheid Bronski Beat se album *The Age of Consent* gaan koop, lees hy op 'n soort politieke traktaat op die binneblad dat daar nie net groter ontvanklikheid vir sy lewensstyl in Engeland is nie, maar dat daar selfs sprake van amptelike “gay regte” is:

In Suid-Afrika is hy 'n misdadiger. En as hy 'n jaar of twee vroeër Londen toe gekom het, was hy hier ook een. Dit maak hom opgewonde, laat sy skrotumvel styftrek.  
(36)

Etienne se verhouding met Axel, en die leefstyl wat hulle in Londen voer, verskil lynreg van die lewe “wat in Suid-Afrika aan Etienne uitgestippel was” (51). Dit het so 'n bevrydende impak op hom, dat hy sy eerste opdrag vir die filmskool in Covent Garden die titel “*Om in Axel se wêreld wakker te word*” (62) gee.

Wat besonder opvallend en interessant is, is dat Etienne Axel en sy onapologetiese leefstyl voortdurend met dié van sy (voorskriftelike) pa in verband bring. Wanneer Axel wegloop ná hulle eerste anonieme seksuele ontmoeting en Etienne die onderstebo, “ontwortelde boom” (42) op sy naakte rug gewaar, dink hy onverhoeds aan die geur van halfverslane pyprook in sy pa se studeerkamer. Hier is dit duidelik dat Etienne 'n leefstyl het wat in teenstelling met sy pa s'n is.

Die enigste besitting wat Etienne uit Suid-Afrika na Engeland met hom saamneem (en vir 'n groot gedeelte van die roman by hom hou), is 'n boek met Blake-prente. Ook hierdie boek herinner hom onwillekeurig aan die enigste maal wat Etienne hom as tiener teen sy pa teëgesit het:

Dit was 'n Sondagmiddag. Etienne het gedink sy ouers slaap en hy was te verdiep in sy Blake-prente om sy pa in die gang te hoor. Voordat hy geweet het, was sy pa in die kamer, het hy die boek gegryp. Met een hand sodat die rugkant verkeerdom vou: ‘Wat is dit hierdie?’ Etienne het die boek teruggegryp. ‘Los dit uit, dis nie joune nie!’ Sy pa het hom oor die astrante toon aangespreek, en oor die oneerbiedige ‘joune’, pleks van ‘pa sh’. [...] Sy pa het die bed genader, die Blake-boek geskuif sodat dit presies gelyk met die bedtafeltjie se rand was. Sy pa se vingers het 'n oomblik op die voorblad getalm. Toe het hy in die gang uitgestap. Van toe af het die Blake-boek onder Etienne se matras gebly, behalwe wanneer sy ouers slaap.  
(47-48)

Dit is egter nooit Axel se bedoeling dat Etienne in elke opsig soos hy moet optree of al sy bevele (en selfs voorstelle) te gehoorsaam nie. Dit wil eerder voorkom asof hy Etienne eerder probeer dwing om in alle omstandighede selfkrities, ondersoekend en skepties te wees.

Via die storieborde van die film *Berliner Chronik* (wat Axel immers aan hom oorhandig) kom Etienne op die korrespondensie tussen Ariel Schnur en ene Wilhelm Reich, 'n Oostenrykse psigoanalise en seksoloog, af. Wanneer hy een aand vir Axel uit die Engelse vertaling van Reich se *Massenpsychologie* voorlees (eintlik opsom), besef hy dat die gedeelte direk op homself van toepassing is:

'As jy 'n kind se seksualiteit onderdruk, maak jy hom skrikkerig. Skaam, bang vir gesag. [...] Die rebelse drange word só verlam... [...] So, as jy seksuele gedagtes en nuuskierigheid in 'n kind onderdruk, maak jy iemand groot wat gehoorsaam bly. Ook al is hy hóé fokken miserabel, en ongeag hoeveel jy hom verneder. Die gesin is 'n miniatuurstaatjie; as jy eers daaraan gehoorsaam is, het die régte staat jou vir altyd...'  
(70)

Ná die traumatiese konfrontasie met die Finse goths in Nunhead Cemetery en die emosionele uitval tussen Etienne en Axel wat daarop volg, trek Etienne uit met die voorneme om nooit weer na Axel se woonplek terug te keer nie: "So voel dit as mens nie 'n huis het nie, dink hy. Hy is beswaarlik die eerste mens met wie dit gebeur. Hy voel kalm en helder. Soos iemand wat al weke lank vas." (98) Soos die noodlot dit wil hê, loop hy weer vir Brent raak. Brent is soos 'n plaat wat vasgehaak het, en probeer weer eens op Etienne se skuldgevoel speel om hom by die struggle te betrek. Wanneer hy egter vir Etienne vra: "Hoe kan jy daardie land net uit jou skei, soos stoelgang? Dink jy dis 'n virus, en Londen die antibiotika?" (101), antwoord Etienne met skielike drif en oortuiging:

'Ek is 'n vreemdeling vir daardie land. Met my het daardie plek, en haar brutaliteit, niks te doen nie. Om dit prys te gee, af te sweer – dis ook iets. Dis ook 'nee'. [...] Dis die beste wat ek vir jou kan doen, Brent.' (102)

Wanneer sake Etienne besonder na aan die hart lê, gebruik hy dikwels sy moedertaal, Afrikaans, om uiting aan sy emosies te gee. Hy doen dit nie net in die Nunhead-begraafplaas nie, maar ook wanneer hy besef dat die vyf Finne nou hul intrek in sy kamer

in Bonnington Square geneem het. Hy dring daarop aan dat dit sý plek is, maar die goth-Jesus antwoord in 'n aksent wat Etienne se ore "pynig"<sup>28</sup>: "Jy klink soos iemand uit 'n ander wêreld," (96) Wanneer Etienne besef dat hy hom nie teen die Finne kan verset nie, pleit hy by hulle om sy ma se briewe aan hom te oorhandig: "Asseblief. My ma se briewe, twee stapeltjies onder die bed." (97) Skielik blyk dié briewe, waarvan hy 'n hele paar glad nie gelees het nie, heelwat meer kosbaar te wees as wat hy voorgegee het. Etienne gebruik ook Afrikaans wanneer hy vir Axel vra of hy sal belowe om by hom te bly "wanneer ek nie meer 'n kind is nie" (110).<sup>29</sup>

In die tweede deel van die roman, is dit veral die lewe in Oos-Berlyn wat Etienne aan Suid-Afrika herinner. Deurdadig dat hy in dié deel van die roman gereeld tussen Oos- en Wes-Berlyn reis (veral om na Axel te soek), word "die geïmpliseerde ideologiese kameraderie" (141) in Oos-Berlyn, wat hom sterk aan 'n samelewing soos dié van Suid-Afrika laat dink, duidelik afgeteken teen die lewenswyse waaraan hy in 'n samelewing soos Engeland gewoon geraak het: "Dit voel of hy terug is in Suid-Afrika. Al die selfvertroeteling en skouerklouery. Al die verbode gedagtes wat binne skedels skuilhou." (142) Die studente saam met hom in die filmskool is "bedeesd", "[h]ulle vra niks, luister in stilte, knik hul koppe" (142) en verskil handomkeer van dié wat saam met hom in die Londense filmskool was:

Hy dink aan die moerigheid, angs en anargie van sy Londense medestudente, aan hul uitdagende vrae en besware. Hul eiegeregtigheid, hul selfvertroue. Hul weerloosheid. Hul deurmekaar hare, hulle punkerige uitrustings. (142)

Anders as in Engeland en Wes-Berlyn, kan 'n mens jou nie naastenby dieselfde vryhede in Oos-Berlyn nie veroorloof nie:

Daar is 'n meesterplan vir die stad, kom mens vinnig hier agter, en 'n meesterinterpretasie van die verlede en die toekoms. Dis 'n eenvoudige verhaal, jy

---

<sup>28</sup> Dit is besonder ironies dat die Fin se aksent met sy "binnensmondse vokale" en "glibberige konsonante" vir Etienne so pynlik is om aan te hoor, siende dat hy by meer as een geleentheid in die roman voorgegee het dat hy 'n Fin is wat Fins praat.

<sup>29</sup> Wanneer Etienne by sy terugkeer na Suid-Afrika Afrikaans met Vermeulen praat, disorienteer dit die man sigbaar. Hier wil dit voorkom asof Etienne se moedertaal – of ten minste die feit dat dit deur iemand so bleek en kompak gebruik word – eerder 'n teken van vervreemding is.

kry dit gou onder die knie. Jy sien 'n paar dokumentêre films, hoor 'n politieke toespraak of twee, dan kan jy die mantras resiteer. Jy maak jou oë toe, visualiseer 'n skare in 'n stadion. En kyk! Jou tong behoort nie aan jou nie. Jy is suksesvol by die spreekkoor ingelyf. (147)

Oos-Berlyn is 'n samelewing waarin mense dopgehou word en met agterdog bejeën word; waarin andersdenkendheid ten alle koste ontmoedig en selfs gestraf word. Hier word ook geen teenstemme geduld nie. Dit is dus besonder veelseggend dat Etienne tydens 'n besoek aan die nuwe planetarium onwillekeurig terugdink aan 'n besoek wat hy saam met sy pa aan die Johannesburgse planetarium gebring het:

Die televisietoring kaats 'n herinnering na Etienne terug. As kind het sy pa hom na die Johannesburgse planetarium geneem. Daar was 'n amptelike verteller: 'n ontliggaamde stem wat in SAUK-Engels en met paaiende toon die geheime van die kosmos ontsluit. Ander seuns en hul pa's het agteroor gelê, die geheime met blink oë ingedrink. Etienne se pa wou nie die hemelse verteller 'n kans gee nie. Hy het self vir Etienne uitgelê wat op die plafon aangaan. Al meer bulderend, in 'n poging om die hemelruim en die heelal se geruis uit te doof. Etienne het sy ore toegedruk, sy oë toegeskroef. In sy kop het hy teenklanke opgetower: 'n kakofonie om die kakofonie te bestry. (167)<sup>30</sup>

By enkele geleenthede aktiveer ook Etienne se besoeke aan Wes-Duitsland onverwagse herinneringe aan Suid-Afrika. Wanneer hy dae lank in die bed bly nadat hy gehoor het dat sy vader aan keelkanker oorlede is, droom Etienne van “eenselwige, uitruilbare Suid-Afrikane berge, grasvelde, verbleekte strande” (229). Hierdie terugkerende beelde is waarskynlik nie net die gevolg van die ontstellende nuus wat Etienne ontvang nie, maar veral ook vanweë 'n skuldgevoel dat hy sy moeder op die een of ander wyse versaak het. Hier ervaar Etienne iets van wat Georgis (2006:5) “queer longing “noem”; 'n niesentimentele, komplekse melancholiese toestand wat die queer subjek op grond van

---

<sup>30</sup> Selfs wanneer Etienne een aand 'n man met 'n olyfgroen trui in die planetarium in Oos-Berlyn ontmoet, dink hy onwillekeurig aan sy pa: “Sy pa, onthou hy, het 'n soortgelyke trui gehad. Sy ma het dit gebrei toe hulle jong verliefdes was.” Wanneer hy later agter die man in die Prenzlauer Allee afstap, roep hy ook 'n foto in herinnering, “geneem op Hermanus se strand toe hy 'n baba was. Sy ma kyk op, laggend, arms uitgestrek. Sy het Etienne pas in die lug in gegooi, staan reg om hom te vang. Sy pa kyk toe, arms gevou. Hy kyk na haar, nie na Etienne wat so gewigloos teen die blou lug hang nie. Sy pa het 'n swembroek aan, en die groen trui.” (203).

sy “selfuitsetting” of “selfverbanning” uit sy tuisland ervaar, tesame met al die gevoelens van verlies wat dit teweegbring. Georgis (2006:6) verwys op treffende wyse daarna as “the emotional space of lost attachments.

In die derde deel van die roman, keer Etienne – ten spyte van sy aanvanklike voorneme – saam met Axel na Suid-Afrika terug en onderneem hulle h “nostalgierreis” (283) saam met Etienne se ma na Natal. Die land, waarop Etienne so graag sy rug probeer keer, bring hom en Axel op verrassende wyse nader aan mekaar. Vir die eerste keer neem hulle mekaar in vertroue en sê hulle dinge wat so lank ongesê gebly het en dus tussen hulle bly haper het.

Wanneer hulle in Suid-Afrika aanland, voel Etienne soos h (eksotiese) vreemdeling; h buitestander wat nie werklik (meer) hier tuishoort nie:

[E]tienne kon sien hoe hy Vermeulen disoriënteer; die feit dat hy Afrikaans praat, maar so ooglopend uit plek, so skraal en bleek en strak. (282)

Dat daar h onontkenbare verandering by Etienne ingetree het, blyk duidelik uit sy gedrag teenoor die polisieman (as militêre verteenwoordiger van die bestel) op die lughawe. Nou is hy nie meer h verbouereerde seun wat ongemaklik en uitgelewer voel in die teenwoordigheid van kragdadige mans soos sy pa of meneer van Rooyen nie; maar iemand wat geen bedreiging meer sien nie en die “polisieseun” manhaftig “reguit in die oë kyk” (283).

Ná Axel se openhartige ontboeseming aan Etienne in die laboratorium van die sampioenfabriek in Natal en hulle besoek saam met Etienne se moeder aan die provinsie van haar jeug, is daar nie werklik meer vir Etienne h rede om in Suid-Afrika aan te bly nie, en keer hy en Axel na hul Charlottenburg-woonstel in Berlyn terug.

Etienne en Axel voer h stil lewe in Berlyn. Hulle bewoon h ruim, dog muwwe Charlottenburg-woonstel waarvoor hulle nominale huur betaal. Etienne het die afgelope twee jaar asielstatus in Duitsland. Soms staan hy in as tromspeler vir bands. Alex kry h werkloosheidstoelae. Hy maak nie meer kuns nie. (290)

Maar Etienne is skaars terug in Berlyn, toe hoor hy dat sy moeder gesterf het. Haar hande wat sy tydens hulle besoek met olie verbrand het, was nog nie eens uit die verbande nie:

Tot Etienne se ergernis was dit Frans Vermeulen wat hom met die nuus gebel het. 'h Moeder se versorgende hande,' het Vermeulen gekonstateer, sy toon net so misplaas soos die onkoloog sh, 'is nou vir ewig stil'. (311)

Ofskoon Etienne besluit om nie terug te gaan vir die begrafnis nie – “[d]aar bly [immers] niks vir hom in Suid-Afrika oor nie; hy sou nie weer daarheen reis nie” (ibid.) – word hy in die laaste bladsye van die roman (selfs wanneer hy in die Suid-Amerikaanse stad Buenos Aires is) steeds deur herinneringe aan sy geboorteland, en veral aan sy ouers, besoek:

Hy droom hy staan langs h rivier in vloed. Sy ma kom verbygedryf. Sy het h sonbril op en lê agteroor; haar voete steek uit. Sy merk Etienne op die wal, glimlag vir hom. 'Kom swem saam,' roep sy. 'Dis heerlik, hierdie grys water van tyd!' Hy begin instap. Die water is ysig. Iets stroomop trek sy aandag: h opgeblase lyk. Sy pa, weet hy dadelik. Dit dryf na hom toe af. Hy retireer snel, ruk sy voete uit die water. (340)

#### **4.5. Onbreekbare verbintnisse**

Tydens hul openhartige gesprek in Natal, merk Axel teenoor Etienne op dat hy, toe hy jonk was, doelbewus alle familieverbande verbreek het en die wye wêreld op sy eie aangedurf het, sonder enige aansprake wat hom kon belas nie. Toe hy egter in Bermondsey Street die telegram ontvang het wat hom oor sy ma, Mariel, se selfdood ingelig het, het hy besef dat h lewe sonder verbintnisse byna onmoontlik (en ondenkbaar) is. In reaksie op die nuus, het hy dadelik na Wes-Duitsland vertrek om sy biologiese vader, Volker, te konfronteer. Aangesien hy nie sy emosies onder bedwang kon hou nie, het hy vir Volker te lyf gegaan en het hy gevolglik in die tronk beland. Dit is die rede waarom hy nie op die beplande datum na Etienne in Engeland teruggekeer het nie.

Interessant genoeg (toevallig?) lei die “skattejag” wat Axel vir Etienne aanlê ten einde die drie spoele van *Berliner Chronik* in die hande te kry, daartoe dat Etienne (aanvanklik

heeltemal onwetend) kennis maak met (of kennis neem van) Axel se familie (sy ouma, Irmgard; sy oupa, Ariel Shnür, en sy pa, Volker). Uiteindelik lei hierdie (deels) genealogiese speurtog nie net daartoe dat Etienne vir Axel in Hannover opspoor nie, maar ook dat hy self besef dat sommige verbintenisse – veral familieverbintenisse – ’n onontkenbare invloed op ’n mens se persoonlike identiteitskonstruksie het:

Twee weke vroeër het {Axel se} {...} ma op ’n trein geklim en noord gereis, na Kniel, waar sy in die Baltiese See ingeswem en verdwyn het. [...] ‘Niemand het haar eens as vermis gerapporteer nie. Die minste van almal Volker.’ (303)

’n Paar bladsye later gaan Etienne selfs sover om die volgende innerlike konflik eerlik met die leser te deel:

Etienne is onthuts. Jy misgis jou oor my projek, wil hy sê. Maar hy begin wonder, wat bly oor as ’n mens deel van jou bestaan soos ’n gewas uitsny, dit met lig probeer vervang. (309)

Daar bestaan min twyfel dat Etienne weldra besef dat bande met geliefdes nie heeltemal verbreek kán of hóéf te word nie. Ná hulle storm-en-drang; hul wedersydse verwonding van mekaar; en die lánng maande wat hulle sonder mekaar moes oorleef en voortleef, kom Etienne én Axel in die laaste deel van die roman saam tot rus. Die laaste bladsye van *Die derde spoel* fokus op hul besadigde bestaan in Berlyn: die aanplant van ’n gemeenskaps-groentetuin; hulle gereelde wandelings deur dele van die stad; hulle gemaklikheid in mekaar se teenwoordigheid.

Wanneer Axel daarop aandring dat Etienne na Buenos Aires moet gaan om die derde spoel in die hande te kry, en hy besonder onwillig dié reis aanpak, sterf Axel in Berlyn. Drie ure voor sy terugvlug na Duitsland, roep die concierge van die hotel hom nader:

Daar was ’n telefoonoproep, beduie die man in gebroke Engels. Hy oorhandig ’n papiertjie; Etienne vou dit oop.

Tyd: 21h14

Vir: Etienne Nieuwenhuis

Kamer: 63

Boodskap: Axel is dood. (340)

By die aanhoor van hierdie verpletterende nuus besluit Etienne om deur die Recoleta-begraafplaas te loop. Wanneer hy op die trappie van een van “h onmerkwaardige moderne” (341) mousoleum gaan sit en sy oë sluit verskyn daar skielik teen sy ooglede “die swart muur langs sy en Axel se groentetuin in Berlyn. In h oogwink is hy dáár, neus teen die muur. Sy voete lig van die grond af [...] totdat sy oog in lyn is met die helder kolletjie”:

Dis h loergat, besef hy. En daar ander kant – so naby en tog ook nie – staan Axel. Alleen en fier. In h land van suiwer lig, waar, as Etienne by hom sou aansluit, tyd se sterkste winde hulle nooit uit mekaar se arms kan waai nie. (341)

En al sluit Etienne hom nog nie op hierdie stadium by Axel aan nie, weet hy dat niks die herinneringe tussen hulle (soos ook dié tussen hulle en hul geliefdes – sowel positief as negatief) kan uitwis nie.

#### **4.6. Samevatting**

In hierdie hoofstuk is ondersoek ingestel na die redes waarom dit vir Etienne so belangrik was om Suid-Afrika te verlaat en hom met die hulp van COSAWR in Londen te vestig, asook die wyses waarop sy verblyf in Londen opvallend verskil van die lewe wat daar vir hom in Suid-Afrika voorgestel is. Daar is spesifiek gekyk na die invloed wat ander karakters, soos Frank, Aodhan en veral Axel, gehad het op die identiteit wat Etienne in Londen (maar later ook in Duitsland) gekonstrueer het.

Daar is, onder meer, aangetoon dat Etienne sy nasionale identiteit, met ander woorde sy Suid-Afrikaanse identiteit, doelbewus ontken en ook ywerig van hom probeer afwerp, deur voor te gee dat hy eintlik van oorsprong Europees – en meer spesifiek Fins is. Hoewel dit nie altyd die mense met wie hy in kontak kom, oortuig nie, is hy aanvanklik tevrede om op hierdie wyse nie die bagasie wat hy met sy Suid-Afrikanerskap assosieer, met ander te deel nie.

Aan die hand van voorbeelde uit die roman is aangetoon dat Etienne, sy beste voorneme en dapperste pogings ten spyte, egter nie daarin kan slaag om sy Suid-Afrikaanse wortels te ontken nie. Soos h lastige skim uit die verlede dring Suid-Afrika haar keer op keer in Etienne se gedagtes en herinneringe op. Wanneer Etienne byvoorbeeld as uitruilstudent

deel word van die filmskool in Oos-Berlyn, om sodoende nader aan Wes-Duitsland te wees om daar na die verdwene Axel te soek, herinner die organisasie en aard van die Oos-Duitse samelewing en die gehoorsame insiklikheid van die meeste inwoners hom aan die lewe in Suid-Afrika en die verhouding wat hy persoonlik met sy voorskriftelike vader gehad het.

Tydens die “skattejag” wat Axel vir hom aanlê om die drie spoele van die spookfilm *Berliner Chronik* op te spoor, help hy nie net vir Etienne met sy filmskoolopdrag nie, maar lei hy hom ook om meer inligting oor hom (Axel) en sy familie in te win, maar ook om onontbeerlike kennis omtrent homself (Etienne self) te bekom. Die soeke na die drie spoele van die film, word dus in Etienne se geval h soeke na die “ek” én na die “ander”.

Etienne ruil uiteindelik nie een nasionaliteit vir h ander in nie; hy doen byvoorbeeld nie aansoek vir Britse of Duitse burgerskap nie. Sy asielstatus (wat eintlik neerkom op h tipe vreemdelingstatus) stel hom in staat om te reis *asof* hy h Brit of h Duitser is, sonder dat dit enigsins die identiteitsbagasie meebring wat Etienne in elk geval wou laat vaar.

Uiteindelik kan Etienne se identiteit inderdaad as transnasionaal beskryf kan word, siende dat dit meerdere bande impliseer tussen die lande vanwaar hy reis (vlug) en die lande waarheen hy telkens weer op reis is (die lande wat hy agtereenvolgend tydelik bewoon).

## HOOFSTUK 5

### SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Reeds in die inleidende hoofstuk van hierdie studie is aangevoer dat Etienne Nieuwenhuis, die hoofkarakter van *Die derde spoel*, ongeneë daarmee is om sy identiteit as Afrikaanssprekende, wit Suid-Afrikaner openlik in Europa (eers in Engeland en later ook in Duitsland) uit te leef. As gevolg hiervan, wend hy allerlei daadwerklike pogings aan om sy nasionaliteit te verdoesel (hy steek sy groen Suid-Afrikaanse paspoort byvoorbeeld in sy onderbroek weg), sy aksent weg te steek en gemaklik by die kosmopolitiese gemeenskap in te pas waarin hy homself oorsee bevind.

Dit wil aanvanklik voorkom asof Etienne, anders as wat iemand soos Rosenau (2004:49) beweer, hom baie graag as burger van die wêreld definieer en doelbewus daarteen probeer waak om sy identiteit aan 'n spesifieke nasiestaat te verbind, ten spyte daarvan dat die meeste Europeër met wie hy in aanraking kom, juis probeer uitvind van watter land Etienne afkomstig is.

Soos reeds aangedui, vestig Etienne hom nie in Engeland nie, hoewel hy hom hier op maniere kan uitleef wat heeltemal ondenkbaar en ontoelaatbaar sou wees in die Suid-Afrika van sy kinder- en selfs jongmensjare. Sy swaarverworwe asielstatus stel hom in staat om te reis asof hy 'n Britse/Duitse burger is, sonder dat hy gedwing word om 'n nuwe nasionale identiteit aan te neem.

Hoewel Etienne die Suid-Afrika van die middeltagtigerjare van die vorige eeu ontvlug onder die dekmantel dat hy 'n dienspligontduiker is, sluit hy hom nie in die buiteland teen enige versetbeweging teen die Suid-Afrikaanse regering aan nie. Hy is gewis ook nie van voorneme om in die nabye of selfs verdere toekoms na Suid-Afrika terug te keer nie, selfs al sou daar ingrypende politieke en maatskaplike veranderinge daar plaasvind. Hy arriveer egter nie ook as tipiese migrant in 'n ander land met die doel om te assimileer en in alle opsigte in te pas nie. As queer migrant beleef hy eerder 'n tipe transnasionale identiteit as gevolg van sy "continued though transformed engagement" met die magsregime wat tot op daardie punt 'n bepalende en rigtinggewende rol in sy lewe

gespeel het. Van 'n reglynige, progressiewe beweging van "onderdrukking" na totale "bevryding" is daar dus in Etienne se geval beslis nie sprake nie.

Etienne erken self in die roman dat hy die sterkste gevoel van geborgenheid beleef met mense wat sy lewenstyl en belangstellings deel. Mense wat hom dus in hulle midde verwelkom, sonder om enige verwagtinge te koester en eise aan hom te stel. Daarom dat hy aanvanklik so gemaklik inpas by die kleurryke, alternatiewe gemeenskappie in Bonnington Square, "h holte binne die stad se vorteks" (32). Veelseggend genoeg is dit juis wanneer Etienne in die tweede deel van die roman saam met die Wes-Duitse driemanskap musiekmakers – Matthias, Frederick en Christof – in hul swartgeverfde kombi onderweg is, sonder duidelike bestemming, dat Etienne opmerk dat hy geborge en selfs tuis voel.

Etienne beleef voortdurend konflikterende gedagtes oor 'n identiteit begrens en uitgestippel deur nasionale grense en 'n identiteit waarvolgens hierdie grense of heeltemal oorstyg word, of minstens 'n kruisbestuivende, wedersydse verhouding óór grense moontlik maak. Of anders gestel, 'n transnasionale identiteit.

Ramazani (2009) veronderstel, redelik idealisties, dat die konstruksie van so 'n transnasionale identiteit 'n deurslaggewende rol kan speel in die daarstelling of totstandkoming van 'n tipe grensoorskrydende identiteit waarin nosies van integrasie, assimilasie en akkulturasie in die vestigingsamelewing met voortgesette bande en moontlike interaksies met die samelewing gekombineer word.

Teenoor Etienne se versugting na 'n identiteit wat nie deur nasionale grense gedikteer of bepaal word nie; 'n identiteit wat eerder óór grense strek as veilig daartussen bly, word Etienne telkens tydens sy verblyf in Europa – in sowel Engeland, Oos-Berlyn én in Wes-Duitsland – daarvan bewus gemaak dat so 'n onverbonde identiteit beslis nie in die laattagtigerjare van die vorige eeu altyd realisties of prakties haalbaar is nie. (Hy bevind hom immers in Thatcher se Engeland en 'n Duitsland wat deur die Berlynse Muur verdeel word.)

Voorts dien Etienne se reise tussen Engeland en Oos-Duitsland, sy besoeke vanuit Oos-Berlyn aan Wes-Berlyn, en selfs die besonder onwerklike herbesoek aan Suid-Afrika

saam met Axel as illustrasie van die praktiese uitdagings wat só h “nomadiese subjektiwiteit” (Braidotti, 1994) of “burgerskap van die tussenruimte” (Ramazani, 2009) aan h kosmopolitiese subjek stel.<sup>31</sup>

Nadat daar in die tweede hoofstuk teoreties besin is oor enkele relevante aspekte ten opsigte van persoonlike en kollektiewe identiteitskonstruksie en -belewenis; nagedink is oor die invloed wat geografiese verplasing (en selfs meerdere geografiese verplasinge) op h karakter soos Etienne se identiteitsformasie en -ervaring kan hê; en h kort uiteensetting gegee is van begrippe wat pertinent met die bestudeerde onderwerp verband hou – onder andere nasionale identiteit, migrasie, queer migrasie en transnasionisme – is daar in die kort derde hoofstuk op inleidende en oriënterende wyse na S.J. Naudé se prosa-oeuvre tot op hede gefokus en is die skakels wat aangetoon kan word tussen die reeds gepubliseerde prosawerke, veral ten opsigte van identiteitskonstruksie en -belewenis, kortliks bespreek.

In die vierde hoofstuk het die soeklig uitsluitlik op *Die derde spoel* geval, veral gerig deur die navorsingsvrae wat in die eerste hoofstuk geformuleer is ten einde rigting aan die argument en teksbespreking te gee. Sonder om dié navorsingsvrae weer eksplisiet aan die orde te stel, is dit miskien tog gerade om in die res van die betoog daarheen terug te keer.

Wat die eerste twee navorsingsvrae ten opsigte van Etienne se identiteitskonstruksie en -bemiddeling as kosmopolitiese subjek betref, kan in die eerste plek opgemerk word dat Etienne in Engeland h leefstyl volg wat bykans in elke opsig verskil van die leefwyse wat in Suid-Afrika vir hom as voorbeeld gestel sou word. Etienne merk self by geleentheid op dat Londen, die eerste oorsese stad wat hy besoek, ’n plek is waar hy ontwaak en homself (ook liggaamlik en seksueel) “herbedraad” (48). Hy verbreed sy horisonne sonder voorbehoud danksy die vryhede wat hom, selfs in Thatcher se Brittanje van die middeltagtigerjare, veroorloof is. Hy vind dit besonder bevrydend om h identiteit uit te leef wat nie in die eerste plek deur nasionale identiteitsmerkers soos ras, kultuur, godsdiens of taal gedikteer word nie. Hy voel eerder dat hy soos h gladde vis in die stroom van sy nuwe lewe kan inglip. Tog is dit vir hom in enkele gevalle tog moeilik om

---

<sup>31</sup> Hierby sou waarskynlik ook Breyten Breytenbach se konseptualisering van die sogenaamde “Middelwêreld” gevoeg kon word.

van alle voorbehoude en vooropgestelde idees (wat immers by hom as kind in Suid-Afrika vasgelê is), afstand te doen. Etienne vind dit naamlik baie moeilik om Frank, en later ook Axel, met ander minnaars te deel en op dié wyse deel van sogenaamde “grenslose verhoudings” te word.

Dit is byvoorbeeld baie ironies dat Etienne hom, in sy poging om sy Suid-Afrikaanse burgerskap soos h verslete kledingstuk van hom af te skud, by meer as een geleentheid in die roman as h Fin<sup>32</sup> voor doen. Vir hierdie “oneerlikheid”, h mens sou selfs sover kon gaan as om dit h vorm van “identiteitsroof” te noem, word Etienne egter gestraf wanneer sy kamer in Bonnington Square 52 beset word deur die Finne wat hom so ontstel het in die Nunnhead-begraafplaas. Wanneer hy Axel se woonplek woedend verlaat en moeg en ontnugterd by sy vorige woonplek aankom, ontvang hy h besonder onvriendelike “uitsettingsbevel” van hulle. Dat Axel van hulle “verhuising” kennis dra, onthuts Etienne des te meer. Hierna het hy geen ander keuse as om na Axel se woonplek in Bermondsey Street terug te keer en weer sy intrek (nou baie meer onwillig en skoorvoetend) daar te neem nie.

Dat Etienne hom soms doelbewus as iets of iemand anders probeer voor doen, blyk byvoorbeeld daaruit dat hy sy identiteit na gelang van die omstandighede en mense met wie hy in aanraking kom wissel (met ander woorde dat daar by hom sprake van h situasionele identiteit is). In heelwat gevalle ontstig hy sy gespreksgenote, aangesien hy duidelik nie kennis dra van die subtiele kodes wat daar soms geld nie. Hy kom reeds vroeg in die roman agter dat die vryhede wat daar in Bonnington Square geduld word ten opsigte van die uitleef van jou identiteit, nie alle opsigte of omstandighede geld nie. Van algehele inklusiwiteit en aanvaarding is daar in die Europa van die tagtiger- en vroeg negentigerjare nie werklik sprake nie. Daar word hier gewis nog h groot premie op die voorskrifte en bepalings van (soms skrikwekkend eng) nasionale identiteite geplaas. Etienne se versugting van h identiteit wat glad nie deur nasionale grense bepaal word nie, blyk dus inderdaad tot h groot mate h hersenskim te wees.

---

<sup>32</sup> Dit is belangrik om daarop te wys dat Etienne hierdie nasionale identiteit redelik sorgvry kan aanneem, aangesien dit hom nie belas met die pligte en verantwoordelikhede wat gewoonlik met 'n nasionale identiteit (burgerskap) gepaard gaan nie.

Die duidelikste persoonlikheidsveranderinge wat in *Die derde spoel* by Etienne bespeur kan word, hou eintlik relatief min verband met die spesifieke nasiestate waarin hy hom agtereenvolgens bevind, maar veel eerder met die lewenswyses wat daar – soms in weerwil van die geldende regulasies – moontlik is en die andersdenkende individue met wie hy in aanraking kom. Soos aangetoon, het Frank, Aodhan en Axel 'n beslissende invloed op die manier waarop Etienne uiteindelik na die wêreld en na homself kyk, maar dit het nie in die eerste plek iets daarmee te make dat Frank juis 'n Nieu-Seelander, Aodhan 'n Ier in Londen en Axel 'n gebore Duitser is nie. Dit hou eerder direk verband met dié individue se geaardheid en die onapologetiese wyse waarop hulle leef.

Dit sou egter naïef en redelik kortsigtig wees om hierdie drie mans (en later selfs ook die driemenskap: Matthias, Christof en Frederick) slegs as rolmodelle te beskou wat 'n positiewe en heilsame invloed op Etienne het. Etienne beleef sy eerste seksuele ervaring saam met Frank, en hoewel hy hom met ope arms in sy blyplek in die kloktoring ontvang, besef Etienne redelik vinnig dat Frank nie uitsluitlik aan hom behoort, of selfs net aan hom getrou bly nie. Wanneer Etienne in Bonnington Square moet aanhoor hoe Frank die klok ook vir sy vele ander minnaars laat lui, en Patrick nog boonop opmerk, “Kan hy nie ophou om sy conquests aan die wêreld uit te basuin nie [...] Hy maak 'n congregation bymekaar. Almal wat in sy redemptive powers glo. En sy boude kom aanbid.” (24-25), voel hy aanvanklik gekwes, maar besef op die duur dat “[wanneer die klokke lui {...}] [sy] hart nie meer so hewig” (25) skop nie. “Frank is soos 'n ouer wat 'n kind in sy slaap doodlê, soos iemand in 'n gewelddadige koma” (ibid.).

Aodhan se behepthheid met brutale argitektuur en stadskappe, asook sy illustrasies van verbeelde plantspesies, wat meer op monsteragtige masjiene as soölogiese spesimens trek, fassineer byvoorbeeld nie vir Etienne tot dieselfde mate nie, hoewel eersgenoemde tog sy artistieke horisonne verbreed en bekend stel aan films. Wat persoonlikheid betref is Aodhan so koud en onverbiddelik soos die beton wat hom so betower.

Dan is daar Axel, wat duidelik daarop uit is om Etienne doelbewus en soms inderdaad hardhandig uit sy gemaksonne te probeer ruk, hom te dwing om al sy vooropgestelde idees en beskouings grondig te herevalueer en hom oor te gee aan ervarings wat soms vir Etienne te ekstreem lyk. Daar is in hoofstuk 4 by meer as een geleentheid aangedui

dat Etienne maar al te bewus is van die ontwrigtende uitwerking wat Axel op hom het, maar dat hy aan die ander kant ook nie genoeg van hom kan kry nie.

Soos dit duidelik in die toepassingshoofstuk van die studie blyk, is dit nie altyd vir Etienne so maklik of voor-die-hand-liggend om sy rug heeltemal op Suid-Afrika te keer en sy verbintenis met sy land van oorsprong te verbreek nie. Op verskillende maniere – byvoorbeeld sy ma se “parallele briewe” wat reëlmatig by Bonnington Square 52 opdaag en die helder herinneringe aan sy kindertyd, dwing Suid-Afrika sigself as’t ware aan Etienne op in al drie dele van die roman. Ten spyte van Etienne se voorneme aan die begin van die roman om nooit weer sy voete in Suid-Afrika te sit nie, onderneem hy selfs ’n reis na Suid-Afrika wanneer hy verneem dat sy moeder sterwend is aan breinkanker en graag ’n laaste besoek aan Natal wil bring. Dit is interessant juis op Etienne se “tuisbodem” wat die skanse tussen hom en Axel oplaas begin wegval en daar ’n baie openhartige gesprek tussen hulle plaasvind.

In ’n sekere sin besef Etienne dat dit dikwels vir hom nodig is om hom op sy herinneringe aan Suid-Afrika, en meer spesifiek sy saai kindertyd en die problematiese verhouding met sy ontoeskietlike vader, te verlaat ten einde waardering te hê vir die nuwe, vryer lewe wat hom in Europa beskore is. Dit maak hom ook daarvan bewus dat hy sy oog gevestig moet hou op die tipe man en mens wat hy graag wil wees, asook die toegewings wat hy bereid is om te maak en nie te maak nie.

Uit die omvangryke “skattejag” wat Axel vir Etienne aanlê om die drie spoele van *Berliner Chronik* op te spoor, blyk dit uiteindelik dat daar veel meer ooreenkomste tussen die twee is as wat Etienne aanvanklik gereken het (albei glo aanvanklik dat hulle ’n bestaan moet maak waarin hulle doelbewus behoort te breek met die bande met hul verlede; beide word emosioneel (en selfs fisiek) deur hul vaders afgepers en altwee sit met gevoelens van verwyt en verdriet ten opsigte van hul moeders, wat tydens hul afwesigheid totaal aan die genade van hul vaders uitgelewer is).

Deurdadig Etienne by wyse van die leidrade wat hy van Axel ontvang, telkens met sy minnaar se familieleden kennis maak, leer Axel hom as’t ware dat dit inderdaad nie altyd nodig of selfs gerade is om alle verbintenisse – veral nie dié met geliefdes wat ’n onuitwisbare indruk op jou eie ontwikkeling gehad het – te verbreek nie. Etienne kom gevolglik tot die insig dat sy kinder- en jongmensjare in Suid-Afrika ’n belangrike, hoewel

nie allesbepalende, rol in sy lewe sal speel. Dit is juis vanweë hierdie toedrag van sake dat daar by Etienne sprake is van 'n sogenaamde transnasionale identiteit; met ander woorde 'n identiteit wat óór nasionale grense strek en nie in die eerste plek daardeur begrens word nie.

Wat die vierde en die vyfde navorsingsvrae betref, is dit belangrik om daarop te wys dat die verandering wat langamerhand by Etienne plaasvind, veral duidelik blyk wanneer hy saam met Axel na Suid-Afrika terugkeer om sy sterwende moeder op haar “nostalgiereis” na Natal te vergesel. Van die verbouereerde jong man, kwaad vir die wêreld maar skrikkerig vir gesag, is daar nou bykans geen sprake meer nie. Etienne kyk die jong polisieman (hy noem eintlik 'n “polisieseun”) met selfvertroue en as gelyke in die oë; onapologeties oor wie en wat hy is (en wat ander van hom dink). Dit tref hom ook terselfdertyd dat hy in 'n sekere opsig 'n vreemdeling in/vir Suid-Afrika geword het. Net soos wat Etienne in Engeland en Duitsland mense met sy aksent onkant gevang het, net so vreemd kom hy nou byvoorbeeld vir mans soos Vermeulen, sy ma se bemoeisieke buurman, voor.

Hierdie vreemdelingskap word verder versterk wanneer Etienne beseft dat die breinkanker sy moeder se sinne aantast en dat sy vanweë haar demensie beslis ook as't ware afstand van haar liggaam gemaak het. Ten einde kommunikasie tussen hulle te “vergemaklik”, stel Vermeulen hom op die lughawe as 'n tipe “tolk” of tussenganger, tussen moeder en seun aan, hoewel dit Etienne meer irriteer as wat dit hom help.

Die derde deel van *Die derde spoel* word gekenmerk deur meer as een afskeid en vertrek: Etienne en Alex se paaie wat finaal skei met dié van die Wes-Duitse driemanskap wat ná die sonsverduisteringskonsert noordoos gereis het in hul kombi “in die rigting van die Baltiese See” (290); die dood van Etienne se moeder; die afskeidname van Suid-Afrika die land van Etienne se geboorte; en uiteindelik dan ook Alex se afsterwe terwyl Etienne onverrigter sake in Buenos Aires na die derde spoel op soek is. Dit is dan ook in hierdie deel van die roman wat Etienne die waarde daarvan beseft om dinge te laat gaan. Hy kom tot die gerusstellende insig dat 'n mens nie net gedefinieer word deur dit waaraan jy jou heg nie, maar veral ook deur dit wat jy bereid is om te laat gaan. Waar dit vir Etienne aanvanklik besonder aantreklik en opwindend was om téén die stroom te swem – met ander woorde om op persoonlike vlak te rebelleer – tree daar in dié deel van die roman

h rustige behaaglikheid by hom in. Uiteraard was dit in sy geval baie belangrik dat hy sy horisonne kon verbreed en bestaande grense kon toets, maar h mens kan nie altyd h “angry young man” bly nie. Die wêreld het immers ingrypend verander; die Muur het geval; en daar het selfs h demokratiese verkiesing in Suid-Afrika plaasgevind: “Alles en almal vloei nou vryelik” (292).

Wat Etienne se reise na, en sy verblyf in, verskillende wêreldstede hom uiteindelik ook leer, is dat identiteit nie iets is wat ooit permanent of staties kan wees nie. Dit is eerder vloeibaar en altyd aan die verander. Soms is dit nie moeilik om grense oor te steek nie (verrassende geleenthede doen hulle naamlik aan die hand), ander kere verskyn daar skanse waar h mens dit die minste verwag. h Baie treffende voorbeeld hiervan is die swartgeverfde muur langs hul groentetuin wat Etienne en Axel een middag in Berlyn opmerk. “Hoe langer hulle kyk, hoe vreemder is die effek op Etienne. Mens sou dink h reuse-swart muur sou h afsluiting beteken, h sluier. Maar dit voel diep, soos h oseaan in die nag” (326). Selfs nie dié onverbiddelike swart muur, is uniform swart en ondeurdringbaar nie. Nadat Etienne in Buenos Aires van die conciêrge verneem dat Axel oorlede is, en hy alleen deur die Recoleta-begraafplaas loop, verskyn daar skielik by hom die beeld van h loergat in die swart muur wat hom met magnetiese krag daarheen aantrek. Wanneer hy sy oog – by wyse van spreke – teen die loergat plaas, raak hy bewus van h grootse ruimte agter die muur gevul met lig; “h land van suiwer lig” (341). Hy bevind hom nog aan hierdie kant van die swart muur, maar Axel staan “[a]lleen en fier” (ibid.) aan die ander kant. h Transnasionale (eintlik transglobale) verhouding by uitstek: Etienne diékant, maar deur die oog van sy verbeelding onlosmaaklik verbind aan Axel aan die ander kant waar “as Etienne by hom sou aansluit, tyd se sterkste winde hulle nooit weer uit mekaar se arms kon waai nie” (ibid.).

## VERWYSINGSLYS

Anderson, B. 1991. *Imagined communities: reflections on the origin and spread of nationalism*. Verso: London.

Ashmore, R.D., Deaux, K. & McLaughlin-Volpe, T. 2004. An organizing framework for collective identity: Articulation and significance of multidimensionality, *Psychological Bulletin*, 130: 80-114.

Axel, B.K. 2002. The diasporic imaginary. *Public Culture*, 14(2): 411-428.

Barker, C. 2000. *Cultural Studies. Theory and Practice*. London, Thousand Oaks; New Delhi: Sage Publications.

Barnard-Naudé, J. 2017. *Die derde spoel* deur SJ Naudé: 'n LitNet Akademies-resensie-essay. <https://www.litnet.co.za/die-derde-spoel-deur-sj-naude-n-litnet-akademies-resensie-essay/> Datum van toegang: 17 Desember 2021.

Basch, L, Glick Schiller, N. & Szanton-Blanc, C. 1993. *Nations Unbound: Transnational Projects, Postcolonial Predicaments, and Deterritorialized Nation-States*. Amsterdam: Gordon and Breach.

Bauman, Z. 2004. *Identity: Conversations with Benedetto Vecchi*. New York: Wiley Publishers.

Biehl, S. 2020. Die koronavirus se uitwerking op globalisering. <https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/die-koronavirus-se-uitwerking-op-globalisering/> Datum van toegang: 28 Mei 2020.

Binnie, J. 2004. *The Globalization of Sexuality*. London: Sage Publications.

Bischoff, A. 1992. Buitestander. In Cloete, T.T., (red.) *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr: 50.

Bornman, E. 2018. Die staat, diversiteit en die media: enkele opmerkings oor die situasie in Suid-Afrika – media in die era van digitale kommunikasie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(4): 683-700.

- Bradatan, C., Popan, A. & Melton, R. 2010. Trans-nationality as a fluid social identity. *Social Identities*, 16(2): 169-178.
- Braidotti, R. 1994. *Nomadic Subjects: Embodiment and Sexual Difference in Contemporary Fiction*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Brand, D. 2002. *A Map to the Door of No Return: Notes on Belonging*. Toronto: Vintage Canada.
- Braziel, J.E. & Mannur, A. (eds.). 2003. *Theorizing Diaspora: A Reader*. Maiden, MA: Blackwell Publishing.
- Brient, E. 2000. Hans Blumenberg and Hannah Arendt on the “Unworldly Worldliness” of the Modern Age. *Journal of the History of Ideas*, 61(3): 513–30.
- Brinkerhoff, J.M. 2009. *Digital Diasporas: Identity and Transnational Engagement*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Burger, W. 2017. Kies ‘n boek: S.J. Naudé: *Die derde spoel*. *Vrouekeur*. <https://www.vrouekeur.co.za/nuus-vermaak/kies-n-boek-sj-naude-die-derde-spoel>. Datum van toegang: 16 Desember 2022.
- Carillo, H. 2004. Sexual Migration: Cross-Cultural Sexual Encounters, and Sexual Health. *Sexuality Research and Social Policy*, 1(3): 58-70.
- Casanova, P. 2003. *The World Republic of Letters*. Cambridge, Massachusetts and London: Harvard University Press.
- Cesarani, D. & Fulbrook, M. 1996. *Citizenship, nationality and migration in Europe*. Abingdon: Taylor & Francis.
- Cochrane, N. 2017. Boeiende speurtog verken verlies. *Netwerk24*, 30 Julie. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/boeiende-speurtog-verken-verlies-20170729> Datum van toegang: 16 Desember 2021.
- Cohen, R. 2008. *Global Diasporas: An Introduction*. New York: Routledge.

- Creswell, J. 1997. *Qualitative inquiry and research design: Choosing among five traditions*. Thousand Oaks, CA: Sage Publications.
- Cruz-Malavé, A. & Manalansan IV, M.F. (eds.). Dissident sexualities / alternative globalizations. In: *Queer Globalizations: Citizenship and the Afterlife of Colonialism*. New York: New York University Press.
- Clarke, J., Coll K., Dagnino E. & Neveu, C. 2014. (eds.). *Disputing Citizenship*. Bristol: Bristol University Press.
- De Fina, A. 2011. *Identity in Narrative – A study of immigrant discourse*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.
- Esman, M. 2009. *Diasporas in the Contemporary World*. 1<sup>st</sup> Edition. Cambridge: Polity Press.
- Ewing, K.P. 2004. Migration, Identity, Negotiation and Self-Experience. In Friedman, J. & Randena, S. (eds.). *Worlds on the Move: Globalization, Migration and Cultural Security*. London: IB Tauris: 117-140.
- Ferreira, J. 2012. *Alfabet van die Voëls stel hoë eise*. <https://www.litnet.co.za/alfabet-van-die-vols-stel-ho-eise/> Datum van toegang: 17 Desember 2021.
- Fokkema, A.G. & Steenmeijer, M. (samest.). 2003. *Identiteit en Locatie in de Hedendaagse Literatuur*. Nijmegen: Uitgeverij Vantilt.
- Fortier, A-M. 2003. Making Home. In Ahmed, S.; Catanada, C.; Fortier, A-M. & Sneller, M. (eds.). *Uprooting / Regrounding: Questions of Home and Migration*. Oxford: Berg: 117-181.
- Foster, R. 2008. Migrante- of verplasingspoësie in Afrikaans en Nederlands, met spesifieke verwysing na gedigte van Mustafa Stitou en Sydda Essop. *Tydskrif vir Afrikaans en Nederlands*, 15(2): 57 e.v.
- Fowler, M. 2018. *Patagonië – 'n fuga*. Kaapstad: Umuzi.

- Friedman, J. 2004. Globalization, Transnationalization, and Migration: Ideologies and Realities of Global Transformation. In: Friedman, J. & Randena, S. (eds.). *Worlds on the Move: Globalization, Migration and Cultural Security*. New York: I.B. Tauris: 63-90.
- Giliomee, H. 2018. *Die Afrikaners – Verkorte en aangevulde uitgawe*. Kaapstad: Tafelberg.
- Glick Schiller, N., Basch, L. & Szanton-Blanc, C. 1992. Transnationalisme: A New Analytical Framework of Understanding Migration. *Annals of the New York Academy of Sciences*, 645: 1-24.
- Gopinath, G. 2005. *Impossible Desires: Queer Diasporas and South Asian Public Cultures*. Durham NC: Duke University Press.
- Gopinath, G. 2021. Interview with Gayatri Gopinath: Queer Diasporas and Archival Production. *Diffractions/Graduate Journal for the Study of Culture*, 4(2): 158-160.
- Gorman-Murray, A. 2007. Rethinking queer migration through the body. *Social & Cultural Geography*, 8(1): 105-121.
- Gorman-Murray, A. 2009. Intimate mobilities: emotional embodiment and queer migration. *Social & Cultural Geography*, 10(4): 441-460.
- Guibernau, M. 2013. *Belonging. Solidarity and Division in Modern Societies*. 1<sup>st</sup> Edition. Cambridge: Polity.
- Hall, S. & Du Gay, P. 1996. *Questions of Cultural Identity*. Denmark: Copenhagen Business School.
- Hall, S. 2001. Negotiating Caribbean Identities. In: Meeks, B. & Lindahl, F. (eds.). *Caribbean Thought: A Reader*. Kingston, Jamaica: University of the West Indies Press: 24-39.
- Hall, S. 2003. Cultural Identity and Diaspora. In Braziel, J.E. & Mannur, A. (eds.). *Theorizing Diaspora*. Maiden, MA: Blackwell Publishing: 233-246.

- Hall, S. 2006. *Cultural identity and diaspora. Essential Essays, Vol 1. Foundations of Cultural Studies*. Duke University Press: Durham.
- Hanemann Lystad, M. 1972. Social Alienation: A Review of Current Literature. *The Sociological Quarterly*, 13(1): 90-113.
- Human, T. 2022. Resensie-essay van *Dol heuning*. *LitNet Akademies*. <https://www.litnet.co.za/litnet-akademies-resensie-essay-dol-heuning-deur-sj-naude>. Datum van toegang: 4 Maart 2023.
- Jacobs, J.U. 2016. *Diaspora and Identity in South African Fiction*. Durban: University of KwaZulu-Natal Press.
- Johnsson, R. 2016. Revisiting Transnationalism. *Academia*. [https://www.academia.edu/31451973/Revisiting\\_Transnationalism](https://www.academia.edu/31451973/Revisiting_Transnationalism). Datum van toegang: 7 Desember 2022.
- Koen, D. 2017. Besondere roman met filmiese aanslag. *Netwerk24*, 12 Junie. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/besondere-roman-met-filmiese-aanslag-20170611> Datum van toegang: 16 Desember 2021.
- Kule, D., Papapanagos, H., Mancellari, A. & Qirici, S. 2006. The Causes and Consequences of Albanian Emigration During Transition: Evidence from Micro Data. *International Migration Review*, 36(1): 229-239.
- Kuti, S. 2017. Transnationalism and Multiculturalism: An Intellectual Cul-de-sac or Paths for Further Research? *Journal of Ethnic Studies*, 79: 33-51.
- Lafi, N. & Freitag, U. 2006. Cities Compared: Cosmopolitanism in the Mediterranean and Adjacent Regions. <https://halshs.archives-ouvertes.fr/file/index/docid/149327/filename/Freitag-Lafi-Cosmopolitanism.pdf> Datum van toegang: 21 Desember 2021.
- Larsen, S.E. 1997. Landscape, identity and literature. *Journal of Literary Studies*, (13)3/4: 284-302.

- Lategan, B. 2014. "Ek is oor . . .": Oor die problematiek van enkelvoudige en meervoudige identiteit. *LitNet Akademies*, 11(2): 262-282.
- Levitt, P. 2001. *The Transnational Villagers*. Berkeley: University of California Press.
- Levitt, P., DeWind, J. & Vertovec, S. (eds.). 2003. *International Migration Review*, 37(3): 565-575.
- Llionnet, F. & Shih, S. (eds.). 2005. *Minor Transnationalism*. Durham and London: Duke University Press.
- Ludick, H. 2018. *Die derde spoel* van S.J. Naudé as speurverhaal. Ongepubliseerde honneursskripsie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Luibheid, E. 2008. Queer/Migration: An Unruly Body of Scholarship. *GLQ: Journal of Lesbian & Gay Studies*, 14(2/3): 169-190.
- Manalansan IV, M.F. 2000. Diasporic Deviants/Divas: How Filipino Gay Transmigrants "Play With the World". In: Patton, C. & Sanchez-Eppler. (eds.). *Queer Diasporas*. Durham NC: Duke University Press.
- Manalansan IV, M.F. 2003. *Global Divas: Filipino Gay Men in Diaspora*. Durham NC: Duke University Press.
- Manalansan IV, M.F. 2006. Queer Intersections: Sexuality and Gender in Migration Studies. *IMR*, 40(1): 224-249.
- McCrone, D. & Beckhofer, F. 2015. *Understanding National Identity*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Morawska, E. 2003. Disciplinary Agendas and Analytic Strategies of Research on Immigrant Transnationalism: Challenges of Interdisciplinary Knowledge. *International Migration Review*, 37(3): 611-640.
- Naudé, S.J. 2014. *The Alphabet of Birds*. Cape Town: Umuzi.

- Naudé, S.J. 2016. LitNet Seminare en Essays: Leë wit ruimte en die politiek van nostalgie. <http://www.litnet.co.za/lee-wit-ruimtes-en-die-politiek-van-nostalgie/> Datum van Toegang: 8 Mei 2019.
- Naudé, S.J. 2017. Die derde spoel deur SJ Naudé: 'n Onderhoud <https://www.litnet.co.za/die-derde-spoel-deur-sj-naude-n-onderhoud/> Datum van toegang: 8 Mei 2019.
- Naudé, S.J. 2017. *Die derde spoel*. Kaapstad: Umuzi.
- Naudé, S.J. 2021. *Dol heuning*. Kaapstad: Umuzi.
- Nnaemaka, O. 2007. Re-Imagining the Diaspora: History, Responsibility, and Commitment in an Age of Globalization. *Dialectical Anthropology*, 31(1/3): 127-141.
- Ozkul, D. 2012. Transnational migration research. *Sociopedia.isa*. Australië: University of Sydney.
- Patton, M. P. 2002. Personal identity, autonomy and advance directives. *Southwest Philosophy Review*, 18(1): 65-72.
- Pegis, J. 2017. *What is Citizenship?* Ontario: Crabtree.
- Portes, A. 2001. Introduction: The Debates and Significance of Immigrant Transnationalism. *Global Networks*, 1(3): 181-193.
- Portes, A. 2003. Conclusion: Theoretical Convergencies and Empirical Evidence in the Study of Immigrant Transnationalism. *International Migration Review*, 37(3): 874-892.
- Portes, A., Guarnizo, L.E. & Landolt, P. 1999. The Study of Transnationalism: Pitfalls and Promise of an Emergent Research Field. *Ethnic and Racial Studies*, 22(2): 217-237.
- Popova, Z. 2013. Transnationalism. In: Malloy, T.H. (ed.). *Minority Issues in Europe: Rights, Concepts, Policy*. Berlin: Frank & Timme: 161-183.

- Pries, I. 2005. Configurations of geographic and societal spaces: A sociological proposal between “methodological nationalism” and the “spaces of flow”. *Global Networks*, 5: 167-190.
- Ramazani, J. 2009. *A Transnational Poetics*. Chicago: University of Chicago Press.
- Rosenau, J.N. 2004. Emergent Spaces, New Places, and Old Faces: Proliferating Identities in a Globalizing World. In: Friedman, J. & Randena, S. (eds.). *Worlds on the Move: Globalization, Migration and Cultural Security*. London: IB Tauris: 23-62.
- Retief, H. 2012. Skryf soos pyp wat bars. *Rapport*, 17 Junie: 13.
- Ritchey, P.N. 1976. Explanations of Migration. *Annual Review of Sociology*, 2: 363-404.
- Safran, W. 1991. Diasporas in Modern Societies: Myths of Homeland and Return. *Diaspora: A Journal of Transnational Studies*, 1 (1): 83-99.
- Scott, S. 2015. *Negotiating Identity*. 1<sup>st</sup> Edition. Malden: Polity.
- Scheffer, U. 2019. The Second Generation Is the Deciding Factor: Food for thought for a change of perspective on German immigration policy. *Federal Academy for Security Policy*, 3: 1-5.
- Serekoane, M. & Petersen, F. 2020. Die twee kante van die debat oor beelde. *Netwerk24*, 2 Julie. <https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/die-twee-kante-van-die-debat-oor-beelde-20200701> Datum van toegang: 6 Julie 2020.
- Smith, F. 2018. *Die derde spoel*. (Resensie). *Tydskrif vir Letterkunde*, 55(1): 202-204.
- Smith, M.P. 2005. Transnational urbanism revisited. *Journal of Ethnic and Migration Studies*, 31: 235-244.
- Spencer, R. 2011. *Cosmopolitan Criticism and Postcolonial Literature*. Basingstoke: Palgrave Macmillan.
- Stets, J.E., & Burke, P.J. 2000. Identity Theory and Social Identity Theory. *Social Psychology Quarterly*, 63(3): 224-337.

- Taylor, S. 2015. Identity Construction. In Tracy, K, (ed.). *International Encyclopedia of Language and Social Interaction*. ICA-Wiley International Encyclopedias of Communication. Hoboken New Jersey: John Wiley Sons, Inc.: 1-9.
- Terblanche, E. 2017. SJ Naudé (1970–). <https://www.litnet.co.za/sj-naud-1970/> Datum van toegang: 17 Desember 2021.
- Van der Waldt, G. 2018. Perspepsies van universiteitstudente rakende nasionale identiteit. *Woord en Daad*, 57(433): 8-11.
- Van Vuuren, H. 2017. *Die derde spoel* deur S.J. Naudé: 'n resensie. <https://www.litnet.co.za/die-derde-spoel-deur-sj-naude-n-boekresensie/> Datum van toegang: 17 Desember 2021.
- Vertovec, S. 1999. Conceiving and Researching Transnationalism. *Ethnic and Racial Studies*, 22(2): 447-462.
- Vertovec, S. 2003. Migration and other Modes of Transnationalism: Towards Conceptual Cross-Fertilization. *International Migration Review*, 37(3): 641-665.
- Vertovec, S. 2009. *Transnationalism*. London, New York: Routledge.
- Viljoen, L. 2009. *Ons ongehoorde soort: Beskouings oor die werk van Antjie Krog*. Stellenbosch: SunPress.
- Viljoen, H. 2013. *Crossing Borders, Dissolving Boundaries*. Amsterdam: Rodopi.
- Viljoen, L. 2014. Die rol van Nederland in die transnasionale beweging van enkele Afrikaanse skrywers. *Internationale Neerlandistiek*, 52(1): 3-26.
- Viljoen, L. 2014. Perspektiewe op die kosmopolitisme en transnasionale in S.J. Naudé se *Alfabet van die voëls*. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 21(1): 31-47.
- Viljoen, L. 2017. “'n Postkoloniale Umweltkas”: die vraag na 'n transnasionale poëtika in Afrikaans aan die hand van Marlene van Niekerk se *Kaar*. *LitNet Akademies*, 14(3): 133-165.

- Viljoen, L. 2018. Skryf is 'n soort dissolusie: onderhoud met S.J. Naudé. *Netwerk24*, 23 Sep. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/skryf-is-soms-eufories-meestal-pynlik-20180923> Datum van toegang: 7 Jan 2023.
- Visagie, A.G. 2004. Manlike subjektiwiteit in die Afrikaanse prosa vanaf 1980 tot 2000. Ongepubliseerde proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Waldinger, R. 2013. Immigrant Transnationalism. *Current Sociology*, 61(5/6): 756-777.
- Warf, B. 2012. Nationalism, Cosmopolitanism and Geographical imaginations. *Geographical Review*, 102(3): 271-292.
- Wat, E.C. 2002. *The Making of a Gay Asian Community: an oral history of pre-VIGS Los Angeles*. Lanham: Rowman & Littlefield.
- Watney, S. 1995. Aids and the Politics of Queer Diaspora. In Dorenkamp, M. & Henke, R. (eds.). *Negotiating Lesbian and Gay Subjects*. New York, London: Routledge: 53-70.
- Wesling, M. 2008. Why queer diaspora? *Feminist Review*, 90: 30-47.
- Zhou, M. & Liu, H. 2016. Home and engagement and host-society integration: A comparative study of new Chinese immigrants in the United States and Singapore. *International Journal of Comparative Sociology*, 57(1/2): 30-52.